OKW- 29
A

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS

# DIE WERWING VAN SEKONDÊRE SKOOLLEERLINGE VIR DIE ONDERWYSBEROEP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA

deur

A. J. VENTER

NAVORSINGSREEKS Nr. 29

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

PRETORIA

1968

THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

001.3072068 NBSR
RES 29

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS

# DIE WERWING VAN SEKONDÊRE SKOOLLEERLINGE VIR DIE ONDERWYSBEROEP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA

deur

A. J. VENTER

NAVORSINGSREEKS NR. 29

000042056 2

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

PRETORIA

1968

**Die inhoud van hierdie verslag mag vryelik aangehaal word mits die bron erken word**

001.3072068 NBSR RES 29

*042056*

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1983 -09- 1 2
STANDKODE
001.3072068 NBSR RES 29
REGISTERNOMMER
061274
BESTELNOMMER
G

INHOUD

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| VOORWOORD | | v |
| HOOFSTUK | | |
| 1. | INLEIDENDE OPMERKINGS | 1 |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK | 1 |
| 1.3 | DIE ONDERSOEKGROEP | 2 |
| 1.4 | BEGRIPSVERKLARING | 21 |
| 1.5 | ALGEMEEN | 22 |
| 2. | DIE WERWING VAN HOËRSKOOLLEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP | 23 |
| 2.1 | INLEIDING | 23 |
| 2.2 | WERWING VAN LEERLINGE AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP SOOS DEUR DIE ONDERWYSOWERHEDE BEHARTIG | 23 |
| 2.3 | WERWING VAN SEKONDÊRE SKOOLLEERLINGE AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP | 24 |
| 2.4 | HOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE EN DOSERENDE PERSONEEL VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS, WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL | 33 |
| 2.5 | REDES WAAROM PERSONEEL AAN SKOLE EN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS NIE DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL NIE | 37 |
| 3. | DIE WERWING VAN LEERLINGE AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP IN OORSESE LANDE | 40 |
| 3.1 | INLEIDING | 40 |
| 3.2 | WERWING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA | 40 |
| 3.3 | WERWING IN ENGELAND | 41 |
| 3.4 | WERWING IN SKOTLAND | 42 |
| 3.5 | WERWING IN KANADA | 43 |
| 3.6 | WERWING IN AUSTRALIË | 43 |
| 3.7 | WERWING IN NIEU-SEELAND | 44 |
| 3.8 | SAMEVATTING | 44 |
| 4. | FINANSIËLE HULP AAN ONDERWYSSTUDENTE | 46 |
| 4.1 | INLEIDING | 46 |
| 4.2 | DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS | 46 |
| 4.2.1 | Inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem | 46 |
| 4.2.2 | Rigtings waarvoor onderwysers opgelei word en die duur van die opleidingskursusse | 47 |
| 4.2.3 | Die opleiding van onderwysers soos onderneem deur die inrigtings in die onderskeie provinsies | 51 |
| 4.3 | DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS SOOS ONDERNEEM DEUR DIE ONDERSKEIE ONDERWYSDEPARTEMENTE TEN OPSIGTE VAN FINANSIËLE HULPGEWING AAN ONDERWYSSTUDENTE | 52 |
| 4.4 | SAMEVATTING | 59 |
| 5. | BESONDERHEDE VAN ONDERWYSSTUDENTE | 61 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 61 |
| 5.2 | EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE VOLGENS DIE AARD VAN DIE SKOOLSERTIFIKAAT ONTLEED | 61 |
| 5.2.1 | Eerstejaaronderwysstudente aan onderwyserskolleges volgens die aard van die skoolsertifikaat ontleed | 61 |
| 5.2.2 | Eerstejaaronderwysstudente aan tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges volgens die aard van die skoolsertifikaat ontleed | 65 |
| 5.2.3 | Eerstejaaronderwysstudente aan fakulteite van opvoedkunde aan universiteite volgens die aard van die skoolsertifikaat ontleed | 67 |
| 5.2.4 | Vergelyking van die eerstejaaronderwysstudente aan onderwyserskolleges, tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges en universiteite, ontleed volgens die aard van die skoolsertifikaat | 69 |
| 5.3 | VERGELYKING VAN DIE GETAL INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERSKOLLEGES, TEGNIESE EN STAATSGESUBSIDIEERDE KOLLEGES EN DIE FAKULTEITE VAN OPVOEDKUNDE AAN UNIVERSITEITE VIR DIE JARE 1962 - 1964 | 69 |
| 5.4 | GRADERING VAN EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE OM DIE „GEHALTE" VAN DIE STUDENTE AS TOEKOMSTIGE ONDERWYSERS TE BEPAAL | 71 |
| 5.5 | REDES WAAROM ONDERWYSSTUDENTE HULLE OPLEIDING STAAK | 76 |
| 5.5.1 | Totaalbeeld vir die redes waarom onderwysstudente hulle opleiding staak | 76 |
| 5.5.2 | Redes waarop voorgraadse onderwysstudente hulle opleiding staak | 79 |
| 5.5.3 | Redes waarom nagraadse onderwysstudente hulle opleiding staak | 81 |
| 5.6 | DIE STANDERD TIEN-VAKKE VAN EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE | 81 |
| 5.7 | SAMEVATTING | 83 |
| 6. | DIE GESINDHEID VAN ONDERWYS - EN DOSERENDE PERSONEEL TEENOOR DIE ONDERWYSBEROEP | 85 |
| 6.1 | INLEIDING | 85 |
| 6.2 | GELUK EN TEVREDENHEID IN DIE BEROEP | 85 |
| 6.3 | NEGATIEWE BEÏNVLOEDING VAN LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYSBEROEP | 90 |
| 6.4 | SAMEVATTING | 94 |
| 7. | EVALUASIE VAN DIE STATUS EN KWALIFIKASIE VAN ONDERWYSERS DEUR DIE ONDERWYS- EN DOSERENDE PERSONEEL | 97 |
| 7.1 | DIE STATUS VAN DIE ONDERWYSBEROEP | 97 |
| 7.2 | DIE ONDERWYSBEROEP AS PROFESSIE | 99 |
| 7.3 | DIE STATUS VAN BEROEPE ONDERLING | 100 |
| 7.4 | DIE AARD EN DUUR VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS AS STATUSBEPALEND | 103 |
| 7.5 | DIE EIENSKAPPE VAN DIE SUKSESVOLLE ONDERWYSER | 107 |
| 7.6 | SAMEVATTING | 109 |
| | LITERATUURLYS | 112 |

TABELINHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | INSTANSIES WAT REKLAME MAAK VIR DIE ONDERWYSBEROEP | 26 |
| 2.2 | PERSONE WAT WERWINGSLESINGS AAN SEKONDÊRE SKOLE WAARNEEM | 27 |
| 2.3 | STUDIE VAN BEROEPE AAN SEKONDÊRE SKOLE | 29 |
| 2.4 | SEKONDÊRE SKOOLHOOFDE: SAL DIE STUDIE VAN BEROEPE LEERLINGE BEÏNVLOED OM ONDERWYSBEROEP AS LOOPBAAN TE KIES ? | 29 |
| 2.5 | PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLHOOFDE AS GROEP: SAL DIE STUDIE VAN BEROEPE LEERLINGE BEÏNVLOED OM NIE DIE ONDERWYSBEROEP AS LOOPBAAN TE KIES NIE? | 30 |
| 2.6 | HULPMIDDELS WAT GEBRUIK WORD BY DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING AANGAANDE DIE ONDERWYSBEROEP AAN LEERLINGE | 31 |
| 2.7 | OPSPORING VAN POTENSIËLE KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP | 32 |
| 2.8 | STADIUM IN DIE SKOOLLOOPBAAN VIR DIE OPSPORING VAN POTENSIËLE KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP | 32 |
| 2.9 | SKOOLHOOFDE WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL | 34 |
| 2.10 | ASSISTENTE WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL | 36 |
| 2.11 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING· VAN ONDERWYSERS WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL | 38 |
| 5.1 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERS-KOLLEGES VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE (1964) | 62 |
| 5.2 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN DIE ONDERSKEIE ONDERWYSERSKOLLEGES VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE (1964) | 63 |
| 5.3 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN TEGNIESE EN STAATS-GESUBSIDIEERDE KOLLEGES - DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP (1964) | 66 |
| 5.4 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN UNIVERSITEITE (1964) | 68 |
| 5.5 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERSKOLLEGES VAN DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE VANAF 1962 - 1964 | 70 |
| 5.6 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN TEGNIESE EN STAATS-GESUBSIDIEERDE KOLLEGES VANAF 1962 - 1964 | 72 |
| 5.7 | INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN UNIVERSITEITE VANAF 1962 - 1964 | 73 |
| 5.8 | GRADERING VAN EERSTEJAARSTUDENTE VOLGENS RIGTING VAN OPLEIDING | 75 |
| 5.9 | REDES WAAROM ONDERWYSSTUDENTE HULLE OPLEIDING STAAK | 78 |
| 5.10 | VOORGRAADSE ONDERWYSSTUDENTE: REDES VIR DIE STAAK VAN OPLEIDING | 80 |
| 5.11 | NAGRAADSE ONDERWYSSTUDENTE: REDES VIR DIE STAAK VAN OPLEIDING | 82 |
| 5.12 | VAKKE DEUR EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE IN STANDERD TIEN GEVOLG | 84 |
| 6.1 | HOOFDE VAN SKOLE SE RESPONSIES INSAKE GELUK EN TEVREDENHEID IN HULLE BEROEP | 86 |
| 6.2 | ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE SE RESPONSIES INSAKE GELUK EN TEVREDENHEID IN HULLE BEROEP | 87 |
| 6.3 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN OPLEIDINGSINRIGTINGS VIR ONDER-WYSERS INSAKE GELUK EN TEVREDENHEID IN HULLE BEROEP | 88 |
| 6.4 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE, DOSENTE: SAL U ANDER AANRAAI OM ONDERWYS AS BEROEP TE KIES? | 92 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.5 | SKOOLHOOFDE: REDES WAAROM DIE ONDERWYSBEROEP NIE BY LEERLINGE AANBEVEEL SAL WORD NIE | 93 |
| 6.6 | ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE: REDES WAAROM DIE ONDERWYSBEROEP NIE BY LEERLINGE AANBEVEEL SAL WORD NIE | 94 |
| 6.7 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE: REDES WAAROM DIE ONDERWYSBEROEP NIE BY LEERLINGE AANBEVEEL SAL WORD NIE | 96 |
| | RANGSKIKKING VAN 'N AANTAL BEROEPE VOLGENS STATUS DEUR: | |
| 7.1 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE | 101 |
| 7.2 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS | 102 |
| | EVALUERING VAN OPLEIDINGSKURSUSSE VIR ONDERWYSERS VOLGENS BEKWAAMHEID EN BEROEPSTATUS, DEUR: | |
| 7.3 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE | 104 |
| 7.4 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS | 106 |
| | EIENSKAPPE WAT 'N ONDERWYSER MOET BESIT OM 'n SUKSESVOLLE ONDERWYSER TE WEES IN ORDE VAN BELANGRIKHEID AANGEDUI DEUR: | |
| 7.5 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE | 108 |
| 7.6 | HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS | 110 |

## VOORWOORD

1. Die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat op 2 Januarie 1963 met sy werksaamhede begin het, is in die lewe geroep deur die Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1962 (Wet No. 86 van 1962), wat op 25 Junie 1962 deur die Staatspresident onderteken is. Die hoofwerksaamhede van die Raad is omskryf in artikels sewe en agt van die Wet, maar wat van belang is, is dat die Raad homself ten doel moet stel „om in oorleg met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die provinsiale onderwysdepartemente, onderwysliggame en organisasies en persone wat by die onderwys belang het, die breë grondbeginsels van gesonde onderwys vir die land as geheel te bepaal" (artikel sewe (2) van die Wet).

2. Om uitvoering aan sy opdrag te gee, het die Raad op sy eerste vergadering op 29 - 30 Maart 1963 besluit om kragtens artikel vyf (1) van Wet No. 86 van 1962 by die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan te beveel dat 'n ad hoc-komitee met vier onderkomitees oor die onderwerp „DIE ONDERWYSER" aangestel word. Die volgende temas is aan die vier onderkomitees opgedra:

(a) DIE WERWING EN KEURING VAN EN VERLIESE AAN ONDERWYSERS,

(b) OPLEIDING VAN EN SERTIFIKAATUITREIKING AAN ONDERWYSERS,

(c) DIENSVOORWAARDES VAN ONDERWYSERS, en

(d) STATUS EN AANSIEN VAN ONDERWYSERS.

Die Minister het die aanbeveling aanvaar en die onderkomitees het gedurende 1963 met hulle werksaamhede begin (vir samestelling van ad hoc-komitee en onderkomitees: kyk bl. vii). Met hierdie temas insake die onderwyser het die Raad hom ten doel gestel om 'n landsbeeld van die onderwyser met betrekking tot die genoemde aspekte te kry.

3. Op versoek van die Raad is die navorsing van die Onderkomitee: Die werwing, en keuring van en verliese aan onderwysers en die Onderkomitee: Diensvoorwaardes van onderwysers deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, in samewerking met die Raad, onderneem.

4. Aangesien inligting in verband met werwing, keuring en diensvoorwaardes van onderwysers ingewin moes word van skoolhoofde, onderhoofde en assistente, rektore/dekane en dosente van inrigtings wat onderwysers oplei, inspekteurs van onderwys en van die vier provinsiale onderwysdepartemente, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika, is vraelyste opgestel om die aspekte te dek waaroor die verskillende persone en instansies inligting moes verstrek.

Daar is elf vraelyste opgestel om die verlangde inligting vir die twee Onderkomitees van die Raad in te win. Wat die verliese aan onderwysers betref, is twee vraelyste (NB. 482 en 483) aan alle skole in die land gestuur vir invulling deur permanent aangestelde onderwysers (NB. 482) en deur hoofde insake die onderwysers (NB. 483) wat gedurende die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964 uit die diens bedank het of wat na 'n ander onderwysdepartement of privaat- of gesubsidieerde skole gegaan het. Vraelys (NB. 484) is aan die onderwysdepartemente en die beherende liggame van privaat- en gesubsidieerde skole gestuur om oor die genoemde tydperk besonderhede te verstrek aangaande alle onderwysers wat uit diens getree het. Gedurende die vierde skoolkwartaal van 1963 is 'n vraelys aan 'n steekproef van st. 10-leerlinge gestuur om hulle gesindheid teenoor die onderwys as beroep te bepaal. Die vraelyste insake die werwing, keuring en diensvoorwaardes van onderwysers is gedurende Februarie 1964 aan die betrokke persone en instansies gestuur (Kyk bl. viii vir samevatting van vraelyste).

5. Die navorsing vir die twee Onderkomitees van die Raad is deur 'n navorsingspan van die Buro onderneem bestaande uit mnr. J.H.C. Oosthuizen, mnr. A.J. Venter, mnr. P.G. van Z. Spies en mev. S.M.E. Boshoff onder leierskap van mnr. J.B. Haasbroek. Die verslae en die navorsers daarvoor verantwoordelik is soos volg:

Die belangstelling van st. 10-leerlinge in die onderwys as beroep in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika: Mnr. J.B. Haasbroek.

Die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika: Mnr. A.J. Venter.

Die keuring van voornemende onderwysstudente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika: Mnr. P.G. van Z. Spies.

Die verlies aan onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika: mev. S.M.E. Boshoff.

Diensvoorwaardes en diensomstandighede van onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika: mnr. J.H.C. Oosthuizen.

6. Hierdie verslag getitel „Die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika" bestaan eerstens uit 'n vergelykende studie van die werwing van leerlinge as kandidate vir opleiding as onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika volgens die beleide van die provinsiale onderwysdepartemente van Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika met verwysing na die werwing van onderwysstudente in die buiteland. In die tweede plek word 'n vergelyking getref tussen die mate van finansiële hulp wat aan voornemende onderwysstudente verleen word asook besonderhede insake onderwysstudente aan opleidingsinrigtings (laasgenoemde aspek met uitsondering van Suidwes-Afrika wat nie oor 'n eie opleidingsinrigting beskik nie). Daar word vervolgens 'n vergelykende studie gemaak van die gesindheid teenoor die onderwysberoep en die evaluasie van die kwalifikasies van onderwysers deur hoofde, onderhoofde en assistente aan skole van ses onderwysdepartemente asook nie-departementele skole (privaat- en provinsiaal-gesubsidieerde skole) sowel as deur hoofde, onderhoofde en dosente aan opleidingsinrigtings vir onderwysers, onder beheer van die vier provinsiale onderwysdepartemente en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

7. Ek wil graag 'n woord van dank rig aan die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad en die reeds genoemde Onderkomitees vir hulle aandeel in hierdie ondersoek.

8. Aan die hoofde van die ses onderwysdepartemente 'n woord van dank vir hulle toestemming om die opname in hulle skole en onderwyserskolleges te maak. Aan die hoofde en onderwysers van die skole van die ses onderwysdepartemente en van die privaat- en gesubsidieerde skole, asook aan die dosente van die inrigtings wat onderwysers oplei, die inspekteurs van onderwys en ander persone wat op die een of ander wyse hulp in verband met die opname verleen het, hartlik dank vir die samewerking waarsonder hierdie opname nie uitgevoer kon word nie.

9. Die hoop word uitgespreek dat hierdie verslag 'n bron van inligting sal wees op grond waarvan die Nasionale Adviserende Onderwysraad 'n nuwe bedeling vir die onderwyser met betrekking tot die werwing van onderwysstudente sal skep. Vir die onderwyser wat in sy professie belangstel, sal hierdie verslag 'n waardevolle inligtingstuk wees.

P.M. ROBBERTSE
DIREKTEUR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

Augustus 1965.

## SAMESTELLING VAN DIE AD HOC-KOMITEE: DIE ONDERWYSER

AD HOC-KOMITEE: „DIE ONDERWYSER"

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Prof. dr. P.S. du Toit (ex officio lid van die vier onderkomitees). |
| Lede | : | Voorsitters van die vier onderkomitees: Mnr. A.G.S. Meiring, prof. R.E. Lighton, mnr. S. Theron, mnr. A.J. Koen (wat na bedanking deur prof. J.J. Mulder opgevolg is). |
| Skakellede: | : | Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: prof. dr. G.J. Jordaan, prof. dr. H.J.J. Bingle, mej. E.C. Steÿn, mnr. S.G. Osler. |

Onderkomitee: Werwing en keuring van en verliese aan onderwysers

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Mnr. A.G.S. Meiring |
| Lede | : | Prof. J.J. Mulder, dr. P.M. Robbertse, prof. R. McMillan, mnr. L.C. Bruwer, dr. A.L. Kotzee (Prof. J.J. Mulder word voorsitter van Onderkomitee: Status en aansien van Onderwysers, en word in hierdie Onderkomitee deur dr. A.L. Kotzee opgevolg). |

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Mej. E.C. Steÿn.

Onderkomitee: Opleiding van en sertifikaatuitreiking aan onderwysers

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Prof. R.E. Lighton |
| Lede | : | Mnr. A.W. Muller wat na bedanking deur mnr. J.T. Slater vervang word, prof. dr. S.J. Preller, mnr. C.P. van der Merwe, dr. W.K.H. du Plessis, mnr. J.V. Smit, dr. E.L.G. Schnell. |

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Prof. dr. G.J. Jordaan.

Onderkomitee: Diensvoorwaardes van onderwysers

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Mnr. S. Theron |
| Lede | : | Mnr. H.C. Botha, dr. G.J. Potgieter, mej. L.M. Spies, mnr. J.H. Stander, dr. J.E. Davies, adv. N.C. Gracie. |

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Prof. dr. H.J.J. Bingle.

Onderkomitee: Status en aansien van onderwysers

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Mnr. A.J. Koen wat na bedanking deur prof. J.J. Mulder opgevolg word. |
| Lede | : | Mnr. H. Lundie, prof. dr. J.J. Fourie, mnr. J.D. Möhr, mnr. D.F. Abernethy, mnr. L.L. Wahl. |

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Mnr. S.G. Osler
Addisionele lid: Adv. N.C. Gracie.

VRAELYSTE WAT UITGESTUUR IS

1. VRAELYS NB. 482: Vraelys aan permanent aangestelde onderwysers, onderhoofde en hoofde wat nog in diens is, maar wat gedurende die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964 bedank het om 'n betrekking by 'n ander onderwysdepartement of 'n privaatskool of enige ander instansie te aanvaar om die omvang en oorsake van bedankings uit die onderwys te bepaal.

2. VRAELYS NB. 483: Vraelys aan hoofde van skole vir invulling ten opsigte van die onderwysers op wie vraelys NB. 482 van toepassing is.

3. VRAELYS NB. 484: Vraelys aan onderwysdepartemente en die beheerliggame van privaat- en gesubsidieerde skole om die omvang van uitdienstreding van onderwysers oor die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964 te bepaal.

4. VRAELYS NB. 485: Vraelys aan die ses onderwysdepartemente om inligting insake werwing en keuring van en diensvoorwaardes vir onderwysers in te win.

5. VRAELYS NB. 486: Vraelys aan hoofde van onderwyserskolleges, afdelings vir die opleiding van onderwysers aan tegniese kolleges en die dekane van die Fakulteite van Opvoedkunde van universiteite om inligting insake werwing en keuring van en die verlies aan aspirant-onderwysers gedurende opleiding in te win.

6. VRAELYS NB. 487: Vraelys aan hoofde van skole om inligting aangaande die werwing van en die diensvoorwaardes vir onderwysers in te win.

7. VRAELYS NB. 488: Vraelys aan onderhoofde en assistente om inligting aangaande die werwing van en die diensvoorwaardes vir onderwysers in te win.

8. VRAELYS NB. 489: Vraelys aan onderhoofde en dosente van onderwyserskolleges, afdelings vir die opleiding van onderwysers van tegniese kolleges en die Fakulteite van Opvoedkunde van universiteite insake die werwing van en diensvoorwaardes vir onderwysers.

9. VRAELYS NB. 490: Vraelys aan voorsitters van komitees en persone wat uit hoofde van hulle amp kandidate vir opleiding as onderwysers keur (hoërskoolhoofde, inspekteurs van onderwys en persone verbonde aan instansies wat onderwysers oplei).

10. VRAELYS NB. 491: Vraelys aan st. 10-leerlinge om hulle gesindheid teenoor en belangstelling in die onderwys as beroep te bepaal.

11. VRAELYS NB. 492: Vraelys aan werkgewers in die privaatsektor en aan staatsdepartemente om besonderhede aangaande werwingsmetodes in te win.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE OPMERKINGS

### 1.1 INLEIDING

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad het op sy eerste vergadering op 29 Maart 1963 besluit om by die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan te beveel dat 'n ad hoc-komitee met vier onderkomitees oor die onderwerp DIE ONDERWYSER in die lewe geroep moet word. Die gedagte was dat alle faktore wat die onderwyser se geluk en tevredenheid in die beroep mag beïnvloed, asook faktore wat mag bydra tot of afdoen aan die aantreklikheid en vashoukrag van die beroep, ondersoek sou word. Daarom sou sake soos werwingsprosedure, keuring, mate van geluk en tevredenheid in die beroep, status, die onderwyser se gesindheid teenoor die onderwys, asook sy siening oor diensvoorwaardes en diensomstandighede, aan 'n noukeurige ondersoek onderwerp moes word. Nadat die Minister die aanbeveling goedgekeur het, het die vier onderkomitees met die werksaamhede op hulle onderskeie terreine begin.

Op versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die navorsing van twee onderkomitees onderneem, naamlik die „Onderkomitee: Werwing en keuring van en verliese aan onderwysers" en die „Onderkomitee: Diensvoorwaardes van Onderwysers". Alhoewel die vraelyste teen die vierde skoolkwartaal van 1963 gereed was vir uitsending, is die vraelyste eers gedurende Februarie 1964 (eerste skoolkwartaal) uitgestuur, omdat die onderwysdepartemente as gevolg van die druk werkprogram aan skole gedurende die vierde skoolkwartaal, nie kans gesien het dat die vraelyste gedurende die vierde skoolkwartaal van 1963 aan skole gestuur word nie.

Hierdie verslag is eerstens toegespits op die werwing van onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika teenoor die werwing van onderwysers in die buiteland. In die tweede plek word die aandag gevestig op finansiële hulp wat aan voornemende onderwysstudente verleen word en besonderhede van onderwysstudente aan opleidingsinrigtings. Derdens word die gesindheid van onderwys- en doserende personeel teenoor die onderwysberoep en 'n evaluasie van die kwalifikasies van onderwysers deur dieselfde twee groepe bepaal. Hierdie verslag is bedoel vir die ONDERKOMITEE: WERWING EN KEURING VAN EN VERLIESE AAN ONDERWYSERS en bestaan uit die volgende hoofstukke:

Hoofstuk

1. Inleidende opmerkings.
2. Die werwing van hoërskoolleerlinge in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika as kandidate vir die onderwysberoep.
3. Die werwing van leerlinge in die buiteland as kandidate vir die onderwysberoep.
4. Finansiële hulp aan onderwysstudente.
5. Besonderhede van onderwysstudente.
6. Die gesindheid van onderwys- en doserende personeel teenoor die onderwysberoep.
7. Evaluasie van die kwalifikasies van onderwysers deur die onderwys- en doserende personeel.

### 1.2 DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

#### 1.2.1 Doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek is om te bepaal in watter mate daar 'n verband bestaan tussen die werwingsopdragte van die verskillende onderwysowerhede en die werwingsprosedure soos dit hoofsaaklik toegepas word aan die sekondêre skole onder beheer van die verskillende owerhede en watter verband dit hou met werwing in die buiteland. In dié verband word daar ook bepaal in watter mate die verskillende onderwysowerhede finansiële hulp verleen aan voorne-

mende onderwysstudente by wyse van lenings, beurse en andere toelaes, asook besonderhede ontleed aangaande die inskrywing vir en staak van opleiding aan opleidingsinrigtings. In die laaste plek is die doel van die ondersoek om te bepaal wat die gesindheid van onderwys- en doserende personeel teenoor die onderwysberoep is en watter evaluasie daar toegeken word aan die kwalifikasies van onderwyspersoneel.

Vir die doel van hierdie verslag is gedeeltes uit die vraelyste aan onderwysdepartemente, hoofde, vise-hoofde en assistente aan skole, en hoofde, vise-hoofde en dosente aan opleidingsinrigtings geneem, wat die volgende aspekte belig:

(a) Die werwing van onderwysstudente. Vraelys NB. 485 aan onderwysdepartemente: afdelings 2 en 3.

Vraelys NB. 487 aan hoofde van skole: afdeling 3.

(b) Finansiële hulp aan onderwysstudente. Vraelys NB. 485 aan onderwysdepartemente: afdeling 4.

(c) Besonderhede insake onderwysstudente aan opleidingsinrigtings.
Vraelys NB. 486 aan hoofde van opleidingsinrigtings: afdelings 1, 2, 3.

(d) Die gesindheid van onderwys- en doserende personeel teenoor die onderwys as beroep en die evaluasie van kwalifikasies van onderwysers. Vraelys NB. 486 aan hoofde van opleidingsinrigtings: afdeling 4.
Vraelys NB. 487 aan hoofde van skole: afdeling 4.
Vraelys NB. 488 aan vise-hoofde en assistente aan skole: afdeling 3.
Vraelys NB. 489 aan vise-hoofde en dosente van opleidingsinrigtings: afdeling 3.

### 1.2.2 Metode

Die vraelysmetode is gebruik om die inligting in te win. Na deeglike literatuurstudie en oorlegpleging met die lede van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat as skakellede van die „Onderkomitee: Diensvoorwaardes van onderwysers" en die „Onderkomitee: Die werwing en keuring van en verliese aan onderwysers" opgetree het, is elf vraelyste opgestel om die inligting in te win wat nodig was om hierdie twee Onderkomitees se navorsing te kon onderneem.

Met betrekking tot die werwing van hoërskoolleerlinge vir die onderwysberoep is vraelyste aan hoofde, onderhoofde en assistente van skole asook aan dosente gestuur om hulle siening oor die werwing van hoërskoolleerlinge vir die onderwysberoep in te win. Die vraelyste is gedurende Februarie 1964 uitgestuur en tot aan die einde van Junie 1964 terugontvang.

## 1.3 DIE ONDERSOEKGROEP

Om 'n oorsigtelike beeld van die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep te kry, moes vraelyste aan hoofde sowel as onderhoofde en assistente van skole, asook aan die dosente van inrigtings wat onderwysers oplei, gestuur word. In die geval van die hoofde asook onderhoofde en assistente van skole is die vraelyste aan 'n steekproef van hoofde en assistente gestuur, terwyl aan al die dosente van die inrigtings wat onderwysers oplei, vraelyste gestuur is.

### 1.3.1 Steekproef van skoolhoofde

(a) Die universum van skole

Wat die vier provinsiale onderwysdepartemente Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal asook die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en die nie-departementele skole (privaat- en provinsiaal ondersteunde skole) betref, word daar onderskei tussen: hoërskole (insluitende landbouhoërskole) met klasse vanaf st. 6 tot 10; gekombineerde hoër- en laerskole (insluitende junior hoërskole, sekondêre en klas II-skole) met 'n kombinasie van klasse vanaf graad I/Substanderd A- met ten minste 'n

st. 7-klas in die hoër afdeling; laerskole met graad I/Substanderd A tot st. 5/6; junior skole gr. I/Substanderd A tot st. 1/2/3; en skole vir kinders met afwykings (liggaamlike, geestelike en gedrags-).

In die geval van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap word departementele beroepskole (Hoër Tegniese, Huishoud- en Handelskole) en skole vir leerlinge met afwykings (skole vir onder andere Blindes, Dowes) verbetering- en nywerheidskole en tegniese kolleges onderskei. Verder is daar ook staatsgesubsidieerde tegniese kolleges.

(b) Die grootte van die steekproef van skoolhoofde

Daar is besluit om 1000 van die 2917 skoolhoofde in die opname te betrek. Proporsioneel is bereken hoeveel skole van die onderskeie departemente asook nie-departementele skole in die steekproef ingesluit moes word om verteenwoordigend van die skole vir elke onderwysdepartement en die nie-departementele skole te wees. Persentasiegewys het die steekproef 34.2 persent of nagenoeg een derde van die skoolhoofde ingesluit. Alhoewel aanmaningsbriewe uitgestuur is, het daar 814 van die skoolhoofde in die steekproef vraelyste teruggestuur, dit wil sê 27.9 persent van die hoofde het vraelyste teruggestuur. Gevolglik is dit nodig om vas te stel of die 27.9 persent skoolhoofde verteenwoordigend van die universum is.

(c) Betroubaarheid van die steekproef

Om vas te stel of die hoofde wat vraelyste teruggestuur het verteenwoordigend van die universum is, is die universum van skole van die vier provinsiale onderwysdepartemente eerstens volgens stad en platteland, die grootte van die skool en hoër- en laerskole ingedeel en is volgens hierdie indelings die verspreiding van die skole persentasiegewys aangedui. Tweedens is die universum van skole volgens medium van onderrig, grootte van die skool en hoër- en laerskole ingedeel en is volgens hierdie indelings die verspreiding van die skole persentasiegewys aangedui. Die skole in die steekproef is op dieselfde wyse as die universum ingedeel.

In die geval van die skole van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika is die universum asook die steekproef volgens hoër- en laerskole en die grootte van die skool ingedeel en is die verspreiding persentasiegewys aangedui. Die skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is volgens die soort skool en stad en platteland verdeel en is die verspreiding van die universum en die steekproef persentasiegewys aangedui. Daar moet vermeld word dat al die skoolhoofde van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat in die steekproef betrek is, hulle vraelyste ingevul teruggestuur het. Aangesien die gegewens soos vir die provinsiale skole nie vir die nie-departementele skole beskikbaar was nie, is die universum en steekproef van skole volgens provinsie en hoër- en laerskole ingedeel en is die verspreiding van die skole persentasiegewys aangedui.

(i) Verdeling van die universum en die steekproef

Die universum en die steekproef is volgens beheer in die volgende groepe verdeel:

(a) Onderwysdepartemente van Kaapland,
Natal,
Oranje-Vrystaat,
Transvaal, en
Suidwes-Afrika.

Die skole van hierdie vyf onderwysdepartemente is verder soos volg verdeel:

1. Soort skool: hoër- en laerskole
2. Medium van onderrig: Afrikaans-, Engels- en Parallel- en Dubbelmedium (nie Suidwes-Afrika nie)
3. Lokaliteit: stad en platteland (nie Suidwes-Afrika nie)

4. Grootte van skool: die skole is volgens die leerlingtal in vier groepe ingedeel.

(b) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap

Die skole van hierdie Departement is verder soos volg verdeel:

1. Soort skool: Hoër Tegniese, Hoër Handel-, Hoër Huishoud- en Hoër Handel- en Tegniese skole, Tegniese kolleges, Nywerheid- en Verbeteringskole en Spesiale skole (skole vir afwykendes).

2. Lokaliteit: Stad en platteland.

(c) Nie-departementele skole (privaat- en provinsiaal gesubsidieerde skole) wat verder soos volg ingedeel is:

1. Soort skool: hoër- en laerskole.

2. Provinsie: Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika.

(ii) Die verspreiding van die universum en die steekproef

Die verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens die genoemde indelings is vir die onderwysowerhede soos volg:

(a) Kaapland

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens stad en platteland, grootte van skool en hoër- en laerskole

| Stad, platteland en grootte van skole | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Stadskole | | | | | | | | |
| 600+ | 35 | 57.4 | 10 | 52.6 | 45 | 26.9 | 16 | 26.2 |
| 400 - 599 | 19 | 31.1 | 6 | 31.6 | 51 | 30.5 | 19 | 31.1 |
| 300 - 399 | 2 | 3.3 | 1 | 5.3 | 40 | 23.9 | 15 | 24.6 |
| 300 - | 5 | 8.2 | 2 | 10.5 | 31 | 18.6 | 11 | 18.0 |
| Subtotaal | 61 | 100.0 | 19 | 100.0 | 167 | 100.0 | 61 | 100.0 |
| Plattelandse skole | | | | | | | | |
| 600+ | 48 | 23.5 | 12 | 22.6 | 20 | 3.2 | 6 | 3.3 |
| 400 - 599 | 103 | 50.5 | 27 | 50.9 | 38 | 5.9 | 10 | 5.6 |
| 300 - 399 | 51 | 25.0 | 13 | 24.5 | 65 | 10.1 | 19 | 10.6 |
| 300 - | 2 | 1.0 | 1 | 1.9 | 518 | 80.8 | 144 | 80.4 |
| Subtotaal | 204 | 100.0 | 53 | 100.0 | 641 | 100.0 | 179 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 600+ | 83 | 31.3 | 22 | 30.5 | 65 | 8.0 | 22 | 9.2 |
| 400 - 599 | 122 | 46.0 | 33 | 45.8 | 89 | 11.0 | 29 | 12.1 |
| 300 - 399 | 53 | 20.0 | 14 | 19.4 | 105 | 13.0 | 34 | 14.2 |
| 300 - | 7 | 2.6 | 3 | 4.2 | 549 | 67.9 | 155 | 64.6 |
| Totaal | 265 | 100.0 | 72 | 100.0 | 808 | 100.0 | 240 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens medium van onderrig, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Medium van onderrig en grootte van skole | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Am. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 19 | 18.8 | 5 | 17.8 | 15 | 3.4 | 5 | 4.0 |
| 400 - 599 | 53 | 52.5 | 16 | 57.1 | 17 | 3.8 | 5 | 4.0 |
| 300 - 399 | 29 | 28.7 | 7 | 25.0 | 33 | 7.4 | 11 | 8.7 |
| 300 - | - | - | - | - | 380 | 85.4 | 105 | 83.3 |
| Subtotaal | 101 | 100.0 | 28 | 100.0 | 445 | 100.0 | 126 | 100.0 |
| Em. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 24 | 58.5 | 8 | 57.1 | 16 | 16.7 | 5 | 17.2 |
| 400 - 599 | 16 | 39.0 | 5 | 35.7 | 22 | 22.9 | 7 | 24.1 |
| 300 - 399 | 1 | 2.4 | 1 | 7.1 | 23 | 23.9 | 7 | 24.1 |
| 300 - | - | - | - | - | 35 | 36.4 | 10 | 34.5 |
| Subtotaal | 41 | 100.0 | 14 | 100.0 | 96 | 100.0 | 29 | 100.0 |
| P. - en D. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 40 | 32.5 | 9 | 30.0 | 34 | 12.7 | 12 | 14.1 |
| 400 - 599 | 53 | 43.1 | 12 | 40.0 | 50 | 18.7 | 17 | 20.0 |
| 300 - 399 | 23 | 18.7 | 6 | 20.0 | 49 | 18.3 | 16 | 18.8 |
| 300 - | 7 | 5.7 | 3 | 10.0 | 134 | 50.2 | 40 | 47.0 |
| Subtotaal | 123 | 100.0 | 30 | 100.0 | 267 | 100.0 | 85 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 600+ | 83 | 31.3 | 22 | 30.5 | 65 | 8.0 | 22 | 9.2 |
| 400 - 599 | 122 | 46.0 | 33 | 45.8 | 89 | 11.0 | 29 | 12.1 |
| 300 - 399 | 53 | 20.0 | 14 | 19.4 | 105 | 13.0 | 34 | 14.2 |
| 300 - | 7 | 2.6 | 3 | 4.2 | 549 | 67.9 | 155 | 64.6 |
| Totaal | 265 | 100.0 | 72 | 100.0 | 808 | 100.0 | 240 | 100.0 |

(b) Natal

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens stad en platteland, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Stad en platteland verdeling en grootte van skool | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Stad | | | | | | | | |
| 751+ | 5 | 17.8 | 1 | 12.5 | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 13 | 46.4 | 4 | 50.0 | 21 | 27.6 | 7 | 28.0 |
| 300 - 500 | 7 | 25.0 | 2 | 25.0 | 31 | 40.8 | 10 | 40.0 |
| 300 - | 3 | 10.7 | 1 | 12.5 | 24 | 31.6 | 8 | 32.0 |
| Subtotaal | 28 | 100.0 | 8 | 100.0 | 76 | 100.0 | 25 | 100.0 |
| Platteland | | | | | | | | |
| 751+ | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 4 | 28.6 | 1 | 25.0 | 4 | 4.3 | 1 | 4.0 |
| 300 - 500 | 6 | 42.8 | 2 | 50.0 | 8 | 8.5 | 2 | 8.0 |
| 300 - | 4 | 28.6 | 1 | 25.0 | 82 | 87.2 | 22 | 88.0 |
| Subtotaal | 14 | 100.0 | 4 | 100.0 | 94 | 100.0 | 25 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 751+ | 5 | 11.9 | 1 | 8.3 | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 17 | 40.5 | 5 | 41.7 | 25 | 14.7 | 8 | 16.0 |
| 300 - 500 | 13 | 30.9 | 4 | 33.3 | 39 | 22.9 | 12 | 24.0 |
| 300 - | 7 | 16.7 | 2 | 16.7 | 106 | 62.3 | 30 | 60.0 |
| Totaal | 42 | 100.0 | 12 | 100.0 | 170 | 100.0 | 50 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens medium van onderrig, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Medium van onderrig en grootte van skole | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Am. -skole | | | | | | | | |
| 751+ | 2 | 33.3 | 1 | 33.3 | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 3 | 50.0 | 2 | 66.7 | 3 | 16.6 | 1 | 16.7 |
| 300 - 500 | 1 | 16.7 | - | - | 2 | 11.1 | 1 | 16.7 |
| 300 - | - | - | - | - | 13 | 72.2 | 4 | 66.7 |
| Subtotaal | 6 | 100.0 | 3 | 100.0 | 18 | 100.0 | 6 | 100.0 |
| Em. -skole | | | | | | | | |
| 751+ | 3 | 12.0 | - | - | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 11 | 44.0 | 3 | 50.0 | 9 | 11.0 | 2 | 11.1 |
| 300 - 500 | 8 | 32.0 | 2 | 33.3 | 24 | 29.3 | 6 | 33.3 |
| 300 | 3 | 12.0 | 1 | 16.7 | 49 | 59.7 | 10 | 55.5 |
| Subtotaal | 25 | 100.0 | 6 | 100.0 | 82 | 100.0 | 18 | 100.0 |
| P. - en D. -skole | | | | | | | | |
| 751+ | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 3 | 27.3 | - | - | 13 | 18.6 | 5 | 19.2 |
| 300 - 500 | 4 | 36.4 | 2 | 66.7 | 13 | 18.6 | 5 | 19.2 |
| 300 - | 4 | 36.4 | 1 | 33.3 | 44 | 62.8 | 16 | 61.5 |
| Subtotaal | 11 | 100.0 | 3 | 100.0 | 70 | 100.0 | 26 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 751+ | 5 | 11.9 | 1 | 8.3 | - | - | - | - |
| 501 - 750 | 17 | 40.5 | 5 | 41.7 | 25 | 14.7 | 8 | 16.0 |
| 300 - 500 | 13 | 30.9 | 4 | 33.3 | 39 | 22.9 | 12 | 24.0 |
| 300 - | 7 | 16.7 | 2 | 16.7 | 106 | 62.3 | 30 | 60.0 |
| Totaal | 42 | 100.0 | 12 | 100.0 | 170 | 100.0 | 50 | 100.0 |

(c) Oranje-Vrystaat

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens stad en platteland, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Stad, platteland en grootte van skole | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **Stad** | | | | | | | | |
| 600+ | 2 | 16.7 | 1 | 20.0 | 5 | 33.3 | 1 | 33.3 |
| 400 - 599 | 3 | 25.0 | 1 | 20.0 | - | - | - | - |
| 300 - 399 | 5 | 41.7 | 2 | 40.0 | 5 | 33.3 | 1 | 33.3 |
| 300 - | 2 | 16.7 | 1 | 20.0 | 5 | 33.3 | 1 | 33.3 |
| Subtotaal | 12 | 100.0 | 5 | 100.0 | 15 | 100.0 | 3 | 100.0 |
| **Platteland** | | | | | | | | |
| 600+ | 3 | 3.9 | 1 | 5.3 | 12 | 6.2 | 2 | 11.1 |
| 400 - 599 | 9 | 11.8 | 2 | 10.5 | 2 | 1.0 | 1 | 5.5 |
| 300 - 399 | 12 | 15.8 | 3 | 15.8 | 15 | 7.8 | 1 | 5.5 |
| 300 - | 52 | 68.4 | 13 | 68.4 | 163 | 84.9 | 14 | 77.8 |
| Subtotaal | 76 | 100.0 | 19 | 100.0 | 192 | 100.0 | 18 | 100.0 |
| **Groottotaal** | | | | | | | | |
| 600+ | 5 | 5.7 | 2 | 8.3 | 17 | 8.2 | 3 | 14.3 |
| 400 - 599 | 12 | 13.6 | 3 | 12.5 | 2 | 1.0 | 1 | 4.8 |
| 300 - 399 | 17 | 19.3 | 5 | 20.8 | 20 | 9.7 | 2 | 9.5 |
| 300 - | 54 | 61.4 | 14 | 58.3 | 168 | 81.1 | 15 | 71.4 |
| Totaal | 88 | 100.0 | 24 | 100.0 | 207 | 100.0 | 21 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens medium van onderrig, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Medium van onderrig en grootte van skole | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Am. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 2 | 33.3 | 1 | 33.3 | 5 | 71.4 | 2 | 66.7 |
| 400 - 599 | 2 | 33.3 | 1 | 33.3 | - | - | - | - |
| 300 - 399 | 1 | 16.7 | - | - | - | - | - | - |
| 300 - | 1 | 16.7 | 1 | 33.3 | 2 | 28.6 | 1 | 33.3 |
| Subtotaal | 6 | 100.0 | 3 | 100.0 | 7 | 100.0 | 3 | 100.0 |
| Em. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 400 - 599 | 1 | 33.3 | 1 | 33.3 | - | - | - | - |
| 300 - 399 | 2 | 66.7 | 2 | 66.7 | 2 | 66.7 | 1 | 50.0 |
| 300 - | - | - | - | - | 1 | 33.3 | 1 | 50.0 |
| Subtotaal | 3 | 100.0 | 3 | 100.0 | 3 | 100.0 | 2 | 100.0 |
| P.- en D. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 3 | 3.8 | 1 | 5.5 | 12 | 6.1 | 1 | 6.2 |
| 400 - 599 | 9 | 11.4 | 1 | 5.5 | 2 | 1.0 | 1 | 6.2 |
| 300 - 399 | 14 | 17.7 | 3 | 16.7 | 18 | 9.1 | 1 | 6.2 |
| 300 - | 53 | 67.1 | 13 | 72.2 | 165 | 83.7 | 13 | 81.3 |
| Subtotaal | 79 | 100.0 | 18 | 100.0 | 197 | 100.0 | 16 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 600+ | 5 | 5.7 | 2 | 8.3 | 17 | 8.2 | 3 | 14.3 |
| 400 - 599 | 12 | 13.6 | 3 | 12.5 | 2 | 1.0 | 1 | 4.8 |
| 300 - 399 | 17 | 19.3 | 5 | 20.8 | 20 | 9.7 | 2 | 9.5 |
| 300 - | 54 | 61.4 | 14 | 58.3 | 168 | 81.1 | 15 | 71.4 |
| Totaal | 88 | 100.0 | 24 | 100.0 | 207 | 100.0 | 21 | 100.0 |

(d) Transvaal

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens stad en platteland, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Stad, platteland en grootte van skool | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Stadskole | | | | | | | | |
| 600+ | 66 | 69.5 | 21 | 70.0 | 68 | 22.4 | 23 | 22.1 |
| 400 - 599 | 19 | 20.0 | 6 | 20.0 | 109 | 35.8 | 37 | 35.6 |
| 300 - 399 | 10 | 10.5 | 3 | 10.0 | 52 | 17.1 | 18 | 17.3 |
| 300 - | - | - | - | - | 75 | 24.7 | 26 | 25.0 |
| Subtotaal | 95 | 100.0 | 30 | 100.0 | 304 | 100.0 | 104 | 100.0 |
| Plattelandse skole | | | | | | | | |
| 600+ | 25 | 34.7 | 8 | 34.8 | 21 | 5.4 | 6 | 5.7 |
| 400 - 599 | 22 | 30.5 | 7 | 30.4 | 42 | 10.7 | 11 | 10.4 |
| 300 - 399 | 15 | 20.8 | 5 | 21.7 | 26 | 6.7 | 7 | 6.6 |
| 300 - | 10 | 13.9 | 3 | 13.0 | 301 | 77.2 | 82 | 77.3 |
| Subtotaal | 72 | 100.0 | 23 | 100.0 | 390 | 100.0 | 106 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 600+ | 91 | 54.5 | 29 | 54.7 | 89 | 12.8 | 29 | 13.8 |
| 400 - 599 | 41 | 24.5 | 13 | 24.5 | 151 | 21.7 | 48 | 22.8 |
| 300 - 399 | 25 | 15.0 | 8 | 15.1 | 78 | 11.2 | 25 | 11.9 |
| 300 - | 10 | 6.0 | 3 | 5.7 | 376 | 54.2 | 108 | 51.4 |
| Totaal | 167 | 100.0 | 53 | 100.0 | 694 | 100.0 | 210 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens medium van onderrig, grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Medium van onderrig en grootte van skole | Hoërskole | | | | Laerskole | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Universum | | Steekproef | | Universum | | Steekproef | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Am. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 42 | 68.8 | 13 | 68.4 | 53 | 26.5 | 15 | 23.4 |
| 400 - 599 | 14 | 22.9 | 4 | 21.1 | 73 | 36.5 | 24 | 37.5 |
| 300 - 399 | 4 | 6.5 | 2 | 10.5 | 35 | 17.5 | 12 | 18.7 |
| 300 - | 1 | 1.6 | - | - | 39 | 19.5 | 13 | 20.3 |
| Subtotaal | 61 | 100.0 | 19 | 100.0 | 200 | 100.0 | 64 | 100.0 |
| Em. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 26 | 56.5 | 8 | 57.1 | 23 | 18.1 | 8 | 19.0 |
| 400 - 599 | 12 | 26.1 | 4 | 28.6 | 45 | 35.4 | 15 | 35.7 |
| 300 - 399 | 7 | 15.2 | 2 | 14.3 | 25 | 19.7 | 8 | 19.0 |
| 300 - | 1 | 2.1 | - | - | 34 | 26.8 | 11 | 26.2 |
| Subtotaal | 46 | 100.0 | 14 | 100.0 | 127 | 100.0 | 42 | 100.0 |
| P. - en D. -skole | | | | | | | | |
| 600+ | 23 | 38.3 | 8 | 40.0 | 13 | 3.5 | 6 | 5.8 |
| 400 - 599 | 15 | 25.0 | 5 | 25.0 | 33 | 9.0 | 9 | 8.6 |
| 300 - 399 | 14 | 23.3 | 4 | 20.0 | 18 | 4.9 | 5 | 4.8 |
| 300 - | 8 | 13.3 | 3 | 15.0 | 303 | 82.6 | 84 | 80.6 |
| Subtotaal | 60 | 100.0 | 20 | 100.0 | 367 | 100.0 | 104 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | | | | | |
| 600+ | 91 | 54.5 | 29 | 54.7 | 89 | 12.8 | 29 | 13.8 |
| 400 - 599 | 41 | 24.5 | 13 | 24.5 | 151 | 21.7 | 48 | 22.8 |
| 300 - 399 | 25 | 15.0 | 8 | 15.1 | 78 | 11.2 | 25 | 11.9 |
| 300 - | 10 | 6.0 | 3 | 5.7 | 376 | 54.2 | 108 | 51.4 |
| Totaal | 167 | 100.0 | 53 | 100.0 | 694 | 100.0 | 210 | 100.0 |

(e) Suidwes-Afrika

Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens grootte van skool en hoër- en laerskole.

| Grootte van skole | Universum | | Steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Hoërskole | | | | |
| 600 + | 5 | 35.7 | 2 | 40.0 |
| 400 - 599 | 3 | 21.4 | 1 | 20.0 |
| 300 - 399 | 6 | 42.8 | 2 | 40.0 |
| 300 - | - | - | - | - |
| Subtotaal | 14 | 100.0 | 5 | 100.0 |
| Laerskole | | | | |
| 600+ | 12 | 26.7 | 2 | 22.2 |
| 400 - 599 | 2 | 4.4 | 1 | 11.1 |
| 300 - 399 | 31 | 68.9 | 6 | 66.7 |
| 300 - | - | - | - | - |
| Subtotaal | 45 | 100.0 | 9 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | |
| 600+ | 17 | 28.8 | 4 | 28.6 |
| 400 - 599 | 5 | 8.5 | 2 | 14.3 |
| 300 - 399 | 37 | 62.7 | 8 | 57.1 |
| 300 - | - | - | - | - |
| Totaal | 59 | 100.0 | 14 | 100.0 |

(f) Onderwys, Kuns en Wetenskap

Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens stad en platteland en soort skool.

| Soort skool | Universum | | Steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Stadskole | | | | |
| Hoër Tegniese Skole | 13 | 25.5 | 4 | 23.5 |
| Hoër Handelskole | 9 | 17.6 | 3 | 17.6 |
| Hoër Handel- en Tegniese Skole | 4 | 7.8 | 1 | 5.9 |
| Tegniese Kolleges | 5 | 9.8 | 2 | 11.7 |
| Staatsondersteunde Tegniese Kolleges | 5 | 9.8 | 2 | 11.7 |
| Hoër Huishoudskole | - | - | - | - |
| Nywerheidskole | 2 | 3.9 | 1 | 5.9 |
| Verbeteringskole | 2 | 3.9 | 1 | 5.9 |
| Spesiale Skole | 7 | 13.7 | 2 | 11.7 |
| Skole vir Serebrale Kreupeles | 4 | 7.8 | 1 | 5.9 |
| Subtotaal | 51 | 100.0 | 17 | 100.0 |
| Plattelandse Skole | | | | |
| Hoër Tegniese Skole | 10 | 21.3 | 3 | 18.7 |
| Hoër Handelskole | 6 | 12.8 | 2 | 12.5 |
| Hoër Handel- en Tegniese Skole | 2 | 4.2 | 1 | 6.2 |
| Tegniese Kolleges | 2 | 4.2 | 1 | 6.2 |
| Staatsondersteunde Tegniese Kolleges | - | - | - | - |
| Hoër Huishoudskole | 9 | 19.1 | 3 | 18.7 |
| Nywerheidskole | 15 | 31.9 | 5 | 31.2 |
| Verbeteringskole | - | - | - | - |
| Spesiale Skole | 3 | 6.4 | 1 | 6.2 |
| Skole vir Serebrale Kreupeles | - | - | - | - |
| Subtotaal | 47 | 100.0 | 16 | 100.0 |
| Groottotaal | | | | |
| Hoër Tegniese Skole | 23 | 23.5 | 7 | 21.2 |
| Hoër Handelskole | 15 | 15.3 | 5 | 15.1 |
| Hoër Handel- en Tegniese Skole | 6 | 6.1 | 2 | 6.1 |
| Tegniese Kolleges | 7 | 7.1 | 3 | 9.1 |
| Staatsondersteunde Tegniese Kolleges | 5 | 5.1 | 2 | 6.1 |
| Hoër Huishoudskole | 9 | 9.2 | 3 | 9.1 |
| Nywerheidskole | 17 | 17.3 | 6 | 18.2 |
| Verbeteringskole | 2 | 2.0 | 1 | 3.0 |
| Spesiale Skole | 10 | 10.2 | 3 | 9.1 |
| Skole vir Serebrale Kreupeles | 4 | 4.1 | 1 | 3.0 |
| Totaal | 98 | 100.0 | 33 | 100.0 |

(g) Nie-departementele skole

Verspreiding van die universum en die steekproef van skole volgens provinsie en hoër- en laerskole.

| Provinsie/gebied | | Hoërskole | | Laerskole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Universum | Steekproef | Universum | Steekproef | Universum | Steekproef |
| Kaapland | N | 62 | 12 | 96 | 33 | 158 | 45 |
| | % | 37.8 | 42.8 | 61.93 | 57.9 | 49.52 | 52.9 |
| Natal | N | 25 | 6 | 22 | 8 | 47 | 14 |
| | % | 15.24 | 21.4 | 14.19 | 14.0 | 14.73 | 16.5 |
| O.V.S. | N | 9 | 2 | 2 | 2 | 11 | 4 |
| | % | 5.48 | 7.1 | 1.29 | 3.5 | 3.44 | 4.7 |
| Transvaal | N | 64 | 6 | 33 | 12 | 97 | 18 |
| | % | 39.02 | 21.4 | 21.29 | 21.0 | 30.40 | 21.2 |
| S.W.A. | N | 4 | 2 | 2 | 2 | 6 | 4 |
| | % | 2.43 | 7.1 | 1.29 | 3.5 | 1.88 | 4.7 |
| Groottotaal | N | 164 | 28 | 155 | 57 | 319 | 85 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(iii) Gevolgtrekking met betrekking tot die betroubaarheid van die steekproef van skoolhoofde

Die verspreiding van die universum en die steekproef volgens die indelings vermeld in paragraaf 1.3.1(c)(i), bl. 3 - 4, dui aan dat die persentuele aandeel van die groeperings van die steekproef van skole feitlik identies is met dié van die universum van skole. Die geringe afwykings wat persentasiegewys voorkom, behoort die steekproef nie as onbetroubaar te bestempel nie omdat die getalle skole in enkele groeperings van die universum waarteenoor die enkele groeperings in die steekproef in geringe mate afwyk, klein is en die persentasies 'n verkeerde beeld skep. In hierdie gevalle moet die getal skole in die universum asook in die steekproef in aanmerking geneem word. Vir die doel van hierdie verslag is die steekproef van skole en gevolglik van skoolhoofde verteenwoordigend van die universum.

## 1.3.2 Steekproef van onderhoofde en assistente

### (a) Die universum en die grootte van die steekproef

Die steekproef van assistente is op die onderwysstatistieke van 1962 gebaseer wat tydens die trek van die steekproef die jongste beskikbare onderwysstatistieke was.

'n Steekproef van 10 persent van die assistente (onderhoofde en assistente gesamentlik) verbonde aan die skole van die vier provinsiale onderwysdepartemente Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat, Transvaal, die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die nie-departementele skole (privaat- en provinsiaal ondersteunde skole) is getrek. Die skole is volgens beheer, stad en platteland, medium van onderrig, grootte van skool en hoër- en laerskole ingedeel (kyk paragraaf 1.3.1(c)(i), bl. 3 - 4 vir 'n uiteensetting van die indelings van die skole onder die verskillende onderwysdepartemente en die nie-departementele skole). Die getal onderwysers is bereken deur die gemiddelde getal assistente per onderafdeling met 10 te vermenigvuldig en deur die totale getal onderwysers in die onderafdeling te deel om die getal skole wat per onderafdeling betrek moet word, te verkry. Die skole is ewekansig gekies en die assistente verbonde aan hierdie skole is 10 persent van die assistente van die betrokke onderafdelings.

Die getal assistente verbonde aan die onderskeie onderwysdepartemente was soos volg: Kaapland 7864, Natal 2768, die Oranje-Vrystaat 2997, Transvaal 11461, Suidwes-Afrika 577, Onderwys, Kuns en Wetenskap 1760, en aan die nie-departementele skole 3215 assistente. 'n Steekproef van 10 persent impliseer dat 768, 276, 299, 1146, 57, 176 en 321 assistente van onderskeidelik Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat, Transvaal, Suidwes-Afrika, Onderwys, Kuns en Wetenskap en die nie-departementele skole in die opname betrek moes word. Die getal en persentasie assistente wat vraelyste teruggestuur het, is vir die onderskeie onderwysowerhede soos volg: Kaapland 746 of 9.5 persent, Natal 233 of 8.4 persent, die Oranje-Vrystaat 231 of 7.7 persent, Transvaal 1157 of 10.1 persent, Suidwes-Afrika 48 of 8.3 persent, Onderwys, Kuns en Wetenskap 191 of 10.8 persent, en die nie-departementele skole 88 of 2.7 persent.

Die persentasie assistente van die vier provinsiale onderwysdepartemente wat vraelyste teruggestuur het, is 9.4 persent (2367 van 25090 assistente). Die persentasie assistente van die ses onderwysdepartemente wat vraelyste teruggestuur het, is 9.5 persent (2606 van 27427 assistente), terwyl die persentasie onderwysers in die land as geheel wat vraelyste teruggestuur het 8.8 persent beloop (2694 van 30552 assistente). Derhalwe is dit nodig om vas te stel of die assistente wat vraelyste teruggestuur het, verteenwoordigend van die universum is.

### (b) Betroubaarheid van die steekproef van assistente

Om die betroubaarheid van die steekproef te bepaal, is die assistente in die universum asook in die steekproef van die vier provinsiale onderwysdepartemente volgens (a) stad en platteland en die medium van onderrig en (b) stad en platteland en hoër- en laerskole, verdeel. Vir Suidwes-Afrika is die verdeling volgens (a) medium van onderrig en (b)

hoër en laerskole gedoen, terwyl die verdeling vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap volgens die soort skool gedoen is. Vir die nie-departementele skole is die verdeling volgens provinsies gedoen omdat gegewens insake medium van onderrig en hoër- en laerskole nie vir al die gebiede beskikbaar was nie.

(i) Die verspreiding van die assistente in die universum en in die steekproef

Die verspreiding van die assistente in die universum en in die steekproef vir die verskillende onderwysowerhede volgens die genoemde indelings, is soos volg:

(a) Kaapland

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en die medium van onderrig.

| Medium van onderrig | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef |
| Afrikaansmediumskole | N | 636 | 61 | 1821 | 172 | 2457 | 233 |
| | % | 20.4 | 20.5 | 38.4 | 38.4 | 31.2 | 31.2 |
| Engelsmediumskole | N | 1275 | 122 | 246 | 23 | 1521 | 145 |
| | % | 40.9 | 40.9 | 5.2 | 5.1 | 19.3 | 19.4 |
| P.- en D.-mediumskole | N | 1207 | 115 | 2679 | 253 | 3886 | 368 |
| | % | 38.7 | 38.6 | 56.4 | 56.5 | 49.4 | 49.4 |
| Totaal | N | 3118 | 298 | 4746 | 448 | 7864 | 746 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en hoër- en laerskole.

| Soort skool | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef |
| Hoërskole | N | 1189 | 114 | 2990 | 283 | 4176 | 397 |
| | % | 38.1 | 38.3 | 63.0 | 63.2 | 53.1 | 53.2 |
| Laerskole | N | 1929 | 184 | 1756 | 165 | 3687 | 349 |
| | % | 61.9 | 61.7 | 37.0 | 36.8 | 46.9 | 46.8 |
| Totaal | N | 3118 | 298 | 4746 | 448 | 7864 | 746 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(b) Natal

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en medium van onderrig.

| Medium van onderrig | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef |
| Afrikaansmediumskole | N | 261 | 22 | 45 | 7 | 306 | 29 |
| | % | 16.6 | 16.7 | 3.8 | 6.9 | 11.1 | 12.4 |
| Engelsmediumskole | N | 1138 | 95 | 370 | 30 | 1508 | 125 |
| | % | 72.4 | 72.0 | 30.9 | 29.7 | 54.5 | 53.7 |
| P.- en D.-mediumskole | N | 172 | 15 | 782 | 64 | 954 | 79 |
| | % | 10.9 | 11.3 | 65.3 | 63.4 | 34.5 | 33.9 |
| Totaal | N | 1571 | 132 | 1197 | 101 | 2768 | 233 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en hoër- en laerskole.

| Soort Skool | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef |
| Hoërskole | N | 644 | 55 | 449 | 37 | 1093 | 92 |
| | % | 41.0 | 41.7 | 37.5 | 36.6 | 39.5 | 39.5 |
| Laerskool | N | 927 | 77 | 748 | 64 | 1675 | 141 |
| | % | 59.0 | 58.3 | 62.5 | 63.4 | 60.5 | 60.5 |
| Totaal | N | 1571 | 132 | 1197 | 101 | 2768 | 233 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(c) Oranje-Vrystaat

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en medium van onderrig.

| Medium van onderrig | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef | Univer-sum | Steek-proef |
| Afrikaansmediumskole | N | 258 | 20 | 67 | 6 | 325 | 26 |
| | % | 23.5 | 23.3 | 3.5 | 4.1 | 10.8 | 11.3 |
| Engelsmediumskole | N | 123 | 10 | 12 | 3 | 135 | 13 |
| | % | 11.2 | 11.6 | 0.6 | 2.1 | 4.5 | 5.6 |
| P.- en D.-mediumskole | N | 717 | 56 | 1820 | 136 | 2537 | 192 |
| | % | 65.3 | 65.1 | 95.8 | 93.8 | 84.7 | 83.1 |
| Totaal | N | 1098 | 86 | 1899 | 145 | 2997 | 231 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en hoër- en laerskole.

| Soort skool | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer- sum | Steek- proef | Univer- sum | Steek- proef | Univer- sum | Steek- proef |
| Hoërskole | N | 403 | 32 | 739 | 56 | 1142 | 88 |
| | % | 36.7 | 37.2 | 38.9 | 38.6 | 38.1 | 38.1 |
| Laerskole | N | 695 | 54 | 1160 | 89 | 1855 | 143 |
| | % | 63.3 | 62.8 | 61.1 | 61.4 | 61.9 | 61.9 |
| Totaal | N | 1098 | 86 | 1899 | 145 | 2997 | 231 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(d) Transvaal

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en die medium van onderrig.

| Medium van onderrig | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer- sum | Steek- proef | Univer- sum | Steek- proef | Univer- sum | Steek- proef |
| Afrikaansmediumskole | N | 3955 | 392 | 801 | 83 | 4756 | 475 |
| | % | 54.1 | 53.8 | 19.3 | 19.3 | 41.5 | 41.0 |
| Engelsmediumskole | N | 2647 | 266 | 251 | 26 | 2898 | 292 |
| | % | 36.2 | 36.5 | 6.0 | 6.1 | 25.3 | 25.2 |
| P.- en D.-mediumskole | N | 702 | 70 | 3105 | 320 | 3807 | 390 |
| | % | 9.6 | 9.6 | 74.7 | 74.6 | 33.2 | 33.7 |
| Totaal | N | 7304 | 728 | 4157 | 429 | 11461 | 1157 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens stad en platteland en hoër- en laerskole.

| Soort skool | | Stad | | Platteland | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Univer- sum | Steek- proef | Univer- sum | Steek- proef | Univer- sum | Steek- proef |
| Hoërskole | N | 3057 | 303 | 1849 | 195 | 4906 | 498 |
| | % | 41.9 | 41.6 | 44.5 | 45.4 | 42.8 | 43.0 |
| Laerskole | N | 4247 | 425 | 2308 | 234 | 6555 | 659 |
| | % | 58.1 | 58.4 | 55.5 | 54.5 | 57.2 | 56.9 |
| Totaal | N | 7304 | 728 | 4157 | 429 | 11461 | 1157 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(e) Suidwes-Afrika

(i) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens medium van onderrig.

| Medium van onderrig | | Universum | Steekproef |
|---|---|---|---|
| Afrikaansmediumskole | N | 448 | 37 |
| | % | 77.6 | 77.1 |
| Engelsmediumskole | N | 12 | 1 |
| | % | 2.1 | 2.1 |
| P.- en D.-mediumskole | N | 117 | 10 |
| | % | 20.3 | 20.8 |
| Totaal | N | 577 | 48 |
| | % | 100.0 | 100.0 |

(ii) Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens hoër- en laerskole.

| Soort skool | | Universum | Steekproef |
|---|---|---|---|
| Hoërskole | N | 201 | 17 |
| | % | 34.8 | 35.4 |
| Laerskole | N | 376 | 31 |
| | % | 65.2 | 64.6 |
| Totaal | N | 577 | 48 |
| | % | 100.0 | 100.0 |

(f) Onderwys, Kuns en Wetenskap

Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens soort skool.

| Inrigtings | Universum | | Steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Hoër Handelskole | 223 | 13.3 | 25 | 13.1 |
| Hoër Handel- en Tegniese Skole | 113 | 6.4 | 12 | 6.3 |
| Hoër Huishoudskole | 31 | 1.8 | 3 | 1.6 |
| Hoër Tegniese Skole | 317 | 18.0 | 34 | 17.8 |
| Tegniese Kolleges | 251 | 14.3 | 28 | 14.7 |
| Staatsondersteunde Tegniese Kolleges | 523 | 29.7 | 56 | 29.3 |
| Nywerheidskole | 103 | 5.8 | 10 | 5.2 |
| Verbeteringskole | 11 | 0.6 | 3 | 1.6 |
| Spesiale Skole | 188 | 10.7 | 20 | 10.5 |
| Totaal | 1760 | 100.0 | 191 | 100.0 |

(g) Nie-departementele skole

Verspreiding van die universum en die steekproef van assistente volgens provinsies.

| Provinsies | | Universum | Steekproef |
|---|---|---|---|
| Kaapland | N | 1205 | 22 |
| | % | 37.5 | 25.0 |
| Natal | N | 534 | 28 |
| | % | 16.6 | 31.8 |
| Oranje-Vrystaat | N | 134 | 11 |
| | % | 4.2 | 12.5 |
| Transvaal | N | 1229 | 23 |
| | % | 38.2 | 26.1 |
| Suidwes-Afrika | N | 113 | 4 |
| | % | 3.5 | 4.5 |
| Totaal | N | 3215 | 88 |
| | % | 100.0 | 100.0 |

(ii) Gevolgtrekkings met betrekking tot die betroubaarheid van die steekproef van assistente.

Wat die Transvaalse Onderwysdepartement en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap betref, moet daar op grond van die persentasies respondente wat onderskeidelik 10.1 en 10.8 persent is, aanvaar word dat die steekproef verteenwoordigend is. Volgens die verspreiding van die universum en die steekproef van assistente, soos aangedui op bl. 19 paragraaf (d) en bl. 21 paragraaf (f), stem die verskillende indelings persentasiegewys ooreen.

Behalwe die nie-departementele skole waar die verspreiding van die universum en die steekproef groot verskille toon, kan die steekproef van die assistente van Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika as betroubaar aanvaar word, omdat daar persentasiegewys slegs geringe afwykings tussen die universum en steekproefindelings voorkom.

Vir die doel van hierdie opname kan die steekproewe van assistente van die ses onderwysdepartemente as verteenwoordigend van die universum van hierdie onderwysdepartemente beskou word. Die steekproef van assistente van die nie-departementele skole is egter onbetroubaar. As in ag geneem word dat die assistente van die nie-departementele skole slegs 10.5 persent van die assistente in die land uitmaak en dat die steekproef van 89.5 persent van die assistente (dit is die assistente van die ses onderwysdepartemente) verteenwoordigend is - dit wil sê 89.5 persent van die onderwysers is in die steekproef verteenwoordig - kan die landsbeeld met betrekking tot die assistente se siening van die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep as betroubaar aanvaar word.

Die betroubaarheid van die steekproef van dosente

Aan die dosente wat onderwysers oplei aan die onderwyskolleges van die vier provinsiale onderwysdepartemente, die kolleges en die afdelings vir die opleiding van onderwysers aan tegniese kolleges van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Fakulteite van Opvoedkunde van universiteite, is vraelys NB. 489 gestuur om die dosente se siening

oor die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep in te win. Aangesien die dosente van die Fakulteite van Opvoedkunde van universiteite wat vraelyste teruggestuur het, min was, is hulle vir die doel van hierdie verslag buite rekening gelaat.

Die getalle en persentasies dosente wat vraelyste teruggestuur het en nie teruggestuur het nie, is vir die onderskeie onderwysdepartemente soos volg:

| Onderwysdepartemente | Vraelyste ontvang | | Vraelyste nie ontvang | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 96 | 67.6 | 46 | 32.4 | 142 | 100.0 |
| Natal | 50 | 86.2 | 8 | 13.8 | 58 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | 36 | 90.0 | 4 | 10.0 | 40 | 100.0 |
| Transvaal | 256 | 60.7 | 166 | 39.3 | 422 | 100.0 |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | 71 | 77.2 | 21 | 22.8 | 92 | 100.0 |
| Totaal | 509 | 67.5 | 245 | 32.5 | 754 | 100.0 |

Van die 754 dosente van die vyf onderwysdepartemente het 509 of 67.5 persent vraelyste teruggestuur en wissel die persentasie vraelyste ontvang vir die vyf departemente van 60.7 tot 90.0 persent. Aangesien die dosente wat vraelyste teruggestuur het al die inrigtings van die departemente wat onderwysers oplei, verteenwoordig, kan die respondente se siening oor die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep vir die doel van hierdie verslag as betroubaar en verteenwoordigend van die groep aanvaar word.

## 1.4 BEGRIPSVERKLARING

### 1.4.1 Onderwysowerhede

In hierdie verslag word daar tussen die volgende onderwysowerhede onderskei: Kaapland, Natal, die Oranje-Vrystaat, Transvaal, Suidwes-Afrika, Onderwys, Kuns en Wetenskap en die nie-departementele skole. Behalwe die nie-departementele skole is die ander ses onderwysowerhede onderwysdepartemente.

Vir die doel van hierdie verslag is die skole wat onder die onderskeie onderwysdepartemente ressorteer, geheel en al onder die beheer van die onderwysdepartement, terwyl die nie-departementele skole 'n groepering van die provinsiaal ondersteunde en die privaatskole is, dit wil sê skole wat nie uitsluitlik deur 'n onderwysdepartement beheer word nie. Daar moet op gewys word dat die name van die onderwysdepartemente verkort is om omslagtige beskrywing uit te skakel, byvoorbeeld Kaapland in plaas van die Onderwysdepartement van Kaapland, en Onderwys, Kuns en Wetenskap in plaas van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

### 1.4.2 Hoofde van skole

Onder die opskrif hoofde van skole is saamgegroepeer die antwoorde ontvang van alle hoofde van sekondêre en primêre skole.

### 1.4.3 Onderhoofde en assistente van skole

Onder die opskrif onderhoofde en assistente is saamgegroepeer die antwoorde ontvang van onderhoofde en assistente aan sekondêre en primêre skole.

1.4.4 Dosente

Onder die opskrif dosente is saamgegroepeer die onderhoofde en assistente van die onderwyserskolleges wat onder 'n betrokke onderwysowerheid ressorteer. In die geval van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is dit die „Afdeling vir die opleiding van onderwysers" aan tegniese kolleges en onderwyserskolleges. Die dosente aan die Fakulteite van Opvoedkunde aan universiteite is buite rekening gelaat.

1.4.5 Simbole in tabelle gebruik

In die tabelle word deurgaans van die simbool O gebruik gemaak by elke vraag om die getalle respondente aan te dui wat die betrokke vraag onbeantwoord gelaat het.

## 1.5 ALGEMEEN

1.5.1 Die nie-departementele skole

Omdat groot persentasies van die respondente van die nie-departementele skole dikwels vrae onbeantwoord gelaat het, is die reaksie van hierdie groep waarskynlik nie so betroubaar dat dit as 'n absolute basis vir vergelyking gebruik kan word nie.

1.5.2 Interpretasie van gegewens in tabelle

Daar moet op gewys word dat persentasies altyd saam met die werklike getalle vergelyk moet word veral omdat die totale getal respondente onder 'n owerheid soms klein kan wees, met die gevolg dat persentasies in sulke gevalle 'n skewe beeld kan gee.

HOOFSTUK 2

# DIE WERWING VAN HOËRSKOOLLEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die werwing van hoërskoolleerlinge as kandidate vir die onderwysberoep soos dit in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika geskied. Die gegewens wat deur die onderwysdepartemente, die hoofde, onderhoofde en assistente van skole en deur die hoofde, onderhoofde en dosente van onderwyserskolleges verstrek is, sal onder andere lig werp op die aandeel van die onderskeie instansies in die werwing van hoërskoolleerlinge as kandidate vir die onderwysberoep.

By die werwing van hoërskoolleerlinge as kandidate vir die onderwysberoep moet die sekerheid bestaan dat wat gedurende werwing aangaande die onderwysberoep aangebied word (dit wil sê diensvoorwaardes in die besonder, en die intellektuele maatskaplike en roepingsbewustelike aspekte van beroepsvervulling,) bevredig kan word in die opleiding en beoefening van die beroep. Indien die werwing van so 'n aard is dat al die komplekse fasette van die onderwysberoep nie bekend gestel word nie, sal die beroep oor 'n lang termyn nie by die werwing baat nie. Die werwing moet dus sover moontlik die kandidaat vertroud maak met die beroep soos dit in werklikheid beoefen word.

In hierdie verband is die werksaamhede van die „Future Teachers of America"-klubs in al sy fasette 'n hulpmiddel ter bekendstelling van die onderwys in die praktyk (kyk hoofstuk 3.2). 'n Werwingsprogram moet nie berus op die oorreding van moontlike kandidate nie, maar moet 'n beroepsoriëntering van belangstellende leerlinge wees.

Die gemeenskap se gesindheid teenoor die onderwys en die opvoeding van die jeug kan direk die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep beïnvloed. Indien die gemeenskap positief ingestel is teenoor die bevordering van die onderwys en opvoeding van die jeug sal daar vanuit die gesin- en gemeenskapsituasies die regte gesindheid uitgaan ten opsigte van die onderwysberoep en sal die werwing van kandidate vir die onderwysberoep meer geslaagd wees (59, bl. 31-33).

Davies beweer dat: „When a community employs a teacher it is buying the moral and mental outlook of its children. It is buying ideals, attitudes and appreciations that will do more to determine the success of the children than mere mastery of subject matter" (10, bl. 25). Die uitgangspunt in die rapport van die „Central Advisory Council for Education" in Engeland is dat onderwys en opvoeding een van die belangrikste voorwaardes vir individuele en maatskaplike ontwikkeling is. Derhalwe moet die werwingsveldtog nie na 'n wanhoopsdaad lyk om kandidate vir die onderwysberoep te werf nie, want dan word die afhanklikheid van die onderwysberoep beklemtoon en word die denke van die gemeenskap insake die onderwysberoep nadelig beïnvloed en word die status van die onderwysberoep verlaag. Die gemeenskap moet die noodsaaklikheid van werwing vir die onderwysberoep besef en dit bevorder ter wille van hul eie voortbestaan (64, bl. 438).

## 2.2 WERWING VAN LEERLINGE AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP SOOS DEUR DIE ONDERWYSOWERHEDE BEHARTIG

### 2.2.1 Verantwoordelikheid vir die verskaffing van onderwysers en werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep

Die verantwoordelikheid vir die verskaffing van onderwysers aan skole berus by die onderwysdepartemente of die beherende liggaam in die geval van privaatskole. Die verskaffing van onderwysers is nie net 'n aanvulling van die getal onderwysers nie, maar impliseer deeglike beplanning met inagneming van onder andere die groei van die skoolbevolking, die verliese aan onderwysers as gevolg van bereiking van die aftree-ouderdom, die behoefte aan onderwysers vir sekere skoolvakke, sterfgevalle en bedankings. Alleenlik as die personeelposisie vir skole deeglik beplan is, kan 'n werwingsprogram ontwikkel word om effektief in die personeelbehoeftes

te voorsien. *

Aangesien die onderwysdepartemente 90.6 persent van die skoolbevolking aan hulle skole het, kan verwag word dat die onderwysdepartemente die meeste aandag aan die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep sal gee. As verder in ag geneem word dat die onderwysdepartemente kolleges vir die opleiding van onderwysers het, blyk dit dat die onderwysdepartemente die grootste belang by die verskaffing van onderwysers het.

### 2.2.2 Die aandeel van die onderwysowerhede in die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep

Volgens die gegewens wat deur die onderwysowerhede verstrek is, het die vier provinsiale onderwysdepartemente, die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap opdrag aan sekondêre skoolhoofde gegee om leerlinge tot die onderwysberoep aan te moedig. In die geval van Suidwes-Afrika en die Oranje-Vrystaat word die opdrag vervat in die voorligtingsleergang en impliseer die opdrag die opsporing van potensiële onderwysstudente deur die hele sekondêre skoolloopbaan, dit wil sê vanaf standerd 6 tot standerd 10. Om belangstelling in die onderwysberoep te wek, is dit nodig om die beroep aan die moontlike kandidate bekend te stel. Dit blyk dat die onderwysdepartemente van Kaapland en Transvaal en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap brosjures aan die skole beskikbaar stel wat inligting aangaande onderwys as beroep bevat om sodoende die onderwysberoep aan die leerlinge bekend te stel.

Aangesien ouers hulle kinders met betrekking tot 'n toekomstige beroep beïnvloed, is dit nodig om die vraag na en aanbod van onderwysers aan die ouers bekend te stel aangesien die moontlikheid bestaan dat die ouers hulle kinders ten gunste van die onderwysberoep kan aanmoedig.

Aan die onderwysowerhede is gevra of hulle die gemeenskap bekendstel met die aanbod van en vraag na onderwysers en daar is gevind dat al vier die provinsiale onderwysdepartemente, die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap die gemeenskap op die een of ander wyse op die hoogte hou van die vraag na en aanbod van onderwysers.

In Kaapland behartig die departementele voorligtingsdiens die bekendstelling, in die Oranje-Vrystaat word 'n statistiese rapport aan die Provinsiale Raad voorgelê en vir die publiek beskikbaar gestel, in Transvaal word daar in die algemeen deur ouer- onderwysersverenigings en met toesprake en verklarings deur verantwoordelike persone van die onderwysdepartement bekendstellings gemaak.

Volgens die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap word daar, behalwe aankondigings en artikels in die pers, geen spesifieke gegewens insake die vraag na en aanbod van onderwysers aan die gemeenskap beskikbaar gestel nie.

## 2.3. WERWING VAN SEKONDÊRE SKOOLLEERLINGE AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP.

Volgens inligting deur die onderwysowerhede verstrek, is dit aan die hoofde van sekondêre skole opgedra om die onderwysberoep aan die leerlinge bekend te stel en om kandidate vir die beroep te werf. Die sekondêre skool is dan ook die ideale werwingsveld, veral die sts. 9- en 10-leerlinge, en daar kan verwag word dat werwing vanuit die skool meer geslaagd sal wees as wanneer werwing deur ander instansies onderneem word.

Vervolgens word aangedui in watter mate verskillende instansies buite die skool 'n bydrae tot werwing lewer en wat die aandeel van die skool in die werwing van onderwysers is.

* Gegewens is deur die onderwysdepartemente in vraelys NB. 485 verstrek.

2.3.1 Die aandeel van instansies in die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep

Benewens die onderwysdepartemente wat direkte belang by die werwing van onderwysers het, is daar ander instansies buite onderwys- en skoolverband wat in so 'n mate in die onderwys belangstel dat werwing van leerlinge vir die onderwysberoep ook hulle aandag geniet. Vervolgens is die skoolhoofde gevra om aan te dui watter instansies in die omgewing van die skool die onderwysberoep aan die ouers en die publiek bekend stel. Tabel 2.1 gee 'n oorsigtelike beeld van die instansies wat hulle met die bekendstelling van die onderwysberoep besig hou.

Volgens tabel 2.1 is daar sewe instansies wat hulle met die bekendstelling van die onderwysberoep aan die ouers en die publiek besig hou en is die aandeel van hierdie instansies in die reklameveldtog relatief gesproke gering. Vir die land as geheel het die georganiseerde onderwysberoep (onderwysersverenigings) (28.5%) en die onderwysdepartemente (27.4%) die grootste aandeel in die reklameveldtog. Hierna volg die ouerverenigings (17.6%), kerke (16.6), kultuurorganisasies (13.8%), vroue-organisasies (17.6%) en die Staatsdienskommissie (6.6%).

Wat die onderwysowerhede betref, het die onderwysdepartemente van Natal (30.6%), Oranje-Vrystaat (37.8%), Transvaal (31.2%) en Suidwes-Afrika (28.6%) die grootste aandeel in die reklame vir die onderwysberoep in die omgewing van hulle betrokke skole, terwyl die georganiseerde onderwysberoep die tweede grootste aandeel het (persentasies wissel van 21.4 tot 29.0 persent). In Kaapland het die georganiseerde onderwysberoep (30.4%) en die onderwysdepartement (24.4%) onderskeidelik die grootste en tweede grootste aandeel in die reklameveldtog. Dieselfde volgorde geld vir die nie-departementele skole (georganiseerde onderwysberoep 24.7%, onderwysdepartemente (22.3%). Wat die skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap betref, het die georganiseerde onderwysberoep (24.2%), die Staatsdienskommissie (21.2%) en die Departement self onderskeidelik die grootste, tweede en derde grootste aandeel in die bekendstelling van die onderwysberoep aan die ouers en die publiek gehad. Dit is nodig om daarop te wys dat die Staatsdienskommissie die werwing van personeel vir die Staatsdiens, dit wil sê ook onderwysers, onderneem.

'n Verdere belangrike afleiding wat gemaak word, is dat die ouerverenigings veral in Natal, Transvaal, Suidwes-Afrika en van nie-departementele skole, en die kerke in veral Kaapland en die Oranje-Vrystaat hulle besig hou met die bekendstelling van die onderwysberoep aan die ouers en die publiek.

2.3.2 Werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep aan skole

Aangesien die onderwysowerhede 'n voorligtingsdiens aan sekondêre skole ingestel het om onderwys- en beroepsvoorligting waar te neem en hierdie diens onder departementele voorligters ressorteer, is die verwagting dat gedurende beroepsvoorligting aandag aan die werwing van toekomstige onderwysers onder die skoolgaande bevolking gegee sal word.

Verder kan verwag word dat die skoolhoof aandag aan die werwing van kandidate in die onderwysberoep sal gee kragtens die opdrag van sy onderwysdepartement. Nou ontstaan die vraag wie en watter instansies hou hulle besig met direkte werwing aan die skool en op watter wyse geskied die werwing. Die antwoord op hierdie vraag word in die volgende paragrawe bespreek.

1. Werwingslesings

Aan die skoolhoofde is gevra om aan te dui wie jaarliks lesings waarneem om die leerlinge te beïnvloed om die onderwysberoep hulle loopbaan te maak. In tabel 2.2 word die skoolhoofde se antwoorde op hierdie vraag weergegee.

Uit tabel 2.2 is af te lei dat in die land as geheel die skoolhoofde (44.1%) die grootste aandeel het in die hou van werwingslesings. Daarna volg in dalende orde die skoolvoorligters (onderwysersvoorligters) 16.6%), 'n ander onderwyser (14.1%), die inspekteur van skole (7.5%), die departementele voorligter (7.0%), werwingsamptenaar van die Staatsdienskommissie (3.9%), personeel van 'n

TABEL 2.1

INSTANSIES WAT REKLAME MAAK VIR DIE ONDERWYSBEROEP

| Instansies wat reklame maak | | Onderwysdepartemente | | | | | | | | | | | | Nie-departementele skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | | | | |
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Onderwysdepartement | Ja | 76 | 24.4 | 19 | 30.6 | 17 | 37.8 | 82 | 31.2 | 4 | 28.6 | 6 | 18.2 | 19 | 22.3 | 223 | 27.4 |
| Staatsdienskommissie | Ja | 24 | 7.7 | 2 | 3.2 | 4 | 8.9 | 6 | 2.3 | 1 | 7.1 | 7 | 21.2 | 10 | 11.8 | 54 | 6.6 |
| Georganiseerde Onderwysberoep | Ja | 95 | 30.4 | 18 | 29.0 | 11 | 24.4 | 76 | 28.9 | 3 | 21.4 | 8 | 24.2 | 21 | 24.7 | 232 | 28.5 |
| Kerke | Ja | 69 | 22.1 | 4 | 6.5 | 10 | 22.2 | 39 | 14.8 | 2 | 14.3 | 5 | 15.1 | 6 | 7.0 | 135 | 16.6 |
| Kultuurorganisasies | Ja | 42 | 13.5 | 3 | 4.8 | 7 | 15.5 | 38 | 14.4 | 2 | 14.3 | 4 | 12.1 | 16 | 18.8 | 112 | 13.8 |
| Vroue-organisasies | Ja | 52 | 16.7 | 5 | 8.1 | 9 | 20.0 | 25 | 9.5 | 0 | 0.0 | 4 | 12.1 | 7 | 8.2 | 102 | 12.5 |
| Ouerverenigings | Ja | 36 | 11.5 | 10 | 16.1 | 4 | 8.9 | 72 | 27.4 | 3 | 21.4 | 2 | 6.1 | 16 | 18.8 | 143 | 17.6 |
| Totaal waarop % bereken is | | 312 | | 62 | | 45 | | 263 | | 14 | | 33 | | 85 | | 814 | |

TABEL 2.2

PERSONE WAT WERWINGSLESINGS AAN SEKONDÊRE SKOLE WAARNEEM

| Verantwoordelike persone | | Onderwysdepartemente | | | | | | | | | | | | Nie-departementele skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | | | | |
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Skoolhoof | Ja | 136 | 43.6 | 18 | 29.0 | 22 | 48.9 | 125 | 47.5 | 10 | 71.4 | 11 | 33.3 | 37 | 43.5 | 359 | 44.1 |
| Skoolvoorligter (Onderwyservoorligter) | Ja | 47 | 15.1 | 8 | 12.9 | 16 | 35.5 | 49 | 18.6 | 5 | 35.7 | 2 | 6.1 | 8 | 9.4 | 135 | 16.6 |
| Ander personeellid | Ja | 33 | 10.6 | 7 | 11.3 | 5 | 11.1 | 40 | 15.2 | 3 | 21.4 | 7 | 21.2 | 20 | 23.5 | 115 | 14.1 |
| Departementele Voorligter | Ja | 27 | 8.7 | 1 | 1.6 | 3 | 6.7 | 18 | 6.8 | 3 | 21.4 | 1 | 3.0 | 4 | 4.7 | 57 | 7.0 |
| Inspekteur van skole | Ja | 34 | 10.9 | 1 | 1.6 | 6 | 13.3 | 15 | 5.7 | 2 | 14.3 | 0 | 0.0 | 3 | 3.5 | 61 | 7.5 |
| Werwingsamptenaar van die Staatsdienskommissie | Ja | 11 | 3.5 | 0 | 0.0 | 5 | 11.1 | 6 | 2.3 | 0 | 0.0 | 6 | 18.2 | 4 | 4.7 | 32 | 3.9 |
| Personeel van 'n onderwyskollege | Ja | 7 | 2.2 | 1 | 1.6 | 3 | 6.7 | 8 | 3.1 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 6 | 7.0 | 26 | 3.2 |
| Personeel van 'n universiteit | Ja | 5 | 1.6 | 1 | 1.6 | 4 | 8.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 4 | 4.7 | 14 | 1.7 |
| Personeel van 'n tegniese kollege | Ja | 2 | 0.6 | 0 | 0.0 | 1 | 2.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 9.1 | 1 | 1.2 | 7 | 0.8 |
| Personeel van 'n onderwysdepartement | Ja | 4 | 1.3 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 7 | 0.8 |
| Total waarop % bereken is | | 312 | | 62 | | 45 | | 263 | | 14 | | 33 | | 85 | | 814 | |

onderwyserskollege (3.2%), personeel van 'n universiteit (1.7%), personeel van 'n tegniese kollege (0.8%) en 'n amptenaar van die onderwysdepartement (0.8%).

Wat die onderskeie onderwysowerhede betref, het die skoolhoofde die grootste aandeel in die hou van werwingslesings (persentasies wissel van 29.0 tot 71.4 persent). 'n Vergelyking van die onderwysowerhede volgens die hoofde se aandeel in die hou van werwingslesings toon dat die hoofde se aandeel in Suidwes-Afrika (71.4%) die grootste en in die Oranje-Vrystaat (29.0%) die kleinste is, met die ander vyf owerhede tussenin met persentasies wat van 33.5 tot 48.9 persent wissel.

Nieteenstaande die feit dat die ses onderwysdepartemente opdrag aan hoofde gee dat die leerlinge ten gunste van die onderwysberoep aangemoedig word, is daar tog enkele hoofde wat aan hulle skole nie die opdrag uitvoer nie. Dit blyk egter dat die werwing van onderwysers vanuit die skool die meeste aandag kry. Alhoewel die onderwysowerhede vir die verskaffing van onderwysers aan hulle skole verantwoordelik is, is hulle aandeel in die werwing van onderwysers uiters gering (slegs 7.0%, 7.5% en 0.8% van die skole in die land is onderskeidelik deur 'n departementele voorligter, 'n inspekteur van skole en 'n amptenaar van 'n onderwysdepartement besoek met die doel om leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep te werf). Dit blyk verder dat die instansies wat onderwysers oplei se aandeel in die werwing van onderwysers, in vergelyking met die skool en die onderwysowerhede se aandeel, uiters gering is.

2. Werwing van onderwysers gedurende die beroepsvoorligtingsprogram

Die skoolhoofde is gevra of die leerlinge die geleentheid kry om 'n studie van 'n verskeidenheid van beroepe te maak en of die beroepsmoontlikhede wat ander beroepe bied, die leerlinge teen die onderwysberoep sal beïnvloed. Verder moes die hoofde ook aandui watter hulpmiddels gebruik word om inligting aangaande die onderwysberoep aan die leerlinge bekend te stel.

(a) Studie van beroepe

Die beroepswêreld bied 'n verskeidenheid van beroepe aan waarvoor die skoolverlater in aanmerking kan kom as aan die toetredingsvereistes voldoen kan word. Oor die algemeen stel die beroepswêreld vir die toetredingsrange sekere kwalifikasievereistes waaraan die applikant moet voldoen. As in ag geneem word dat die kandidaat tevrede en gelukkig in sy beroep moet wees, is 'n sekere peil van opleiding van die kant van die kandidaat onvoldoende, aangesien dit 'n vereiste is dat die kandidaat ook aanleg en belangstelling in 'n beroep moet openbaar om uiteindelik daarin op te gaan en suksesvol te wees.

Derhalwe is dit nodig dat 'n leerling wat tot die beroepswêreld wil toetree, bekend moet wees met die voor- en nadele en die vereistes van die beroepe wat aangebied word en wat binne die raamwerk van sy vermoëns val - dit wil sê die leerling se belangstelling, aanleg, persoonlikheidsamestelling en intelligensie bepaal die beroepe waarvoor hy in aanmerking kan kom. Om te kan vasstel of die leerlinge 'n studie van beroepe maak en of hierdie studie die leerlinge moontlik kan beïnvloed om nie die onderwysberoep te kies nie, is vrae in dié verband aan die hoofde gestel en word die gegewens met betrekking tot hierdie vrae in die volgende twee paragrawe bespreek.

(i) Sekondêre skole wat leerlinge 'n studie van beroepe laat maak

In tabel 2.3 word aangedui watter persentasies sekondêre skole die leerlinge die geleentheid gee om 'n studie van beroepe te maak.

Volgens tabel 2.3 het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (60.6%) en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika (60.0%) die grootste groep skole wat leerlinge die geleentheid gee om 'n studie van beroepe te maak. Daarna volg in dalende orde Natal (58.3%), die

TABEL 2.3

STUDIE VAN BEROEPE AAN SEKONDÊRE SKOLE

| Onderwysowerhede | Ja | | Nee | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 35 | 48.6 | 37 | 51.4 | 72 | 100.0 |
| Natal | 7 | 58.3 | 5 | 41.7 | 12 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | 10 | 41.7 | 14 | 58.3 | 24 | 100.0 |
| Transvaal | 18 | 34.0 | 35 | 66.0 | 53 | 100.0 |
| Suidwes-Afrika | 3 | 60.0 | 2 | 40.0 | 5 | 100.0 |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | 20 | 60.6 | 13 | 39.4 | 33 | 100.0 |
| Nie-departementele skole | 15 | 53.6 | 13 | 46.4 | 28 | 100.0 |
| Totaal | 108 | 47.6 | 119 | 52.4 | 227 | 100.0 |

nie-departementele skole (53.6%), Kaapland (48.6%), Oranje-Vrystaat (41.7%) en Transvaal (34.8%) met 'n gemiddelde van 47.6 persent sekondêre skole in die land as geheel. Dit blyk dus dat aan 'n relatief groot groep van die skole van die onderskeie onderwysowerhede die leerlinge nie die geleentheid kry om 'n studie van beroepe te maak nie. 'n Studie van beroepe is belangrik, want dit stel die leerling in staat om kennis te maak met die beroepsmoontlikhede wat bestaan wat in die prosès van beroepsleiding daartoe lei dat die leerling 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse doen.

(ii) Sal die studie van beroepe leerlinge beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie?

Die skoolhoofde is gevra om aan te dui of hulle van mening is dat die studie van beroepe die leerlinge sal ontmoedig om die onderwysberoep as loopbaan te kies. Die hoofde van sekondêre skole en die hoofde van primêre en sekondêre skole as groep se mening in hierdie verband verskyn in onderskeidelik tabel 2.4 en tabel 2.5.

TABEL 2.4

SEKONDÊRE SKOOLHOOFDE: SAL DIE STUDIE VAN BEROEPE LEERLINGE BEÏNVLOED OM NIE DIE ONDERWYSBEROEP AS LOOPBAAN TE KIES NIE?

| Onderwysowerhede | Ja | | Nee | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 37 | 51.4 | 35 | 48.6 | 72 | 100.0 |
| Natal | 7 | 58.3 | 5 | 41.7 | 12 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | 14 | 58.3 | 10 | 41.7 | 24 | 100.0 |
| Transvaal | 35 | 66.0 | 18 | 34.0 | 53 | 100.0 |
| Suidwes-Afrika | 3 | 60.0 | 2 | 40.0 | 5 | 100.0 |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | 20 | 60.6 | 13 | 39.4 | 33 | 100.0 |
| Nie-departementele skole | 15 | 53.6 | 13 | 46.4 | 28 | 100.0 |
| Totaal | 131 | 57.6 | 96 | 42.4 | 227 | 100.0 |

TABEL 2.5

PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLHOOFDE AS GROEP: SAL DIE STUDIE VAN BEROEPE LEERLINGE BEÏNVLOED OM NIE DIE ONDERWYSBEROEP AS LOOPBAAN TE KIES NIE?

| Onderwysowerhede | Ja | | Nee | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaapland | 177 | 56.7 | 135 | 43.3 | 312 | 100.0 |
| Natal | 29 | 46.8 | 33 | 53.2 | 62 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | 26 | 57.8 | 19 | 42.2 | 45 | 100.0 |
| Transvaal | 171 | 65.0 | 92 | 35.0 | 263 | 100.0 |
| Suidwes-Afrika | 8 | 57.1 | 6 | 42.9 | 14 | 100.0 |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | 21 | 63.6 | 12 | 36.4 | 33 | 100.0 |
| Nie-departementele skole | 45 | 53.0 | 40 | 47.0 | 85 | 100.0 |
| Totaal | 477 | 58.6 | 337 | 41.4 | 814 | 100.0 |

a. Hoofde van sekondêre skole: Sal die studie van beroepe leerlinge beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie (kyk tabel 2.4)

Volgens tabel 2.4 is meer as die helfte van die hoofde van sekondêre skole die mening toegedaan dat die studie van beroepe leerlinge kan beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie (persentasies hoofde wissel van 51.4% (Kaapland) tot 66.0% (Transvaal) met 'n gemiddelde van 57.6% vir die land as geheel).

b. Hoofde van primêre en sekondêre skole as groep: Sal die studie van beroepe leerlinge beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie (kyk tabel 2.5).

Volgens tabel 2.5 is, behalwe Natal, die primêre en sekondêre skoolhoofde as groep in die meerderheid wat verklaar dat die studie van beroepe leerlinge sal beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie (persentasies hoofde wat Ja geantwoord het, wissel van 53.0% (nie-departementele skole) tot 65.0% (Transvaal) met 46.8% vir Natal, en 'n gemiddelde vir die land van 58.6%).

c. Gevolgtrekking

Die mening van die meerderheid van skoolhoofde is dat die studie van beroepe die leerlinge sal beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie. Hierdie mening van die hoofde moet beslis as belangrik beskou word, want 'n studie van beroepe stel leerlinge in staat om die onderwysberoep en ander beroepe ten opsigte van werksomstandighede, toetredingsvereistes, salaris, en die voor- en nadele in die algemeen, te vergelyk. Aangesien dit 'n voldonge feit is dat daar beroepe is wat dieselfde aantal jare of minder opleiding as vir die onderwysberoep vereis en beter besoldiging en vooruitgang in die algemeen bied, kan verwag word dat die studie van beroepe die leerlinge sal beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie.

3. Hulpmiddels wat gebruik word om die onderwysberoep aan leerlinge bekend te stel

Benewens 'n studie van beroepe is dit ook nodig om leerlinge aan beroepe in die praktyk bekend te stel. Benewens besoeke aan ondernemings kan deur middel van films, strookfilms en prente 'n goeie oorsig van die werksaamhede verbonde aan beroepe by die leerlinge tuisgebring word. In tabel 2.6 word die hulpmiddels aangedui wat aan skole gebruik word om die onderwysberoep aan die leerlinge bekend te stel.

TABEL 2.6

HULPMIDDELS WAT GEBRUIK WORD BY DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING AANGAANDE DIE ONDERWYSBEROEP AAN LEERLINGE

| Onderwysdepartemente | | Films | Strookfilms | Illustrasies | Leestof | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapland | N | 35 | 20 | 40 | 153 | 312 |
| | % | 11.2 | 6.4 | 13.1 | 49.0 | |
| Natal | N | 9 | 3 | 8 | 25 | 62 |
| | % | 14.5 | 4.8 | 12.9 | 40.3 | |
| Oranje-Vrystaat | N | 2 | - | 3 | 21 | 45 |
| | % | 4.4 | - | 6.7 | 46.7 | |
| Transvaal | N | 27 | 16 | 24 | 92 | 263 |
| | % | 10.3 | 6.1 | 9.1 | 35.0 | |
| Suidwes-Afrika | N | 4 | 1 | 1 | 8 | 14 |
| | % | 28.6 | 7.1 | 7.1 | 57.1 | |
| Onderwys, Kuns en | N | 1 | 1 | 2 | 11 | 33 |
| Wetenskap | % | 3.0 | 3.0 | 6.1 | 33.3 | |
| Nie-departementele | N | 15 | 7 | 15 | 36 | 85 |
| skole | % | 17.6 | 8.3 | 17.6 | 42.3 | |
| Totaal | N | 93 | 48 | 94 | 346 | 814 |
| | % | 11.4 | 5.9 | 11.6 | 42.5 | |

Uit tabel 2.6 is af te lei dat hulpmiddels in geringe mate aan skole gebruik word om die onderwysberoep aan leerlinge bekend te stel. Vir die land as geheel blyk leesstof (42.5%) meer as enige ander hulpmiddel gebruik te word, gevolg deur illustrasies (11.6%), films (11.4%) en strookfilms (5.9%). Wat die onderskeie onderwysowerhede betref, word leesstof ook meer as enige ander hulpmiddel gebruik (persentasies wissel van 33.3 tot 57.1%).

Die vraag ontstaan of dit nodig is om deur middel van genoemde hulpmiddels die onderwysberoep aan die leerlinge bekend te stel. As in ag geneem word dat 'n st. 10-leerling ten minste 12 jaar lank kennis dra van onderwysers en skoolaangeleenthede, is dit nie nodig om die onderwysberoep verder bekend te stel nie. Daar kan eerder gewys word op die eienskappe waaraan 'n onderwyser moet voldoen en wat die verantwoordelikhede van 'n onderwyser is, aangesien dit die leerlinge sal help om hulleself te evalueer om vas te stel of hulle as onderwyser sal aanpas.

### 2.3.3 Die opsporing van potensiële kandidate vir die onderwysberoep

Wanneer 'n persoon tot 'n beroep wil toetree, moet aan sekere kwalifikasies voldoen word en moet die persoon die geesteseienskappe (aanleg, belangstelling, persoonlikheid) besit wat hom 'n suksesvolle beoefenaar van die beroep sal maak. Die vraag ontstaan nou of daar vanuit die skool pogings aangewend word om potensiële kandidate op te spoor wat vir die onderwysberoep geskik is, en in watter stadium in die skoolloopbaan hierdie opsporing moet begin. In tabel 2.7 word aangedui of aan skole pogings aangewend word om potensiële onderwysers op vroeë ouderdom op te spoor en in tabel 2.8 word aangedui watter stadium in die skoolloopbaan vir hierdie opsporing die beste is.

TABEL 2.7

OPSPORING VAN POTENSIËLE KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP

| Onderwysowerhede | Skole met opsporingsaksie aan skole | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Kaap | 107 | 34.3 | 205 | 65.7 | 312 | 100.0 |
| Natal | 16 | 25.8 | 46 | 74.2 | 62 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | 17 | 37.8 | 28 | 62.2 | 45 | 100.0 |
| Transvaal | 99 | 37.7 | 164 | 62.3 | 263 | 100.0 |
| Suidwes-Afrika | 9 | 64.3 | 5 | 35.7 | 14 | 100.0 |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | 6 | 18.2 | 27 | 81.8 | 33 | 100.0 |
| Nie-departementele skole | 37 | 43.5 | 48 | 56.5 | 85 | 100.0 |
| Totaal | 291 | 35.8 | 523 | 64.2 | 814 | 100.0 |

TABEL 2.8

STADIUM IN DIE SKOOLLOOPBAAN VIR DIE OPSPORING VAN POTENSIËLE KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP

| Onderwysowerhede | | St. 5 | St. 6 | St. 7 | St. 8 | St. 9 | St. 10 | Onbekend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaap | N | 83 | 42 | 31 | 56 | 64 | 13 | 23 | 312 |
| | % | 26.6 | 13.5 | 9.9 | 17.9 | 20.5 | 4.2 | 7.4 | 100.0 |
| Natal | N | 7 | 14 | 6 | 8 | 17 | 4 | 6 | 62 |
| | % | 11.3 | 22.6 | 9.7 | 12.9 | 27.4 | 6.4 | 9.7 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | N | 3 | 7 | 10 | 8 | 10 | 3 | 4 | 45 |
| | % | 6.7 | 15.5 | 22.2 | 17.8 | 22.2 | 6.7 | 8.9 | 100.0 |
| Transvaal | N | 77 | 24 | 12 | 61 | 56 | 17 | 16 | 263 |
| | % | 29.3 | 9.1 | 4.6 | 23.2 | 21.3 | 6.5 | 6.0 | 100.0 |
| Suidwes-Afrika | N | 5 | 3 | 2 | 2 | 2 | - | - | 14 |
| | % | 35.7 | 21.4 | 14.3 | 14.3 | 14.3 | - | - | 100.0 |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | N | 3 | 4 | 3 | 6 | 11 | 1 | 5 | 33 |
| | % | 9.1 | 12.1 | 9.1 | 18.2 | 33.3 | 3.0 | 15.2 | 100.0 |
| Nie-departementele skole | N | 14 | 6 | 11 | 22 | 11 | 3 | 18 | 85 |
| | % | 16.5 | 7.1 | 12.9 | 25.9 | 12.9 | 3.5 | 21.2 | 100.0 |
| TOTAAL | N | 192 | 100 | 75 | 163 | 71 | 41 | 72 | 814 |
| | % | 23.6 | 12.3 | 9.2 | 20.0 | 21.0 | 5.1 | 8.8 | 100.0 |

1. <u>Opsporing van potensiële kandidate vir die onderwysberoep (kyk tabel 2.7)</u>

Uit tabel 2.7 is af te lei dat nagenoeg 'n derde van die sekondêre skole (35.8%) in die land pogings aanwend om potensiële kandidate vir die onderwysberoep op 'n vroeë ouderdom op te spoor en van die regte raad en leiding te dien om onderwys as loopbaan te kies. Word die onderskeie onderwysowerhede vergelyk, is daar persentasiegewys meer skole in Suidwes-Afrika (64.3%) wat pogings aanwend om potensiële onderwysers op te spoor as van die ander onderwysowerhede waarvan

die persentasies soos volg is: nie-departementele skole 43.5 persent; Oranje-Vrystaat 37.8 persent; Transvaal 37.7 persent; Natal 25.8 persent en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 18.2 persent. Relatief gesproke is daar groot getalle skole wat nie aandag aan die opsporing van moontlike kandidate vir die onderwysberoep gee nie.

2. Stadium in die skoolloopbaan vir die opsporing van potensiële kandidate vir die onderwysberoep

Betreffende die gewenste standerd aan die sekondêre skool om kandidate vir die onderwysberoep op te spoor (kyk tabel 2.8) is die menings van die hoofde uiteenlopend. Vir die land as geheel is 23.6 persent van die hoofde van mening dat die opsporingsaksie in st. 5 moet begin, terwyl 21.0 en 20.0 persent hoofde onderskeidelik sts. 9 en 10 as die gewenste standerd aandui. Van belang is dat st. 10 (5.1%) en sts. 6 en 7 die ongewenste standerds is om met die opsporing van kandidate vir die onderwysberoep te begin.

Wat die onderwysowerhede betref, is die hoofde wat st. 5 aandui as die gewenste standerd om die opsporingsaksie te begin, vir Kaapland (26.6%), Transvaal (29.3%) en Suidwes-Afrika (35.7%) die grootste, terwyl die tweede grootste groep hoofde vir Kaapland, Transvaal en Suidwes-Afrika onderskeidelik st. 9 (20.5%), st. 8 (23.2%) en st. 6 (21.4%) aandui. Daarenteen dui die grootste groep hoofde van Natal st. 9 (27.4%) en die Oranje-Vrystaat sts. 7 en 9 (albei 22.2%), Onderwys, Kuns en Wetenskap st. 9 (33.3%) en die nie-departementele skole st. 8 (25.9%) aan. Dit blyk dus dat daar by skoolhoofde onsekerheid bestaan oor watter standerd die gewenste standerd is om met die opsporing van kandidate vir die onderwysberoep te begin.

## 2.4 HOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE EN DOSERENDE PERSONEEL VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS, WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL

Die vraag wat dikwels ontstaan is of hoofde en assistente van skole en die doserende personeel van inrigtings vir die opleiding van onderwysers die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel indien leerlinge hulle insake 'n beroepskeuse kom raadpleeg. Hoofde en assistente van skole waaraan 'n hulpsoekende leerling verbonde is, dra kennis van die leerling se skoolprestasie en het 'n geheelbeeld van die leerling as persoon waarvolgens geoordeel kan word of die onderwysberoep by die leerling aanbeveel kan word of nie. Hoofde en assistente wat nie inligting aangaande die leerling besit nie, se besluit om die onderwysberoep by die leerling aan te beveel sal deur die hoof of onderwyser se gesindheid teenoor sy eie beroep bepaal word. Trouens, die gesindheid van die hoof en die assistent asook die gesindheid van die doserende personeel aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers teenoor die onderwysberoep sal 'n bepalende faktor wees wanneer besluit moet word of die onderwysberoep by 'n leerling aanbeveel moet word of nie. In die geval van die dosente is die leerling, wat skoolprestasie en persoonlikheid betref, 'n onbekende en sal die gesindheid van die dosent teenoor die onderwysberoep bepaal of die onderwysberoep by 'n leerling aanbeveel kan word of nie. Derhalwe is hoofde en assistente van skole, die hoofde en dosente van opleidingsinrigtings gevra om aan te dui of hulle die onderwysberoep by die meer sowel as die normaal begaafde seun asook dogter met of sonder die nodige aanleg vir die onderwysberoep, sal aanbeveel of nie.

### 2.4.1 Skoolhoofde wat die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel

In tabel 2.9 word aangedui watter getal en persentasie skoolhoofde die onderwysberoep by 'n leerling sal aanbeveel, volgens onderwysowerhede ontleed met 'n totaalbeeld vir die land (kyk tabel 2.9).

(a) Landsbeeld

Opvallend is dat meer as tagtig persent van die skoolhoofde in die land die onderwysberoep by sowel die meer begaafde seun (82.9%, Ry 1) en dogter (89.1%, Ry 5) as die normaal begaafde seun (87.4%, Ry 3) en dogter (88.3%, Ry 7)

TABEL 2.9

SKOOLHOOFDE WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLING SAL AANBEVEEL

| Leerlinge volgens begaafdheid en aanleg | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | Nie-departementele skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1) Meer begaafde seun met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 262 | 84.0 | 51 | 82.3 | 40 | 88.9 | 216 | 82.1 | 12 | 85.7 | 24 | 72.7 | 70 | 82.3 | 675 | 82.9 |
| | Nee | 22 | 7.0 | 7 | 11.3 | 3 | 6.7 | 22 | 8.4 | 0 | 0.0 | 2 | 6.1 | 1 | 1.2 | 57 | 7.0 |
| 2) Meer begaafde seun sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 6 | 2.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 2.3 | 1 | 7.1 | 0 | 0.0 | 4 | 4.7 | 17 | 2.1 |
| | Nee | 275 | 88.1 | 57 | 91.9 | 43 | 95.5 | 240 | 91.2 | 13 | 92.9 | 28 | 84.8 | 58 | 68.2 | 714 | 87.7 |
| 3) Normaal begaafde seun met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 274 | 87.8 | 54 | 87.1 | 41 | 91.1 | 232 | 88.3 | 12 | 85.7 | 26 | 78.8 | 72 | 84.7 | 711 | 87.4 |
| | Nee | 13 | 4.2 | 4 | 6.5 | 1 | 2.2 | 12 | 4.5 | 1 | 7.1 | 1 | 3.0 | 0 | 0.0 | 32 | 3.9 |
| 4) Normaal begaafde seun sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 5 | 1.6 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 1.2 | 9 | 1.1 |
| | Nee | 280 | 89.7 | 57 | 91.9 | 43 | 95.5 | 244 | 92.8 | 13 | 92.9 | 28 | 84.8 | 68 | 80.0 | 733 | 90.1 |
| 5) Meer begaafde dogter met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 282 | 90.4 | 58 | 93.6 | 44 | 97.8 | 234 | 89.0 | 13 | 92.9 | 25 | 75.7 | 69 | 83.1 | 725 | 89.1 |
| | Nee | 14 | 4.4 | 3 | 4.8 | 1 | 2.2 | 11 | 4.2 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 0 | 0.0 | 30 | 3.7 |
| 6) Meer begaafde dogter sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 8 | 2.6 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 8 | 3.0 | 2 | 14.3 | 1 | 3.0 | 5 | 5.9 | 24 | 2.9 |
| | Nee | 267 | 85.6 | 58 | 93.6 | 44 | 97.8 | 235 | 89.4 | 11 | 78.6 | 26 | 78.8 | 59 | 69.4 | 700 | 86.0 |
| 7) Normaal begaafde dogter met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 281 | 90.0 | 59 | 95.2 | 43 | 95.6 | 232 | 88.2 | 11 | 78.6 | 25 | 75.8 | 68 | 80.0 | 719 | 88.3 |
| | Nee | 15 | 4.8 | 1 | 1.6 | 1 | 2.2 | 15 | 5.7 | 2 | 14.3 | 1 | 3.0 | 1 | 1.2 | 36 | 4.4 |
| 8) Normaal begaafde dogter sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 7 | 2.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 1.9 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 2 | 2.4 | 15 | 1.8 |
| | Nee | 275 | 88.2 | 59 | 95.2 | 44 | 97.8 | 240 | 91.2 | 13 | 92.9 | 26 | 78.8 | 64 | 75.3 | 721 | 88.6 |
| Totale waarop % bereken is | | 312 | 100.0 | 62 | 100.0 | 45 | 100.0 | 263 | 100.0 | 14 | 100.0 | 33 | 100.0 | 85 | 100.0 | 814 | 100.0 |

sal aanbeveel, as die leerling die nodige aanleg vir die onderwysberoep het. Daarenteen sal 86.0 persent en meer van die hoofde nie die onderwysberoep by 'n leerling wat nie die nodige aanleg vir die onderwysberoep besit nie, aanbeveel nie (kyk Rye 2,6,4 en 8 onder Totaalkolom). Dit blyk dus dat die aanleg vir die onderwysberoep by die hoofde beslis swaarder weeg as die begaafdheid van die leerling.

(b) Beeld vir die onderskeie onderwysowerhede

Die grootste groep van die hoofde van die ses onderwysdepartemente en die nie-departementele skole sal die onderwysberoep alleenlik by die meer begaafde sowel as die normaal begaafde seun en dogter aanbeveel as die seun of dogter die nodige aanleg vir die onderwysberoep het. (Persentasies vir die onderwys-owerhede wissel soos volg: (a) meer begaafde leerlinge: Seuns: Ry 1, 72.7% Onderwys, Kuns en Wetenskap - 88.9% Oranje-Vrystaat; dogters: Ry 5, 75.7% Onderwys, Kuns en Wetenskap - 97.8% Oranje-Vrystaat, (b) normaal begaafde leerlinge: seuns: Ry 3, 78.8% Onderwys, Kuns en Wetenskap - 91.1% Oranje-Vrystaat; dogters: Ry 7, 75.8% Onderwys, Kuns en Wetenskap - 95.6% Oranje-Vrystaat.)

2.4.2 Assistente wat die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel

In tabel 2.10 word 'n oorsigtelike beeld gegee van die getal en persentasie assistente van die onderskeie onderwysowerhede wat die onderwysberoep by 'n leerling sal aanbeveel (kyk tabel 2.10).

(a) Landsbeeld

Die assistente wat die onderwysberoep by die meer begaafde seun (70.7%, Ry 1) en dogter (81.7%, Ry 5) en die normaal begaafde seun (85.1%, Ry 3) en dogter 87.3%, Ry 7) met die nodige aanleg vir die onderwysberoep, sal aanbeveel, is in die meerderheid. Die feit dat meer as negentig persent van die assistente nie die onderwysberoep by die meer begaafde seun (92.5%, Ry 2) en dogter (90.9%, Ry 6) en die normaal begaafde seun (92.6%, Ry 4) en dogter (91.9%, Ry 8) sonder die nodige aanleg vir die onderwysberoep sal aanbeveel nie, dui daarop dat die aanleg vir die onderwysberoep swaarder weeg as die begaafdheid van die leerling.

Beoordeel volgens die persentasies assistente wat die onderwysberoep by 'n leerling wat die nodige aanleg vir die onderwysberoep het sal aanbeveel, is daar op te merk dat groter persentasies assistente die onderwysberoep by die normaal begaafde seun en die meer en die normaal begaafde dogter as by die meer begaafde seun sal aanbeveel. Dit wil dus voorkom asof daar 'n neiging by assistente is dat die onderwysberoep vir die normaal begaafde seun en die meer en die normaal begaafde dogter bedoel is, mits hulle die nodige aanleg vir die onderwysberoep het eerder as vir die meer begaafde seun met die nodige aanleg vir die onderwysberoep.

(b) Beeld vir die onderskeie onderwysowerhede

Wat die onderskeie onderwysowerhede betref, is die assistente in die meerderheid wat die onderwysberoep sal aanbeveel by die meer begaafde seun (68.7% Transvaal - 77.5% Onderwys, Kuns en Wetenskap, Ry 1) en meer begaafde dogter (79.5% nie-departementele skole - 88.3% Oranje-Vrystaat Ry 5) en die normaal begaafde seun (83.0% nie-departementele skole - 86.7% Natal, Ry 3) en normaal begaafde dogter (83.8% Onderwys, Kuns en Wetenskap - 93.9% Oranje-Vrystaat, Ry 7) met die nodige aanleg vir die onderwysberoep. As in ag geneem word dat 78.4 persent en meer van die assistente van die onderskeie onderwysowerhede nie die onderwysberoep by 'n leerling sal aanbeveel nie as die leerling nie die nodige aanleg vir die onderwysberoep het nie, blyk dit dat die aanleg vir die onderwysberoep vir die assistente belangriker is as die begaafdheid van die leerling (kyk Rye 2,4,6 en 8).

TABEL 2.10

ASSISTENTE WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL

| Leerlinge volgens begaafdheid en aanleg | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | Nie-departementele skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1) Meer begaafde seun met die nodige aanleg | Ja | 531 | 71.2 | 164 | 70.4 | 171 | 74.0 | 795 | 68.7 | 34 | 70.8 | 148 | 77.5 | 61 | 69.3 | 1904 | 70.7 |
| | Nee | 135 | 18.1 | 46 | 19.7 | 40 | 17.3 | 234 | 20.2 | 8 | 16.7 | 22 | 11.5 | 8 | 9.1 | 493 | 18.3 |
| 2) Meer begaafde seun sonder die nodige aanleg | Ja | 14 | 1.9 | 6 | 2.6 | 6 | 2.6 | 18 | 1.6 | 0 | 0.0 | 6 | 3.1 | 4 | 4.5 | 54 | 2.0 |
| | Nee | 687 | 92.1 | 219 | 94.0 | 217 | 93.9 | 1084 | 93.7 | 46 | 95.8 | 168 | 88.0 | 71 | 80.7 | 2492 | 92.5 |
| 3) Normaal begaafde seun met die nodige aanleg | Ja | 625 | 83.8 | 202 | 86.7 | 212 | 91.8 | 978 | 84.5 | 40 | 83.3 | 163 | 85.3 | 73 | 83.0 | 2293 | 85.1 |
| | Nee | 60 | 8.0 | 17 | 7.3 | 9 | 3.9 | 103 | 8.9 | 4 | 8.3 | 9 | 4.7 | 4 | 4.5 | 206 | 7.6 |
| 4) Normaal begaafde seun sonder die nodige aanleg | Ja | 9 | 1.2 | 7 | 3.0 | 4 | 1.7 | 15 | 1.3 | 2 | 4.2 | 1 | 0.5 | 3 | 3.4 | 41 | 1.5 |
| | Nee | 686 | 92.0 | 213 | 91.4 | 217 | 93.9 | 1090 | 94.2 | 44 | 91.7 | 171 | 89.5 | 74 | 84.1 | 2495 | 92.6 |
| 5) Meer begaafde dogter met die nodige aanleg | Ja | 605 | 81.1 | 199 | 85.4 | 204 | 88.3 | 932 | 80.6 | 38 | 79.2 | 154 | 80.6 | 70 | 79.5 | 2202 | 81.7 |
| | Nee | 84 | 11.3 | 17 | 7.3 | 16 | 6.9 | 173 | 15.0 | 4 | 8.3 | 13 | 6.8 | 3 | 3.4 | 310 | 11.5 |
| 6) Meer begaafde dogter sonder die nodige aanleg | Ja | 14 | 1.9 | 4 | 1.7 | 6 | 2.6 | 23 | 2.0 | 0 | 0.0 | 4 | 2.1 | 5 | 5.7 | 56 | 2.1 |
| | Nee | 682 | 91.4 | 215 | 92.3 | 212 | 91.8 | 1068 | 92.3 | 44 | 91.7 | 159 | 83.2 | 69 | 78.4 | 2449 | 90.9 |
| 7) Normaal begaafde dogter met die nodige aanleg | Ja | 637 | 85.4 | 218 | 93.6 | 217 | 93.9 | 999 | 86.3 | 44 | 91.7 | 160 | 83.8 | 76 | 86.4 | 2351 | 87.3 |
| | Nee | 51 | 6.8 | 9 | 3.9 | 6 | 2.6 | 109 | 9.4 | 0 | 0.0 | 6 | 3.1 | 3 | 3.4 | 184 | 6.8 |
| 8) Normaal begaafde dogter sonder die nodige aanleg | Ja | 8 | 1.1 | 1 | 0.4 | 2 | 0.9 | 24 | 2.1 | 0 | 0.0 | 1 | 0.5 | 3 | 3.4 | 39 | 1.4 |
| | Nee | 681 | 91.3 | 221 | 94.8 | 220 | 95.2 | 1078 | 93.2 | 42 | 87.5 | 163 | 85.3 | 72 | 81.8 | 2477 | 91.9 |
| Totaal waarop % bereken is | | 746 | 100.0 | 233 | 100.0 | 231 | 100.0 | 1157 | 100.0 | 48 | 100.0 | 191 | 100.0 | 88 | 100.0 | 2694 | 100.0 |

Dit val verder op dat, veral wat die assistente van Transvaal en die nie-departementele skole betref, die assistente meer geneig voel om die onderwysberoep by die normaal begaafde seun en die meer en normaal begaafde dogter met die nodige aanleg vir die onderwysberoep, aan te beveel as om die onderwysberoep by die meer begaafde seun met die aanleg vir die onderwysberoep aan te beveel.

### 2.4.3 Hoofde, onderhoofde en dosente van inrigtings vir die opleiding van onderwysers wat die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel

In tabel 2.11 word 'n landsbeeld van die getalle en persentasies hoofde en dosente van inrigtings vir die opleiding van onderwysers gegee wat die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel (kyk tabel 2.11).

Opvallend is dat meer as twee derdes van die hoofde asook die onderhoofde en dosente die onderwysberoep by sowel die meer en normaal begaafde seun en dogter met die nodige aanleg vir die onderwysberoep, sal aanbeveel. Daarenteen sal meer as vier vyfdes van die hoofde en die dosente nie die onderwysberoep by leerlinge wat nie die aanleg vir die beroep het nie, aanbeveel nie. Dit blyk dat die aanleg vir die onderwysberoep swaarder weeg as die begaafdheid van die leerling.

Interessant is dat die persentasie hoofde (68.9%) en onderhoofde en dosente (78.0%) wat die onderwysberoep by die meer begaafde seun met die nodige aanleg vir die beroep sal aanbeveel, kleiner is as die persentasie hoofde en onderhoofde en dosente wat die onderwysberoep sal aanbeveel by die normaal begaafde seun en die meer en normaal begaafde dogter met die aanleg vir die onderwysberoep (kyk Rye 1,3,5 en 7). Beoordeel volgens die persentasies wil dit voorkom asof die hoofde en onderhoofde en dosente die onderwysberoep eerder as 'n beroep vir die normaal begaafde seun en die meer en normaal begaafde dogter as vir die meer begaafde seun beskou.

## 2.5 REDES WAAROM PERSONEEL AAN SKOLE EN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS NIE DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL NIE

Alhoewel daar volgens die voorgaande paragrawe om en by vier vyfdes van die onderwyspersoneel is wat die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel, as hulle die nodige aanleg vir die onderwysberoep het, is daar tog personeel wat nie geneë is om die onderwysberoep by leerlinge aan te beveel nie. Die onderwysers wat nie bereid is om die onderwysberoep by leerlinge aan te beveel nie, is nie noodwendig die ongelukkiges en ontevredenes nie, maar kan ook die personeel wees wat beroepsgeluk en -tevredenheid uit hulle beroep in onderwys put. Daar moet onthou word dat daar personeel is wat die onderwysberoep teen ander beroepe opweeg wat dieselfde of korter opleidingsperiode na st. 10 vereis as die onderwys en wat vir die beoefenaar groter finansiële voordele, beter bevorderingsmoontlikhede, meer status en beter diensvoorwaardes en -omstandighede as die onderwysberoep inhou. Hierdie vergelyking van beroepe kan tot gevolg hê dat alhoewel 'n onderwyser gelukkig en tevrede in sy beroep is, hy nie bereid sal wees om die beroep by leerlinge aan te beveel nie.

Volgens tabel 6.4 (hoofstuk 6) sal 12.2 persent van die onderwysers in die land nie die onderwysberoep by leerlinge aanbeveel nie. Die redes waarom hierdie personeel nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie, word in rangorde in tabelle 6.5, 6,6 en 6.7 (hoofstuk 6) vir onderskeidelik hoofde en die onderhoofde en assistente van skole en vir die hoofde en die onderhoofde en dosente van opleidingskolleges aangedui. Die sewe redes wat in rangorde geplaas moes word, is die volgende:

Die onderwyser se status is nie na wense nie ..........
Die salaris van 'n onderwyser is te swak ............
Bevorderingsmoontlikhede is te gering ...........
Die diensregulasies is te onbevredigend ..........
Onderwys is 'n veeleisende beroep .........
Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag .........
Daar is te veel beperkinge op die onderwyser om as gewone landsburger tot sy reg te kom ............

TABEL 2.11

HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS WAT DIE ONDERWYSBEROEP BY LEERLINGE SAL AANBEVEEL

| | Leerling volgens begaafdheid en aanleg | | Hoofde | | Onderhoofde en dosente | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | N | % | N | % |
| 1. | Meer begaafde seun met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 20 | 68.9 | 397 | 78.0 |
| | | Nee | 3 | 10.3 | 67 | 13.2 |
| 2. | Meer begaafde seun sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 0 | 0.0 | 7 | 1.4 |
| | | Nee | 26 | 89.7 | 481 | 94.5 |
| 3. | Normaal begaafde seun met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 24 | 82.8 | 470 | 92.3 |
| | | Nee | 0 | 0.0 | 17 | 3.3 |
| 4. | Normaal begaafde seun sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 0 | 0.0 | 4 | 0.8 |
| | | Nee | 25 | 86.2 | 489 | 96.1 |
| 5. | Meer begaafde dogter met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 24 | 82.8 | 463 | 91.0 |
| | | Nee | 0 | 0.0 | 29 | 5.7 |
| 6. | Meer begaafde dogter sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 0 | 0.0 | 8 | 1.6 |
| | | Nee | 26 | 89.7 | 477 | 93.7 |
| 7. | Normaal begaafde dogter met die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 25 | 86.2 | 487 | 95.7 |
| | | Nee | 0 | 0.0 | 15 | 2.9 |
| 8. | Normaal begaafde dogter sonder die nodige aanleg vir die onderwys | Ja | 0 | 0.0 | 4 | 0.8 |
| | | Nee | 25 | 86.2 | 493 | 96.9 |
| | Totale waarop % bereken is | | 25 | 100.0 | 509 | 100.0 |

As die eerste vier redes waarom die genoemde onderwyspersoneel nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie, van nader beskou word, blyk dit soos volg te wees:

(a) Skoolhoofde

Die meerderheid van die hoofde voer aan dat die redes bevorderingsmoontlikhede is te gering, die onderwyser het geen status, onderwys is 'n veeleisende beroep en die salaris van 'n onderwyser is te swak, hulle daarvan sal weerhou om die onderwysberoep by leerlinge aan te beveel.

(b) Onderhoofde en assistente

Die meerderheid van die onderhoofde en assistente voer aan dat die redes bevorderingsmoontlikhede is te gering, die salaris van 'n onderwyser is te swak, onderwys is 'n veeleisende beroep en die onderwyser het geen status, hulle daarvan sal weerhou om die onderwysberoep by leerlinge aan te beveel.

(c) Hoofde, onderhoofde en dosente van opleidingsinrigtings vir onderwysers

Die meerderheid van die personeel voer aan dat die redes bevorderingsmoontlikhede is te gering, onderwyser het geen status, onderwys is 'n veeleisende beroep, en die salaris van 'n onderwyser is te swak, hulle daarvan sal weerhou om die onderwysberoep by leerlinge aan te beveel.

Dit blyk dus dat die meerderheid van die onderwyspersoneel die tekortkominge met betrekking tot bevorderingsmoontlikhede, salaris en status beklemtoon as redes waarom hulle nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie, terwyl die redes wat op diensvoorwaardes en diensomstandighede betrekking het van minder belang skyn te wees.

# HOOFSTUK 3

## DIE WERWING VAN LEERLINGE AS KANDIDATE VIR DIE ONDERWYSBEROEP IN OORSESE LANDE

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep, soos dit in oorsese lande geskied. Oor die algemeen is die ontwikkelde lande gekies en word die prosedure(s) van werwing ten opsigte van die Verenigde State van Amerika, Engeland, Skotland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland bespreek. Literatuur insake die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep in Nederland, Frankryk, Federale Republiek van Duitsland, Skandinawië en Rusland is ook nagegaan. In hierdie lande is 'n hervorming van die opleiding van en die uitreiking van sertifikate aan onderwysers belangriker geag as direkte werwing van kandidate. Hierdie hervorming van opleiding en uitreiking van sertifikate beoog om die onderwysberoep aantreklik te maak deurdat in sommige lande die standaard van opleiding verhoog is om die onderwys op hierdie wyse status te gee, terwyl ander lande die opleidingsperiode verkort het asook die toelatingsvereistes vir opleiding verlaag het om op hierdie wyse die opleiding van onderwysers aantreklik te maak. Daar word ook deur die lande aandag geskenk aan die diensvoorwaardes en diensomstandighede van onderwysers en hervorming in hierdie verband is ook om die beroep aantreklik te maak. Miskien kan die optrede van hierdie lande as indirekte werwing beskou word omdat vanaf die opleiding van die onderwysstudent tot by die onderwyser in die praktyk daar gepoog word om die opleiding en die beoefening van die beroep aantreklik te maak, om belangstelling in die onderwysberoep te wek. Met hierdie veranderinge word ook gepoog om die bedanking van onderwysers te bekamp.

## 3.2 WERWING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

In verskeie state bestaan daar klubs aan sekondêre skole en universiteite wat dit hulle ten doel stel om die onderwysprofessie as loopbaan onder die aandag te bring van veral senior skoliere en studente. Hierdie „Future Teachers of America" (F.T.A.)-klubs wat in 1938 deur die „National Education Association of America" (N.E.A.) gestig is (21, bl. 71), het in 1953 oor meer as 500 universiteitsklubs met 'n ledetal van 24,000 en meer as 2,000 sekondêre skoolklubs met 'n ledetal van 32,000 beskik (43 bl. 334-335). Die bestaan van hierdie klubs vorm 'n stelsel van selektiewe werwing aangesien lede in noue kontak met die bedrywighede van die onderwyser gebring word. Waar slegs reklame gedoen word, word hierdie omstandighede nie tuisgebring by die leerlinge nie. Die klubs spits hulle werksaamhede toe op beroepsontdekking van die onderwys as 'n loopbaan en bied geleenthede vir kontak- en werksgeleenthede met plaaslike staats- en nasionale onderwysinstansies. Lede van hierdie klubs is van tyd tot tyd die bestaande onderwyspersoneel behulpsaam met die waarneem van klasse. In sommige gevalle bestaan daar ook 'n leerling-administrasiedag wanneer die leerlinge wat geselekteer en daartoe voorberei is, die skool beheer vir 'n dag (37, bl. 19 en 40 (a) bl. 31). Die „Future Teachers of America"-klubs word ten tye van somerskole vir kinders in die staat Illinois aktief in die onderwysprogram ingeskakel. Gedurende die Elementêre Somerskool van 1960 is twee lede toegewys aan elke onderwyser wat in beheer was van 'n groep leerlinge. Hierdie onderwyserhulp („teacher aides") het dan met kleiner groepies leerlinge take onderneem, samesprekings met onderwysers gevoer ten opsigte van beplanning en beheer help uitoefen. Hulle het ook as algemene aflospersoneel gedien wanneer nodig, byvoorbeeld ten tye van onderwyser-ouer-samesprekings. Hulle het volle toegang gehad tot onderwyserkwartiere en voorregte en het dus met die personeel saamgewerk en -geleef en kon 'n begrip vorm van die onderwysberoep as werkkring (35, bl. 412). In sommige state bestaan daar 'n soortgelyke beweging, naamlik die „Teacher's Cadet Corps" wat hulle hoofsaaklik daarop toespits om as senior leerlinge hulp aan onderwysers te verleen ten opsigte van klaswerk (39, bl. 28 - 29).

Daar word vanuit die skole pogings aangewend om leerlinge wat belangstel in die onderwys as 'n moontlike loopbaan en hulle ouers te betrek in 'n situasie wat die leerling sal beïnvloed om die onderwysberoep te kies deur die aanbieding van dramas wat die belonings verbonde aan onderwys uitbeeld, die hou van debatsbesprekings en sosiale verkeer met die onderwysers.

Die „National Education Association" (N.E.A.), 'n Amerikaanse Onderwyservereniging met meer as die helfte van die onderwysers in die Verenigde State van Amerika as lede, stuur elke Aprilmaand 'n veldtog van stapel om kandidate vir die onderwysberoep te werf. Tydens hierdie „Teaching Career Month" word die onderwys as loopbaan in die kalklig geplaas deur middel van nuusblaaie en tydskrifte en die uitsaaiwese. Spesiale leesstof en films oor onderwysaangeleenthede, byvoorbeeld werwing, opleiding en die onderwyser in die praktyk, word beskikbaar gestel (40(b), bl. 77).

Publieke organisasies word deur byvoorbeeld die „Optimist's Club" en ouer-onderwysersverenigings aangemoedig om erkenning te gee aan onderwysers vir die dienste wat hulle lewer. Sodanige verenigings toon noue samewerking met skole ten opsigte van sake rakende die onderwys en die gemeenskap (21, bl. 70 - 72).

Die verskillende state gaan van die standpunt uit dat moontlike onderwysstudente individueel genader moet word om die gegewens aangaande die beroep aan hulle te stel. Van die skoolhoofde word die name en adresse van die moontlike onderwysstudente verkry en aan hulle word bekendstellingsbriewe gestuur wat opgevolg word deur spesifieke gegewens omtrent onderwys as beroepskeuse.

Die werwing van onderwysers word ook benadruk vanuit 'n oogpunt van die besparing van arbeidskragte. Daar was 'n aanbeveling deur die „National Citizens' Commission" dat samesprekings en samewerking tussen universiteite en skole moet plaasvind om verdienstelike leerlinge te bevorder deur middel van die vrystelling van gedeeltes van kursusse op skool of universiteit. Op so 'n wyse sal duplisering van leerstof uitgeskakel word en meer arbeidskrag vrygestel word (39, bl. 16). 'n Verdere aanbeveling in dieselfde verband was die maksimale gebruik van oudio-visuele en ouditiewe hulpmiddels (39, bl. 21). Die Kommissie stel ook voor dat gedurige kontak gehou moet word met die handel en industrieë deur middel van wedersydse besoeke en besprekings om belangstelling, die verskaffing van hulpmiddele en goeie gesindheid te bevorder en gemeenskaplike vereistes en probleme te bespreek (39, bl. 41-42).

## 3.3 WERWING IN ENGELAND

Alhoewel die literatuur weinig lig werp op die direkte werwing van leerlinge aan skole as kandidate vir die onderwysberoep, moet aanvaar word dat werwing geskied want die uitgangspunt met werwing, soos gestel deur die „Central Advisory Council for Education", is dat genoegsame gekwalifiseerde mans en dames genoegsaam opgelei moet word om spesifieke vakonderrig te onderneem en moet daar genoegsame hulp en leiding gegee word aan beginner-onderwysers gedurende die eerste fase van hulle onderwysloopbaan. Die Raad beklemtoon ook dat by voltooiing van opleiding daar nie verwys moet word na die soveelste onderwyser wat opgelei is nie maar na die soveelste vakonderwyser wat opgelei is, om sodoende die noodsaaklikheid van die voorsiening in die behoefte aan vakonderwysers te beklemtoon (64, bl. 430 - 431).

Die benadering van werwing deur die genoemde Raad blyk daarop toegespits te wees om onderwysers te behou en in hierdie verband is veral aandag aan diensvoorwaardes en diensomstandighede gegee. Hierdie benadering het tot gevolg dat die onderwysberoep aantrekliker gemaak word. Gevolglik kan dit daartoe lei dat leerlinge in die onderwysberoep sal belangstel en kan hierdie benaderingswyse as indirekte werwing beskou word. Derhalwe is dit nodig om die aanbevelings van hierdie Raad insake die onderwysberoep te bespreek. Met betrekking tot die tekort aan onderwysers is gevind dat gedurende 1958 400 skoolwerkswinkels gesluit was weens die tekort aan gekwalifiseerde instrukteurs en dat gedurende 1955 slegs 11 persent van 3,500 naaldwerkinstruktrises gekwalifiseerd was (64, bl. 434). In 1962 is spesiale verhogings vir tegniese onderwysers aangekondig met spesiale bonusse vir werk van besondere verantwoordelikheid om die toenemende tekort te probeer bekamp (24(h), bl. 219). Onderhoudstoelaes aan studente wat opleiding ondergaan, is in 1962 in die geval van onderwysstudente verhoog met 30 persent teenoor 10 persent vir studente in ander studierigtings (24(g), bl. 147). Benewens die oorheersende gebrek aan onderwysers op tegniese gebied, is daar ook 'n tekort aan onderwysers vir die natuurwetenskaplike vakke en vir Wiskunde. Gedurende 1958 was 2.3 persent (± 6,000) van die leerkragte aan staatsgesubsidieerde skole ongekwalifiseerd terwyl ongeveer 22 persent van alle leerkragte gegradueerd was (64, bl. 431).

Die Raad het ook aandag geskenk aan die verskaffing van aspirant-onderwysstudente vanuit die „grammar"- en „modern"-skole asook die kwalifikasies van personeel aan hierdie skole verbonde. Daar is gevind dat die feitlike monopolie wat „grammar"-skole gehad het in die verskaffing van aspirantonderwysstudente afneem ten gunste van „modern"-skole. Ten opsigte van kwalifikasies van onderwyspersoneel is gevind dat primêre skole hoofsaaklik onderwyskollege-opgeleides;

„modern"-skole onderwyskollege-opgeleides plus soveel moontlik gegradueerdes; en „grammar"-skole hoofsaaklik gegradueerdes in diens neem. Die ideaal wat deur die Raad aanbeveel is, is 'n meer gelyke verdeling van gediplomeerde en gegradueerde onderwysers tussen die „modern"- en „grammar"-skole veral waar die diplomakursus tot drie jaar opleiding verhoog is (64, bl. 435 - 436). Indirek impliseer hierdie aanbeveling 'n verhoging van die status van die onderwyser wat sal meehelp dat meer leerlinge of ander persone in die onderwys as loopbaan sal belangstel.

Die Raad het ook aanbeveel dat korttermyn-onderwysposte geskep moet word om getroude vroue in staat te stel om die personeeltekort te help verlig wanneer nodig en dat persone buite die onderwys in sommige gevalle in diens geneem moet word vir tegniese onderrig. Die Raad het hierdie aanbeveling gedoen in die lig dat onderwys nie net gesien moet word as 'n voltydse beroep nie maar dat van deeltydse onderwysers en onderwysers wat van tyd tot tyd aangestel word, gebruik gemaak moet word (64, bl. 441). In hierdie verband word gevind dat gedurende 1961 getroude dames vir half-tyd in diens aangestel is en dat sodanige diens in ag geneem is vir pensioenvoorregte (24(b), bl. 80).

Daar is verder ook aanbeveel dat onderwysers van klerklike en administratiewe pligte vrygestel moes word en dat onderwyserhulp aangestel moes word in laboratoria en werkswinkels. In hierdie verband word ook verwys na 'n latere stelling van Vaizey, naamlik: „If steps could be taken to increase the productivity of teachers by the use of ancillary workers and modern technological devices it would be highly probable that their professional status would be enhanced, and that this in turn would tend to raise their remuneration" (56, bl. 22).

Vanaf April 1961 is salarisse van mans en dames gelyk gestel vir gelyke poste en pensioenvoorregte is ooreenstemmend aangepas (24(c), bl. 145). Dit blyk dus dat daar van owerheidsweë verskeie aanpassings gemaak is om die onderwysberoep op 'n stewiger grondslag te plaas asook die samewerking van 'n groter paneel vir tegniese onderrig te verkry en sodoende die onderwys meer onder die aandag van die gemeenskap te bring. Met hierdie doel voor oë is daar gedurende 1962 'n „Onderwysveldtog" („Educational Campaign") belê waarheen 60 opvoedkundige organisasies uitgenooi is met die doel om die vooruitgang van die onderwys te bespreek en na te streef (24(g), bl. 147).

Vanaf 1961 word van owerheidsweë meer aandag geskenk aan indiensopleiding. In 1961 was daar 'n toename van 9.3 persent onderwysers (totale getal 2673) wat hulle vir 173 voltydse kursusse aangemeld het ter verbetering van hulle kwalifikasies (67, bl. 65). In die geval van kort kursusse word dubbel die hoeveelheid aansoeke ontvang vir die vakatures wat bestaan (67, bl. 65).

## 3.4 WERWING IN SKOTLAND

Uit die literatuur het dit geblyk dat in Skotland pogings aangewend word om die onderwysberoep aantreklik te maak met die doel om meer belangstelling in die beroep by die gemeenskap, wat leerlinge sowel as volwassenes insluit, te wek en om die dienende onderwysers te beloon. Vervolgens is aandag gegee aan skoolverlating, finansiële hulp aan leerlinge en studente, opgradering van kwalifikasies en die werwing van onderwysstudente buite die sekondêre skool. In die volgende paragrawe word hierdie aspekte, wat belangstelling in die onderwys as loopbaan kan wek en wat as indirekte werwing beskou kan word, toegelig.

Volgens 'n verslag van 'n spesiale komitee van 'n adviesraad vir onderwys gepubliseer in 1959 sou onderwystekorte gedurende 1961 3.0 persent in primêre en junior sekondêre skole; 14.2 persent in sekondêre skole; en 16.9 persent in tegniese skole wees (69, bl. 8).

Volgens bevindings van die komitee blyk dit dat te veel leerlinge die sekondêre skool verlaat voor die voltooiing van die kursus. Daar vind dus 'n verkwisting van mannekrag plaas, ook ten opsigte van moontlike studente vir die onderwysberoep (69, bl. 15-16). Daar moes dus aandag geskenk word aan die verskynsel van vroeë skoolverlating en wel deur ouers van staatsweë aan te moedig om hulle kinders die skoolkursus te laat voltooi en waar nodig geldelike hulp te verleen. Daarbenewens moet verhoogde beursgelde vir skool- en universiteitsbywoning beskikbaar gestel word.

As moontlike bykomende rede vir vroeë skoolverlating is bepaal dat die skoolkursusse te uitgebreid was as gevolg waarvan leerlinge wat swak vaar in 'n sekere afdeling die skool verlaat (69, bl. 16).

Die sentralisasie van kleinere primêre skole en die sekondering van personeel vir kuns, naald- en handwerk, musiek en liggaamsopvoeding, die sogenaamde „Chapter VI"-onderwysers, na sekondêre skole, moes volgens aanbeveling oorweeg word (69, bl. 32).

Volgens aanbeveling moes mans toegelaat word om 'n diplomakursus te volg vir diens in primêre skole waar baie min mans werksaam is (69, bl. 33).

Volgens die verslag van die sekretaris van die staat oor onderwysaangeleenthede in 1960 was sommige van die genoemde aanbevelings aanvaar en reeds toegepas. Die sogenaamde „honours graduates"-kursus is verkort van 9 tot 7 maande waardeur opgeleide onderwysers hulle 5 maande gouer vir diens kon aanmeld (68, bl. 76). Alle „third class honours"-onderwysers wat volgens opleiding net gekwalifiseerd was vir beperkte onderrig in sekondêre skole is hergradeer as ten volle gekwalifiseerd (68, bl. 76). 'n Spesiale werwingsprogram is ingestel waarvolgens vrystelling van klasgelde en geldelike hulp verleen is aan diegene uit ander beroepe wat hulle vir die onderwysberoep wou bekwaam. Die keuring van en sertifikaatuitreiking aan diegene sou dieselfde wees as die bestaande prosedure (68, bl. 77). 'n Stelsel is aanvaar waarvolgens eweredige verspreiding van vakonderwysers ingestel sou word sodat soveel moontlik skole daarby sou baat vind.

## 3.5 WERWING IN KANADA

In 1952 het daar 'n tekort van 6566 onderwysers in Kanada bestaan. Daar is toentertyd reëlings getref om reklame te maak vir toetrede tot die onderwysberoep deur die verspreiding van publikasies en pamflette; propaganda oor die radio; en propaganda deur dienende onderwysers, superintendente, voorligters en potensiële onderwysstudente. Veranderings in beleid sou aangebring word, naamlik finansiële hulp aan onderwysstudente; sentralisasie van eenmanskole; verlaging van toelatingsvereistes; en verkorting van opleidingsperiode (26, bl. 168). Vanaf 1960 het drie provinsies in Kanada reeds oorgegaan tot tweejaaropleiding terwyl 'n vierde dit oorweeg het (24(j), bl. 77) en (24(k), bl. 148).

Dit blyk dat in Kanada 'n verlaging van die toetredingsvereistes vir onderwysersopleiding en die verkorting van die opleidingsperiode beoog word om persone tot die onderwysberoep aan te moedig. Smith, die skrywer van die betrokke artikel waaruit die gegewens verkry is, gaan nie akkoord met hierdie benaderingswyse nie en beweer dat die ideaal vir onderwysopleiding met die oog op langtermynsukses 'n universiteitsgraad moet wees, aangesien professionalisme in die twintigste eeu 'n universiteitsgraad as voorvereiste stel (26, bl. 173). Vervolgens word dan aangedui wat die toestand met betrekking tot die opleiding van onderwysers in Kanada vanaf 1952 tot ongeveer 1960 was.

Die algemene opleidingstydperk vir onderwysers strek oor een jaar met hoë akademiese toelatingsvereiste soos in die geval van die provinsie Alberta waar 60 persent in drie vakke of minder in vier vakke en 'n gemiddelde van 50 persent vereis word. Die sogenaamde „Graad" vir die voltooiing van sekondêre opleiding verskil ook volgens die tien provinsies van Graad XI-Graad XIII, laasgenoemde die sogenaamde senior matrikulasiekursus. Vir gegradueerdes bied universiteite 'n tweejaarmeesters- en eenjaardoktorsgraad in opvoedkunde aan (26, bl. 165). Die eenjaaropleiding word onderneem deur normaalkolleges („normal colleges") maar die algemene neiging is om dit oor te dra aan die universiteite (26, bl. 166). In Quebec, die enigste provinsie waar benewens die Protestantse skole ook Rooms-Katolieke skole bestaan, bied die Rooms-Katolieke opleidingsinrigtings 'n driejaarkursus aan as minimum opleidingsvereiste (26, bl. 165).

## 3.6 WERWING IN AUSTRALIË

Gedurende die jare 1948-1950 het toetrede tot die onderwysberoep 'n laagtepunt bereik, deels as gevolg van die lae geboortesyfer omstreeks 1930, maar ook aangesien die onderwysberoep moes meeding met beroepe wat beter vooruitgang gebied het. Die meerderheid van die ses departemente van onderwys moes gebruik maak van tydelike onderwyspersoneel wat in Australië gedurende 1952 25 persent van die totale personeel uitgemaak het.

Daar is gebruik gemaak van die pers, radio, inspekteurs van onderwys en ander plaaslike reklamemiddels en persone om die rekrutering van onderwysers te bevorder in veral Nieu-Suid-Wallis en Wes-Australië.

Korrespondensie- en na-uurse kursusse sowel as noodopleidingskursusse moes deur al ses die provinsies van tyd tot tyd ingestel word om onderwysers op te lei. In Nieu-Suid-Wallis is daar op dié wyse daadwerklik bygedra tot die vermindering van die tekort aan personeel en het dit ook aanleiding gegee tot die ontstaan van voltydse opleidingsinrigtings waarvan daar in 1951 ses was. In Tasmanië het 'n inrigting wat vir dieselfde doel opgerig was, ook bly voortbestaan as voltydse inrigting vir die opleiding van aspirant-onderwysers. In Suid-Australië is noodopleidingskursusse veral vir dames aangebied en in Wes-Australië is 'n driejaarkursus ingestel vir volwassenes wat in net die junior sertifikaat-eksamen geslaag het.

Daar is op betreklik uitgebreide skaal gebruik gemaak van „Junior Teacher Scholarships" en „Probation Schemes" waarvolgens geldelike hulp verleen is aan toekomstige aspirant-onderwysers wat in die junior sertifikaat-eksamen geslaag het, vir voltooiing van hul skoolloopbaan. In Queensland moes sodanige voortgesette sekondêre onderwys dan voltooi word aan spesifieke skole maar in ander provinsies, en vanaf 1950 ook in Queensland, was sodanige beurse verwerfbaar vir studie aan enige skool. Behalwe Queensland het veral Suid- en Wes-Australië grootliks gebruik gemaak van die toekenning van beurse vir werwing.

Die onderwysersopleidingskursusse vir primêre skole was gewoonlik een tot twee jaar met wisselende toelatingsvereistes; byvoorbeeld in Queensland is 'n junior sertifikaat vereis vir die tweejaaropleidingskursus en is die senior sertifikaat as vereiste vir die eenjaaropleidingskursus gestel. Die algemene neiging was egter om, soos aangetoon, geldelike hulp te verleen vir die voltooiing van die skoolloopbaan. Onderwysers vir sekondêre skole is soms gewerf uit ervare primêre skoolonderwysers, uit net afgestudeerde primêre skoolonderwysers en uit gegradueerde studente met een jaar verdere professionele opleiding. In Suid-Australië is driejaarkursusse in handelsopleiding en vierjaarkursusse in liggaamlike opvoeding aangebied. In Tasmanië is 'n poging aangewend om die professionele status van onderwysers te verhoog deur die opleiding sover moontlik aan die universiteit op te dra (36, bl. 179 - 191).

## 3.7 WERWING IN NIEU-SEELAND

Volgens 'n opname wat deur 'n kommissie van die onderwysdepartement in 1948 gemaak is, sou daar vanaf 1951 tot 1960 'n vermeerdering van 37 persent in primêre en 47 persent in sekondêre skoolpersoneel moes wees om in die behoeftes te voorsien (65, bl. 17). Om die verwagte tekort te bekamp, is aanbeveel dat meer beurse beskikbaar aan studente gestel moet word om hulle vir sekondêre onderwys te bekwaam. Daarbenewens moes by wyse van aanmoediging onderhoudstoelaes aan studente gedurende opleiding betaal word. Die onderwysberoep as loopbaan moes met 'n positiewe benadering onder die aandag gebring word van senior leerlinge en studente asook volwassenes wat belangstelling toon in die onderwysberoep (65, bl. 20-22).

'n Verdere aanbeveling was dat geskikte koshuisakkommodasie aan alle onderwysstudente verskaf moes word ter bevordering van die studiemoontlikhede (65, bl. 18). Die bestaande eenjaaropleidingskursus vir volwassenes wat as noodmaatreël ingestel was, moes verleng word in tydsduur of anders beëindig word (65, bl. 18).

## 3.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 3 is 'n oorsig gegee van die werwing van leerlinge aan sekondêre skole en van persone buite die sekondêre skool as kandidate vir die onderwysberoep, soos dit in ontwikkelde oorsese lande geskied. Die volgende is die bevindinge insake die werwing in enkele oorsese lande:

(a) <u>Verenigde State van Amerika</u>

In die Verenigde State van Amerika word daarop gekonsentreer om die werwing van

leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep en die beroep as sodanig 'n gemeenskapsaak te maak. Die handel en nywerheid, ouers, leerlinge, studente, onderwyspersoneel en die res van die gemeenskap word deur middel van klubs en organisasies direk in die werwing van kandidate vir die onderwysberoep betrek. Die werwingsaksie behels die bekendstelling van die beroep aan leerlinge, die deelname van leerlinge in die onderwys aan skole en die beïnvloeding van die gemeenskap, handel en nywerheid om erkenning aan onderwysers en die dienste wat hulle lewer, te gee.

(b) Engeland

In Engeland word veral aandag geskenk aan die werwing van vakonderwysers aangesien daar veral op tegniese gebied groot tekorte bestaan. Na aanleiding van 'n ondersoek en verslag van die „Central Advisory Council for Education" is daar verskillende basiese veranderings in die onderwysstelsel aangebring, byvoorbeeld die skepping van korttermynposte, halftyd-indiensneming van getroude vrouens met volle diensvoorregte, gelykstelling van salarisse van die twee geslagte en minder klerklike werk vir die onderwyspersoneel. Hierdie veranderings beoog om die onderwysberoep aantreklik te maak om onderwysers te bekom en om leerlinge en ander persone tot die onderwysberoep as loopbaan aan te moedig.

(c) Skotland

Daar blyk in Skotland pogings aangewend te word om die onderwysberoep aantreklik te maak met die doel om meer belangstelling in die beroep by die gemeenskap en leerlinge te wek en om dienende onderwysers te behou. Aandag is geskenk aan skoolverlating, finansiële hulp aan leerlinge en studente, opgradering van kwalifikasies en die werwing van onderwysstudente buite die sekondêre skool.

(d) Kanada

In Kanada is aandag geskenk veral aan die verbetering van toestande van opleiding van onderwysers en die uitbreiding van werwing deur middel van meer reklame.

(e) Australië

In Australië is van die pers, radio, inspekteurs van onderwys en ander persone gebruik gemaak om die onderwysberoep bekend te stel om sodoende die werwing van onderwysstudente te bevorder. Aangesien in Australië 'n ernstige tekort aan onderwysers is, is daar pogings aangewend om die status van die onderwysberoep te verhoog om sodoende persone tot die onderwysberoep as loopbaan aan te moedig.

(f) Nieu-Seeland

Die onderwysberoep as loopbaan is onder die aandag van leerlinge, studente en volwassenes gebring met die doel om onderwysstudente te werf. Hierbenewens is ook uitgebreide finansiële hulp in die vorm van beurse aan onderwysstudente verleen en is die huisvesting van onderwysstudente ook verbeter.

Dit blyk dus dat die werwing van toekomstige onderwysers eerstens deur direkte werwingaksies aan skole en buite die skool geskied, en tweedens op 'n indirekte wyse geskied deurdat die opleiding van onderwysers en die beroep as sodanig aantreklik gemaak word.

# HOOFSTUK 4

## FINANSIËLE HULP AAN ONDERWYSSTUDENTE

### 4.1. INLEIDING

In die volgende paragrawe sal eerstens aangetoon word aan watter inrigtings in die Republiek van Suid-Afrika die opleiding van onderwysers onderneem word, die rigtings waarvoor onderwysers opgelei word en die duur van die onderskeie opleidingskursusse. In die tweede plek sal aangetoon word watter mate van finansiële hulp deur die onderskeie onderwysdepartemente aan studente tydens hul opleiding as onderwysers verleen word.

### 4.2 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

#### 4.2.1 Inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem

Die opleiding van onderwysers word onderneem deur die volgende onderwyserskolleges; staatsberoepskolleges en tegniese kolleges met afdelings vir onderwysersopleiding; en universiteite.

(a) Onderwyserskolleges

(i) Kaaplandse Onderwysdepartement

Opleidingskollege Denneoord
Opleidingskollege Graaff-Reinet
Opleidingskollege Grahamstad
Opleidingskollege Kaapstad
Opleidingskollege Oudtshoorn
Opleidingskollege Paarl
Opleidingskollege Wellington

(ii) Natalse Onderwysdepartement

Opleidingskollege Durban
Opleidingskollege Natal

(iii) Departement van Onderwys van die Oranje-Vrystaat

Onderwyserskollege van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

(iv) Transvaalse Onderwysdepartement

Goudstadse Onderwyserskollege
Heidelbergse Onderwyserskollege
Johannesburgse Onderwyserskollege
Potchefstroomse Onderwyserskollege
Pretoriase Onderwyserskollege

(b) Staatsberoepskolleges en tegniese kolleges

Barkley House-onderwyserskollege vir Kleuteronderwys
Johannesburgse Kunsskool
Johannesburgse Onderwyserskollege vir Huishoudkunde
Johannesburgse Onderwyserskollege vir Kleuteronderwys
Kaapse Tegniese Kollege

Natalse Tegniese Kollege
Port Elizabethse Tegniese Kollege
Pretoriase Tegniese Kollege

(c) Universiteite

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
Rhodes-universiteit
Universiteit van Kaapstad
Universiteit van Natal
Universiteit van Pretoria
Universiteit van Stellenbosch

4.2.2 Rigtings waarvoor onderwysers opgelei word en die duur van die opleidingskursusse

Die rigtings waarvoor onderwysers opgelei word en die duur van die opleidingskursusse sal bespreek word vir die onderwyserskolleges as groep vir elke onderwysdepartement afsonderlik; vir die staatsberoepskolleges en tegniese kolleges as groep; en vir die universiteite afsonderlik.

(a) Onderwyserskolleges van die Kaaplandse Onderwysdepartement

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Tweejarige primêre onderwysersdiploma.

(ii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma/sekondêre onderwysersdiploma met spesialisering in een van die volgende sewe rigtings.

Kleinkinderskoolmetodiek
Handwerk en Huishoudkunde/Naaldwerk
Liggaamlike Opvoeding
Skoolmusiek
Landboukundige natuurstudie
Kuns
Akademiese vakke (spesifiseer geen vakke)

(iii) 'n Vierjarige kursus vir die opleiding van spraak- en gehoorgebrekkiges.

(b) Onderwyserskolleges van die Natalse Onderwysdepartement

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Driejarige primêre onderwysersdiploma/sekondêre onderwysersdiploma in een van die volgende vier rigtings.

Handwerk en Huishoudkunde/Naaldwerk
Kleinkinderskoolmetodiek
Liggaamlike opvoeding
Akademiese vakke - Wiskunde, Natuurwetenskap en Biologie.

(c) Onderwyserskollege van die Oranje-Vrystaat

(Bogenoemde onderwyserskollege is verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.)

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Tweejarige onderwysersdiploma, slegs vir damestudente.

(ii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma met spesialisering in een van die volgende rigtings.

Akademiese vakke - Afrikaans, Engels, Rekenkunde, Wiskunde en Algemene Wetenskap
Kleinkinderonderwys
Onderwys vir afwykende leerlinge
Huishoudkunde/Naaldwerk
Tegniese tekene en houtwerk

(iii) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma (Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste)

(d) Onderwyserskolleges van die Transvaalse Onderwysdepartement

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Driejarige onderwysersdiploma in junior werk.

(ii) 'n Driejarige onderwysersdiploma in senior primêre werk.

(iii) 'n Driejarige onderwysersdiploma met spesialisering in een van die volgende tien rigtings.

Musiek
Drama en Spraakopleiding
Biblioteekwese
Bedryfskennis
Huishoudkunde/Naaldwerk
Kuns
Liggaamlike Opvoeding
Handelsvakke
Akademiese vakke - Afrikaans, Engels, Algemene Wiskunde, Algemene Natuurwetenskap, Biologie, Rekenkunde, Godsdiensonderrig
Onderwys vir vertraagde leerlinge.

(iv) 'n Driejarige onderwysersdiploma: kombinasie van eerstejaar-Baccalaureusgraadvakke en professionele opleiding.

(v) 'n Vierjarige onderwysersdiploma: 'n kombinasie van 'n Baccalaureusgraad en professionele opleiding.

(e) Suidwes-Afrika beskik oor geen eie onderwyserskolleges nie maar het ooreenkomste aangegaan met die onderwysdepartemente van die verskillende provinsies waarvolgens studente vir die onderwysberoep opgelei word.

(f) Staatsberoepskolleges en tegniese kolleges

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Driejarige onderwysersdiploma vir kleuteronderwys.

(ii) 'n Driejarige onderwysersdiploma in huishoudkunde.

(iii) 'n Driejarige onderwysersdiploma in handel.

(iv) 'n Tweejarige onderwysersdiploma in handel ('n Erkende onderwysersdiploma as toelatingsvereiste).

(v) 'n Tweejarige onderwysersdiploma in handel (die Nasionale Diploma in Handel as toelatingsvereiste).

(vi) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in handel ('n Erkende universiteitsgraad in handel of Geöktrooieerde Rekenmeesterskursus of 'n ander graad plus die Nasionale Diploma in Handel of 'n professionele diploma in handel of 'n diploma in rekeningkunde as toelatingsvereiste).

(vii) 'n Vierjarige onderwysersdiploma in kuns.

(viii) 'n Driejarige onderwysersdiploma in kuns ('n Erkende onderwysersdiploma as toelatingsvereiste).

(ix) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in kuns ('n Baccalaureusgraad in Skone Kunste as toelatingsvereiste).

(x) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in tegnologie ('n Baccalaureusgraad in die Ingenieurswese/Suiwer Wetenskappe/Toegepaste Wetenskappe of die Nasionale Diploma in Tegnologie of 'n Diploma in Aptekerswese as toelatingsvereiste).

(xi) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in ambagsonderrig (die Nasionale Senior Sertifikaat of die Nasionale Tegniese Sertifikaat III sowel as 'n vakleerlingskap plus twee jaar na-vakleerlingskap-nywerheidservaring in albei gevalle as toelatingsvereiste).

(g) Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:.

(i) 'n Driejarige primêre onderwysersdiploma.

(ii) 'n Driejarige onderwysersdiploma in huishoudkunde.

(iii) 'n Driejarige onderwysersdiploma in musiek.

(iv) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(v) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma in voorligting ('n Baccalaureusgraad met sielkunde as toelatingsvereiste).

(vi) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma in musiek ('n Baccalaureusgraad in musiek as toelatingsvereiste).

(h) Rhodes-universiteit

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Driejarige primêre onderwysersdiploma.

(ii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma.

(iii) 'n Drie- of vierjarige onderwysersdiploma in kuns.

(iv) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in kuns ('n Hoër Primêre Onderwysersdiploma as toelatingsvereiste).

(v) 'n Tweejarige onderwysersdiploma in musiek ('n Hoër Primêre Onderwysersdiploma as toelatingsvereiste).

(vi) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(i) Die Universiteit van Kaapstad

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma.

(ii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma met spesialisering in een van die volgende drie rigtings

Drama en Spraakkuns
Kuns
Musiek

(iii) 'n Vierjarige hoër primêre onderwysersdiploma met endossement (rigting nie gemeld nie).

(iv) Eenjarige onderwysersdiploma met spesialisering in een van die volgende drie rigtings:

Onderwys vir vertraagde leerlinge
Onderwys vir leerlinge met spraak- en gehoorgebreke
Onderwys vir probleemleerlinge ('n Hoër Primêre Onderwysersdiploma as toelatingsvereiste).

(v) 'n Eenjarige hoër primêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(vi) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(j) Die Universiteit van Natal

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Eenjarige primêre onderwysersdiploma (Tweedejaargraadvakke van 'n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(ii) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(k) Die Universiteit van Pretoria

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) Driejarige onderwysersdiploma vir kleuteronderwys.

(ii) Eenjarige onderwysersdiploma vir kleuteronderwys ('n tweejarige onderwysersdiploma of 'n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(iii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma.

(iv) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma in liggaamlike opvoeding.

(v) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma in onderwys vir vertraagde leerlinge ('n Baccalaureusgraad met Sielkunde plus 'n Hoër Onderwysersdiploma of 'n Baccalaureus-Honneursgraad met Sielkunde of Sosiologie of 'n Baccalaureus Educationisgraad (Beroepsleiding) is 'n toelatingsvereiste).

(vi) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

(l) Die Universiteit van Stellenbosch

Die volgende kursusse vir die opleiding van onderwysers word aangebied:

(i) 'n Driejarige laer sekondêre onderwysersdiploma.

(ii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma in liggaamsopvoeding.

(iii) 'n Driejarige hoër primêre onderwysersdiploma (na voltooiing van die tweede studiejaar kan as opsionele keuse die onderwysersdiploma vir die onderrig van spesiale klasse gedurende die derde studiejaar gevolg word).

(iv) 'n Eenjarige onderwysersdiploma vir die onderrig van spesiale klasse ('n Hoër Primêre Onderwysersdiploma of Laer Sekondêre Onderwysersdiploma as toelatingsvereiste).

(v) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in huishoudkunde/naaldwerk ('n diploma in Huishoudkunde as toelatingsvereiste).

(vi) 'n Eenjarige onderwysersdiploma in handel (Diploma in Handel met Rekeningkunde II as toelatingsvereiste).

(vii) 'n Eenjarige hoër primêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste).

(viii) 'n Eenjarige sekondêre onderwysersdiploma ('n Baccalaureusgraad as toelatingsvereiste). [1)]

4.2.3 Die opleiding van onderwysers soos onderneem deur die inrigtings in die onderskeie Provinsies

Nadat daar in die vorige paragrawe 'n uiteensetting gegee is van die inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem en die verskillende kursusse wat aangebied word, word daar vervolgens aangetoon in watter mate elke provinsie oor opleidingsinrigtings beskik.

(a) Kaapprovinsie

In die Kaapprovinsie word die opleiding van onderwysers onderneem deur die volgende inrigtings:

(i) Sewe onderwyserskolleges, onder beheer van en gefinansieer deur die Kaapse Onderwysdepartement (kyk 4.2.1(a)(i)).

(ii) Een staatsberoepskollege, onder beheer van en gefinansieer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Barklay House-onderwyserskollege vir Kleuteronderwys).

(iii) Een tegniese kollege, onder beheer van en gefinansieer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Port Elizabethse Tegniese Kollege).

(iv) Een outonome tegniese kollege, gesubsidieer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Kaapse Tegniese Kollege).

(v) Drie universiteite (Rhodes-universiteit, Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch).

(b) Natal

In Natal word die opleiding van onderwysers onderneem deur die volgende inrigtings:

---

1) Alle inligting oor kursusse wat vir die opleiding van onderwysers aangebied word, is verkry uit die amptelike brosjures en jaarboeke van die verskillende inrigtings sowel as uit amptelike publikasies van die onderwysdepartemente.



001274

(i) Twee onderwyserskolleges, onder beheer van en gefinansieer deur die Natalse Onderwysdepartement (kyk 4.2.1(a)(ii) ).

(ii) Een outonome tegniese kollege, gesubsidieer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Natalse Tegniese Kollege).

(iii) Een universiteit (Universiteit van Natal).

(c) Oranje-Vrystaat

In die Oranje-Vrystaat word die opleiding van onderwysers onderneem deur die volgende inrigting:

(i) Een onderwyserskollege wat verbonde is aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

(ii) Een Universiteit (Universiteit van die Oranje-Vrystaat).

(d) Transvaal

In Transvaal word die opleiding van onderwysers onderneem deur die volgende inrigtings:

(i) Vyf onderwyserskolleges, onder beheer van en gefinansieer deur die Transvaalse Onderwysdepartement (kyk 4.2.1 (a)(iv) ).

(ii) Drie staatsberoepskolleges, onder beheer van en gefinansieer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Johannesburgse Kunsskool, Johannesburgse Onderwyserskollege vir Huishoudkunde en Johannesburgse Onderwyserskollege vir Kleuteronderwys).

(iii) Een outonome tegniese kollege, gesubsidieer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Pretoriase Tegniese Kollege).

(iv) Twee universiteite (Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en die Universiteit van Pretoria).

(e) Suidwes-Afrika

Daar bestaan geen inrigtings vir die opleiding van onderwysers in Suidwes-Afrika nie en studente ontvang onderwysersopleiding in die Republiek van Suid-Afrika.

## 4.3 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS SOOS ONDERNEEM DEUR DIE ONDERSKEIE ONDERWYSDEPARTEMENTE TEN OPSIGTE VAN FINANSIËLE HULPVERLENING AAN ONDERWYSSTUDENTE

### 4.3.1 Inleiding

Nadat daar in die vorige paragrawe 'n uiteensetting gegee is van die inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem; die opleidingsinrigtings en die duur van die kursusse wat aangebied word; en die opleiding van die onderwysers soos dit onderneem word deur die onderskeie provinsies, word in die volgende paragrawe aangetoon watter finansiële hulp die onderskeie onderwysdepartemente verleen aan studente wat hul as onderwysers wil bekwaam.

### 4.3.2 Die Kaaplandse Onderwysdepartement

(a) Lenings

Aan studente wat 'n kursus vir opleiding as onderwyser aan 'n universiteit of tegniese kollege volg, word 'n bedrag van R200 per jaar toegeken onder die volgende voorwaardes:

"(i) Die kursus wat die student volg, moet deur die Departement goedgekeur word (kyk laaste paragraaf van 4.3.1(a)).

(ii) 'n Inspekteur van Skole moet sertifiseer dat die aansoeker geskik is vir toelating tot die kursus vir die onderwysersertifikaat.

(iii) Die aansoeker moet 'n bevredigende mediese sertifikaat indien.

(iv) Behalwe soos bepaal in paragraaf (viii) is geen rente op die bedrag van die lening betaalbaar nie.

(v) Die lening vir elke jaar word in twee gelyke paaiemente betaal op die tydstip wat deur die Departement bepaal word.

(vi) Die student verbind hom/haar om na behaling van die onderwysersertifikaat -

(a) onmiddellik as onderwyser diens te doen in 'n skool onder die Departement in die afdeling waarvoor hy/sy hom/haar bekwaam het of wat deur die Departement goedgekeur word;

(b) vir elke jaar wat hy/sy 'n lening ontvang het, minstens een jaar as onderwyser in 'n skool onder die Departement te dien en in elk geval om as sodanig te dien totdat die lening gedelg is; en

(c) die bedrag van die lening in agtereenvolgende maandelikse paaiemente van R12.50 elk terug te betaal, en die eerste paaiement te betaal aan die end van die kalendermaand waarin hy/sy in 'n skool onder die Departement diens aanvaar.

(vii) Indien die student die inrigting verlaat of nie gereeld bywoon nie, of sy/haar gedrag en vordering na die mening van die Departement nie bevredigend is nie, of hy/sy in die jaarlikse eksamen sak, of hy/sy sy/haar kursus sonder die goedkeuring van die Departement verander, kan die Departement die lening intrek of verdere betaling daarvan vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk opskort: Met dien verstande dat die Departement -

(a) na bevredigende verduideliking van die student 'n ingetrekte lening kan herstel, en

(b) 'n lening waarvan betaling opgeskort is, kan intrek indien die Departement oortuig is dat die student nie bereid of in staat is om nuttige gebruik daarvan te maak of om dit vir die doel waarvoor dit toegeken is, te gebruik nie.

(viii) Indien 'n lening kragtens paragraaf (vii) ingetrek word en nie weer herstel word nie, of die student om watter rede ook al -

(a) nie 'n onderwysersertifikaat binne die tydperk wat te eniger tyd deur die Departement bepaal word, behaal nie, of

(b) nie binne twaalf maande na aflegging van die eindeksamen, as gediplomeerde onderwyser in 'n skool onder die Departement diens aanvaar nie, of

(c) die vereistes van subparagraaf (b) van paragraaf (vi) nie nakom nie,

dan is die volle bedrag van die gelde wat aan die student betaal is, dit wil sê die uitstaande bedrag van die lening, onmiddellik aan die Departement verskuldig en terugbetaalbaar met enkelvoudige rente teen 6 persent per jaar bereken op elke paaiement vanaf die begin van die maand waarin dit aan die student uitbetaal is tot die end van die maand waarin dit terugbetaal word.

(ix) 'n Waarborg tot genoeë van die Departement moet verskaf word vir die betaling van alle

bedrae wat die studente kragtens subparagraaf (c) van paragraaf (vi) en paragraaf (viii) aan die Departement moet terugbetaal."[2)]

Die aantal lenings wat jaarliks toegeken word, word nie beperk nie en in die geval van studente aan universiteite en tegniese kolleges word ongeveer 450 lenings per jaar toegeken.

Aan studente wat 'n opleidingskursus aan 'n onderwyserskollege volg, word 'n bedrag van R160 per jaar toegestaan onder dieselfde voorwaardes as vir studente aan universiteite en tegniese kolleges behalwe dat die lening vir elke jaar in vier gelyke paaiemente betaal word op 'n tydstip wat deur die Departement bepaal word (kyk 4.3.1(a) v.).

Die aantal lenings wat jaarliks toegeken word, word nie beperk nie en in die geval van studente aan onderwyserskolleges word ongeveer 700 lenings per jaar toegeken.

Die volgende kursusse word deur die Departement goedgekeur vir opleiding as onderwyser (kyk ook 4.3.1(a)i):

„(i) Baccalaureusgraad (3 jaar) en Sekondêre Onderwysersertifikaat (1 jaar).

(ii) Baccalaureusgraad (4 jaar) en Sekondêre Onderwysersertifikaat (1 jaar).

In die geval van 'n student wat na behaling van sy graad gaan onderwys gee, word die lening van R200 in die vierde jaar ook in 'n beurs omskep, mits hy dan deur die Departement as 'n gekwalifiseerde onderwyser beskou word.

(iii) Honneursgraad (1 jaar) na behaling van Sekondêre Onderwysersertifikaat.

(iv) Diploma-kursusse vir sekondêre onderwys (3 jaar) (Nie gegradueerd).

(v) Laer Sekondêre Onderwysersdiploma (3 jaar) en finale jaar van die graadkursus.

(vi) Primêre Onderwysersdiploma (1 jaar) na behaling van Baccalaureusgraad.

(vii) Diploma-kursusse vir primêre onderwys (3 jaar).

(viii) Diploma vir onderwysers vir spesiale klasse (1 jaar) na behaling van Primêre Onderwysersertifikaat.

(ix) Baccalaureusgraad (2 jaar) na behaling van Primêre Onderwysersertifikaat aan Opleidingskollege.

(x) Nasionale Handelsonderwysersdiploma (2 jaar) na behaling van Primêre Onderwysersertifikaat aan Opleidingskollege."[3)]

(b) Beurse

(i) Aan studente wat 'n kursus vir opleiding as onderwyser aan 'n universiteit of tegniese kollege volg, word 'n bedrag van R200 per jaar toegeken onder dieselfde voorwaardes as vir die toekenning van 'n lening met die volgende byvoeging ten opsigte van 4.3.2(a) vi (b) wat die aantal jare diens in 'n skool onder die Departement bepaal. „In geval die beurs meer as R200 per jaar bedra moet vir elke addisionele R200 of gedeelte daarvan, een ekstra jaar diens gedoen word in 'n skool onder die Departement."

Die aantal beurse wat jaarliks toegestaan word, word nie beperk nie en in die geval van studente aan universiteite en tegniese kolleges word ongeveer 450 beurse per jaar toegeken.

---

[2)] Bostaande gedeelte is aangehaal uit 'n inligtingstuk wat ontvang is van die Kaaplandse Onderwysdepartement.

[3)] Bostaande inligting is aangehaal uit 'n inligtingstuk wat ontvang is van die Kaaplandse Onderwysdepartement.

(ii) Aan studente wat 'n kursus vir die opleiding as onderwyser aan 'n onderwyserskollege volg, word 'n bedrag van R80 toegeken onder dieselfde voorwaardes as vir studente aan universiteite en tegniese kolleges.

Die aantal beurse wat toegestaan word, word nie beperk nie en in die geval van studente aan onderwyserskolleges word ongeveer 700 beurse per jaar toegeken. [4]

4.3.3 Die Natalse Onderwysdepartement

(a) Lenings

Aan studente wat 'n kursus vir opleiding as onderwyser wil volg, word 'n lening van R400 - 500 toegeken wat aangewend moet word vir die betaling van klas- en losiesgelde. Daar word ongeveer 300 lenings ten bedrae van ongeveer R150,000 per jaar toegeken. Indien die kontrak wat aangegaan moet word ter verkryging van die lening, verbreek word, moet die uitstaande bedrag terugbetaal word teen 5 persent rente per jaar. Indien die kontrak nagekom word, word die lening gedelg by wyse van diens aan 'n skool onder die Departement. [5]

4.3.4 Die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat

(a) Lenings

(i) Aan studente wat 'n kursus vir die opleiding as onderwyser aan die universiteit volg, word 'n lening van R240 per jaar toegeken vir die betaling van klasgelde. Die lening moet na voltooiing van studie teen 5 persent rente per jaar terugbetaal word ongeag kontrakbreuk al dan nie. Gedurende 1964 is lenings ten bedrae van R10,000 toegeken aan eerste-, tweede- en derdejaarstudente; U.O.D. studente; en vierdejaar B.Sc. Landbou- en B.Sc. Huishoudkundestudente.

(ii) Aan studente wat 'n kursus vir opleiding aan die onderwyserskollege volg, word 'n lening van R240 per jaar toegeken vir die betaling van losiesgelde. Die lening moet na voltooiing van studie teen 5 persent rente per jaar terugbetaal word, ongeag kontrakbreuk al dan nie. Gedurende 1964 is lenings ten bedrae van R73,300 toegeken aan eerste-, tweede- en derdejaarstudente aan die onderwyserskollege.

In albei gevalle, dit wil sê vir universiteit- sowel as onderwyserskollegestudente, word die lenings volgens meriete toegeken.

(b) Beurse

Aan studente wat 'n kursus vir opleiding as onderwyser aan 'n universiteit wil volg, word 'n beurs met 'n maksimum van R400 per jaar volgens meriete toegeken. Vir elke R200 of gedeelte van die totale toekenning moet een jaar diens gelewer word in skole onder die Departement. Indien die kontrak nie nagekom word nie, moet die uitstaande bedrag proporsioneel en rentevry terugbetaal word.

Gedurende 1964 is beurse ten bedrae van R37,000 toegeken aan eerste-, tweede- en derdejaarstudente, U.O.D.-studente en vierdejaarstudente in B.Sc. Landbou en B.Sc. Huishoudkunde.

(i) Aan studente wat die derde jaar van die opleidingskursus aan die onderwyserskollege volg, word 'n beurs van R100 vir die jaar toegeken, waarvoor 'n jaar diens aan skole onder die Departement gelewer moet word. Indien die kontrak nie nagekom word nie, moet

[4] Alle gegewens in 4.3.2 is verkry uit 'n inligtingstuk wat van die Kaaplandse Onderwysdepartement ontvang is.

[5] Gegewens in 4.3.3 is verkry uit inligting wat van die Natalse Onderwysdepartement ontvang is.

die uitstaande bedrag sonder rente terugbetaal word. Gedurende 1964 is beurse ten bedrae van R7, 000 toegestaan.

(ii) Studente aan die onderwyserskollege betaal geen onderriggelde nie maar is volgens kontrak verplig om vir elke jaar opleiding een jaar diens te lewer met 'n maksimum van twee jaar. By verbreking van die kontrak moet R80 per jaar vir elke jaar opleiding of 'n pro rata-gedeelte volgens diens gelewer, terugbetaal word. Indien die volledige studiekursus nie voltooi word nie, moet die onderriggelde ook pro rata terugbetaal word.[6]

4.3.5 Die Transvaalse Onderwysdepartement

(a) Toelaes

Aan studente wat 'n Baccalaureusgraad en 'n diploma as opleiding vir onderwyser wil volg, word die onderriggelde aan 'n universiteit betaal vir die volle graadkursus mits die student aan die universiteit inskryf as 'n onderwyserskollegestudent. Enkele lesings word vanaf die eerste jaar ook aan die onderwyserskollege bygewoon, terwyl die vierdejaarkursus, na die behaling van die graad, uitsluitlik aan die kollege gevolg word. Geen onderriggelde word vir die driejaarkursus aan onderwyserskolleges betaal nie.

Gedurende 1963 is 'n totale bedrag van R126,000 aan toelaes vir universiteitstudente uitbetaal en daar word geen beperking op die aantal toelaes geplaas nie.

In die geval van albei kursusse, dit wil sê die driejaargraad- en diplomakursus sowel as die driejaardiplomakursus, moet studente 'n kontrak aangaan om na voltooiing van hulle kursusse vir 'n minimum van drie jaar diens te lewer aan skole onder die Departement. Indien die kontrak nie nagekom word nie, moet 'n pro rata-gedeelte van R200 betaal word.

(b) Lenings

(i) Aan studente wat inwoon in 'n koshuis onder beheer van die onderwyserskollege, word 'n lening van R160 per jaar toegeken. Gedurende 1963 is 2,364 lenings ten bedrae van R378,240 toegestaan.

(ii) Aan studente wat kursusse in sekere spesialiseringsrigtings volg, word 'n lening van R40 - R60 toegeken. Gedurende 1963 is lenings ten bedrae van R40, 000 toegeken.

(iii) Aan studente wat daarom aansoek doen, word 'n lening van R40 per jaar toegestaan vir die aankoop van boeke en skryfbehoeftes. Gedurende 1963 is 2,364 lenings ten bedrae van R94,560 toegestaan.

(iv) Aan behoeftige studente word 'n lening van R50 - R100 per jaar toegeken vir persoonlike gebruik. 'n Beperkte aantal lenings is beskikbaar en gedurende 1963 is lenings ten bedrae van R2, 000 toegestaan.

Alle lenings wat deur studente aangegaan word, moet rentevry terugbetaal word sodra diens aanvaar word, ongeag die nakoming van die kontrak (kyk 4.3.5 (a) ) al dan nie.

(c) Merietebeurse

(i) Aan alle studente wat gedurende die matrikulasievrystelling- of skooleindeksamen 'n minimum prestasie van 50 persent in 'n amptelike taal op die hoër graad en 65 persent in 'n amptelike taal op die laer graad behaal word 'n beurs van R50 per jaar toegeken. Gedurende 1963 is beurse ten bedrae van R15,100 toegeken.

---

[6] Gegewens in 4.3.4 is verkry uit inligting wat van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat ontvang is.

(ii) Aan elke onderwyserskollege in die provinsie word twintig merietebeurse van R100 elk per jaar toegestaan vir toekenning aan verdienstelike studente. Gedurende 1963 is 'n totale bedrag van R10,000 toegeken.

Indien die bepalings van die kontrak (kyk 4.3.5(a) ) nagekom word, word die beurse deur diens afgelos maar by kontrakbreuk moet die bedrag pro rata rentevry terugbetaal word.[7)]

4.3.6 Die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

(a) Lenings

'n Allesinsluitende lening van R300 per jaar word aan studente toegeken om hulle opleiding as onderwyser te voltooi aan 'n onderwyserskollege en/of universiteit in die Republiek van Suid-Afrika. Die lenings word deur die Onderwysdepartement direk aan die inrigting van studie uitbetaal en nadat alle koste afgetrek is, word die res van die bedrag deur die betrokke inrigting aan die student oorbetaal. Gedurende 1964 is 70 lenings ten bedrae van R21,000 toegeken en die getal lenings word vermeerder na gelang van die vraag na onderwyspersoneel. 'n Kontrak moet gesluit word met die Departement waarvolgens die student wat die lening aangaan een jaar diens vir elke jaar van opleiding moet lewer in skole onder die Departement. Indien die kontrak nagekom word, word die lening rentevry terugbetaal maar by verbreking van die kontrak moet die lening met rente terugbetaal word.

(b) Beurse

(i) 'n Beurs van R120 per jaar word aan studente toegeken ter aanvulling van die lening (kyk 4.3.6(a) ). Die beurs word aan die student uitbetaal vir persoonlike gebruik.

(ii) Merietebeurse ter waarde van R400 per jaar word toegeken aan geskikte kandidate wat 'n graadkursus wil volg in een van die vakke waarin daar 'n tekort aan onderwyspersoneel is. Indien die kontrak (kyk 4.3.6(a) ) nagekom word, is die beurs nie terugbetaalbaar nie maar by verbreking van die kontrak moet die bedrag pro rata met rente terugbetaal word.[8)]

4.3.7 Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap

(a) Spesiale opleidingskema vir tegniese onderwysers

Ten einde in die behoefte aan tegniese onderwysers en onderwysers vir ambagsonderrig te voorsien, het die Departement goedkeuring verkry om jaarliks 'n aantal onderwysers vir genoemde onderrig aan die Pretoriase Tegniese Kollege te laat oplei. Die opleiding duur een jaar en die studente moet na gelang van die kursus aan sekere toelatingsvereistes voldoen.

(i) Die Onderwysersdiploma in Tegnologie: toelatingsvereistes

(a) 'n Graad in ingenieurswese of suiwer of toegepaste natuurwetenskappe; of

(b) 'n Diploma in tegnologie of aptekerswese. Graduandi wat die kursus volg, moet minstens drie jaar na-graadse nywerheidservaring besit of voltydse onderwysposte beklee het.

---

[7)] Gegewens in 4.3.5 is verkry uit inligting wat van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang is.

[8)] Gegewens in 4.3.6 is verkry uit inligting wat van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika ontvang is.

(ii) Die Onderwysersdiploma in Ambagsonderrig: toelatingsvereistes

(a) Die Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnies) en 'n vakleerlingskap; of

(b) Die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel III met die twee amptelike tale in die senior graad en 'n vakleerlingskap.
Kandidate moet minstens twee jaar nywerheidservaring na vakleerlingskap besit.

In albei gevalle word studente wat tot die kursusse toegelaat word, vanaf inskrywing vir die kursusse aangestel in die onderwyspersoneel van die Departement en ontvang hulle volle salaris as onderwyser plus 'n toelae van R200 vir die jaar van opleiding. Die onderriggelde, wat R80 beloop, word deur die Departement betaal. Tegniese onderwysers wat reeds in diens van die Departement is maar wat nie oor professionele kwalifikasies beskik nie, word ook tot die kursus toegelaat.

Die kontrak wat aangegaan moet word vir die opleiding vereis drie jaar diens aan skole onder die Departement. Indien die kontrak nie nagekom word nie moet die bedrag wat aan opleiding bestee is proporsioneel met rente terugbetaal word.

Die getal onderwysers wat volgens die skema opgelei word, word bepaal deur die vraag na tegniese en ambagsonderwysers sowel as die getal geskikte applikante. Gedurende 1963 is 34 kandidate, gedurende 1964 is 54 kandidate en gedurende 1965 is 45 kandidate vir die kursus ingeskryf.

(b) Beurslenings

Die Staatsdienskommissie en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het 'n aantal beurslenings beskikbaar gestel aan studente wat hulle aan universiteite of tegniese kolleges as onderwysers wil bekwaam om in diens te tree aan inrigtings en skole onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Beurslenings vir die doel van voorgraadse onderwysstudie en die Hoër Onderwysersdiploma ten bedrae van R200 - R400 (dames hoogstens R300) per jaar word beskikbaar gestel aan studente om die volgende goedgekeurde kursusse te volg:

(i) Kursusse vir die opleiding van onderwysers aan universiteite aangebied:

B.A. plus H.O.D. - Afrikaans of Engels
B.A. Hons. of M.A. plus H.O.D. - Sielkunde
B. Com. plus H.O.D. - Rekeningkunde, Bedryfsekonomie of Ekonomie
B.Sc. (Huishoudkunde) - Onderwyskeuse
B.Sc. plus H.O.D. - minstens twee kursusse in twee van die volgende vakke: Fisika, Wiskunde, Skeikunde of Toegepaste Wiskunde.
B.Sc. (Ingenieurswese) - Siviel, Werktuigkundig, Elektrotegnies.

(ii) Kursusse vir opleiding aan 'n tegniese kollege

Nasionale Handelsonderwysersertifikaat (Driejaarkursus)
Nasionale Huishoudkundeonderwysersertifikaat (Driejaarkursus)

Suksesvolle kandidate moet kontrakte met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangaan om na die suksesvolle voltooiing van hulle kursusse die Departement te dien vir die tydperke hieronder gemeld, in welke geval die beurslenings nie terugbetaalbaar sal wees nie.

| Beursgelde ontvang | Verpligte dienstydperk |
|---|---|
| R200 - R400 | Twee jaar |
| R401 - R800 | Drie jaar |
| R801 - R1,200 | Vier jaar |
| R1,201 - R1,600 | Vyf jaar |
| R1,601 - R2,000 | Ses jaar |
| R2,001 - R3,000 | Sewe jaar |

(c) Lenings

Aan applikante wat nie in aanmerking kom vir beurslenings nie, mag vir doeleindes van voltydse studie lenings aangebied word. Alle voorwaardes ten opsigte van bedrae toegeken en goedgekeurde kursusse bly dieselfde as vir beurslenings.

In die geval van lenings moet die kandidate egter kontrakte met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangaan om, na die suksesvolle voltooiing van hulle kursusse in diens van die Staat te tree, 40 persent van die lenings teen 6 persent rente per jaar, bereken vanaf die eerste van die maand wat volg op die maand waarin die studies voltooi is, terug te betaal en om die orige 60 persent deur diens bereken op die basis vir beurslenings af te los.[9)]

4.4 SAMEVATTING

4.4.1 Inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem

Dit blyk dat daar in die vier provinsies van die Republiek van Suid-Afrika 15 onderwyserskolleges, 8 staatsberoepskolleges en tegniese kolleges en 6 universiteite is wat die opleiding van onderwysers onderneem. Suidwes-Afrika beskik oor geen eie opleidingsinrigtings nie en studente ontvang onderwysersopleiding aan inrigtings in die Republiek van Suid-Afrika.

4.4.2 Rigtings waarvoor onderwysers opgelei word en die duur van die opleidingskursusse

Die algemeenste kursusse bestaan uit drie jaar professionele opleiding, met spesialisering in 'n besondere rigting, wat deur al drie groepe opleidingsinrigtings aangebied word. Aan die universiteite word, behalwe die driejarige professionele kursusse, 'n driejaargraadkursus plus een jaar professionele kursus aangebied. Aan sommige onderwyserskolleges word in samewerking met 'n universiteit 'n gekombineerde vierjarige graad- plus professionele kursus aangebied. 'n Tweejarige professionele kursus met toelatingsvereistes standerd tien word aangebied slegs aan onderwyserskolleges onder beheer van die Kaapse Onderwysdepartement en vir dames aan die Onderwyserskollege van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Vierjarige professionele kursusse in onderrig van spraak- en gehoorgebrekkiges (Kaapse Onderwyserskolleges); kuns (tegniese kolleges); hoër primêre onderwys (Universiteit van Kaapstad) en musiek (Rhodes-universiteit) word ook aangebied.

4.4.3 Die opleiding van onderwysers soos onderneem deur inrigtings in die onderskeie provinsies

In die Kaapprovinsie is daar 'n totaal van 13 inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem; in Natal is daar 4; in die Oranje-Vrystaat is daar 2 inrigtings wat as 'n eenheid onder die Universiteit van die Oranje-Vrystaat saamwerk en in Transvaal 11 sodanige inrigtings. Suidwes-Afrika beskik oor geen eie opleidingsinrigtings nie.

4.4.4 Finansiële hulpverlening aan studente wat opleiding as onderwysers ondergaan

In die geval van die onderwysdepartemente van Kaapland, Transvaal en Suidwes-Afrika word lenings en/of toelaes aan studente toegeken wat rentevry pro rata terugbetaal moet word indien die kontrak, wat 'n bepaalde dienstydperk aan skole onder die betrokke onderwysdepartement vereis, nagekom word. Indien die kontrak nie nagekom word nie, moet die lening pro rata met rente terugbetaal word.

Lenings wat deur die Departement van Onderwys, van die Oranje-Vrystaat toegeken word, moet pro rata met rente terugbetaal word. Die Natalse Onderwysdepartement en in sommige gevalle die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ken lenings toe aan onderwysstudente wat, ooreenkomstig die kontrak, deur bepaalde dienslewering gedelg word. In

[9)]Gegewens in 4.3.7 is verkry uit inligting wat van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ontvang is.

ander gevalle ken die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap lenings toe wat, ooreenkomstig die kontrak, gedeeltelik deur dienslewering gedelg word (60%) en gedeeltelik met rente terugbetaalbaar is (40%).

Beurse word aangebied deur al die onderwysdepartemente behalwe die Natalse Onderwysdepartement en moet, by verbreking van die kontrakte, pro rata met rente terugbetaal word.

HOOFSTUK 5

BESONDERHEDE VAN ONDERWYSSTUDENTE

## 5.1 INLEIDING

Die mening word dikwels uitgespreek dat die onderwysstudente grotendeels die st. 10-leerlinge is wat 'n nie-matrikulasievrystellingsertifikaat besit en dat die onderwysstudente, ongeag die st. 10-sertifikaat wat hulle besit, die persone is wat die betrokke st. 10-sertifikaat in die tweede klas verwerf het. Verder is daar ook waargeneem dat meer dames as mans tot die onderwysberoep toetree. In hierdie hoofstuk word statistieke wat van inrigtings vir die opleiding van onderwysers ingewin is, bespreek om die voorgaande aspekte toe te lig.

Aangesien daar vir die onderskeie onderwysdepartemente in meerdere of mindere mate 'n tekort aan onderwysers is, is dit nodig om nie alleenlik die omvang van die verliese aan dienende onderwysers aan te dui nie, maar om ook die verliese aan onderwysstudente aan te dui. Die verliese aan onderwysers word in 'n afsonderlike verslag bespreek en in hierdie hoofstuk sal aangedui word wat die verliese aan onderwysstudente is (verliese gedurende die opleidingsperiode) en wat die redes vir hierdie verliese is.

Dit is verder nodig om vas te stel of die onderwysstudente die potensialiteite besit om as onderwysers in die praktyk hulle professie te beoefen. In hierdie hoofstuk word daar ook volgens 'n sespuntskaal aangedui in watter mate die onderwysstudente suksesvolle onderwysers behoort te wees, gebaseer op die beoordeling van die opleidingsinrigtings.

## 5.2 EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE VOLGENS DIE AARD VAN DIE SKOOLSERTIFIKAAT ONTLEED

In die volgende paragrawe word die eerstejaaronderwysstudente aan onderwyserskolleges, tegniese en staatskolleges en universiteite afsonderlik bespreek met betrekking tot die st. 10-sertifikaat wat hulle besit en in watter klas die sertifikaat verwerf is.

### 5.2.1 Eerstejaaronderwysstudente aan onderwyserskolleges volgens die aard van die skoolsertifikaat ontleed

In tabel 5.1 word die totale getal ingeskrewe eerstejaaronderwysstudente aan die onderwyserskolleges van die vier provinsiale onderwysdepartemente aangedui, ontleed volgens die aard van die st. 10-sertifikaat wat die studente besit, die klas waarin die sertifikaat verwerf is en die geslag van die onderwysstudente. Die ontleding vir die verskillende onderwyserskolleges volgens onderwysdepartemente verskyn in tabel 5.2 en word nie bespreek nie aangesien die besonderhede uit die tabel af te lees is.

(a) Totaalbeeld vir die vier provinsiale onderwysdepartemente volgens tabel 5.1

(i) Daar is meer damestudente (68.5%) as manstudente (31.5%) vir die eerstejaaronderwyskursus ingeskryf (Ry 5, kol. 21 en 24).

(ii) Van die 3781 eerstejaaronderwysstudente het 81.7 en 18.3 persent die st. 10-sertifikaat in onderskeidelik die tweede klas en die eerste klas verwerf (Ry 5, kol. 25 en 26).

(iii) Eerstejaaronderwysstudente sonder matrikulasievrystelling is in die meerderheid, nl. 54.5 persent teenoor 45.5 persent studente met matrikulasievrystelling (Ry 5, kol. 9 en 18).

(iv) Eerstejaaronderwysstudente wat die betrokke st. 10-sertifikaat in die tweede klas behaal het, is in die meerderheid vir sowel die matrikulasievrystellingsgroep (72.0%)

TABEL 5.1

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERSKOLLEGES VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE (1964)

| Provinsiale Onderwys-departemente | | Matrikulasievrystelling | | | | | | | | | Nie- matrikulasievrystelling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot |
| * Rye | | ** 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 1. Kaapland | N | 6 | 84 | 90 | 90 | 184 | 274 | 96 | 268 | 364 | 2 | 95 | 97 | 43 | 372 | 415 | 45 | 467 | 512 |
| | % | 6.7 | 93.3 | 24.7 | 32.8 | 67.2 | 75.3 | 26.4 | 73.6 | 41.5 | 2.1 | 97.9 | 18.9 | 10.4 | 89.6 | 81.1 | 8.8 | 91.2 | 58.4 |
| 2. Natal | N | - | 3 | 3 | 1 | 7 | 8 | 1 | 10 | 11 | - | 15 | 15 | - | 60 | 60 | - | 75 | 75 |
| | % | - | 100.0 | 27.3 | 12.5 | 87.5 | 72.7 | 9.1 | 90.9 | 12.8 | - | 100.0 | 20.0 | - | 100.0 | 80.0 | - | 100.0 | 87.2 |
| 3. Oranje-Vrystaat | N | 3 | 39 | 42 | 18 | 112 | 130 | 21 | 151 | 172 | - | 28 | 28 | 10 | 94 | 104 | 10 | 122 | 132 |
| | % | 7.1 | 92.9 | 24.4 | 13.8 | 86.2 | 75.6 | 12.2 | 87.8 | 56.6 | - | 100.0 | 21.2 | 9.6 | 90.4 | 78.8 | 7.6 | 92.4 | 43.4 |
| 4. Transvaal | N | 125 | 358 | 483 | 239 | 450 | 689 | 364 | 808 | 1172 | 22 | 411 | 433 | 132 | 778 | 910 | 154 | 1189 | 1343 |
| | % | 25.9 | 74.1 | 41.2 | 34.7 | 65.3 | 58.8 | 31.1 | 68.9 | 46.6 | 5.1 | 94.9 | 32.2 | 14.5 | 85.5 | 67.8 | 11.5 | 88.5 | 53.4 |
| 5. Totaal | N | 134 | 484 | 618 | 348 | 753 | 1101 | 482 | 1237 | 1719 | 24 | 549 | 573 | 185 | 1304 | 1489 | 209 | 1853 | 2062 |
| | % | 21.7 | 78.3 | 36.0 | 31.6 | 68.4 | 64.0 | 28.0 | 72.0 | 45.5 | 4.2 | 95.8 | 27.8 | 12.4 | 87.6 | 72.2 | 10.1 | 89.9 | 54.5 |

* Rye word horisontaal gelees en is genommer van 1 tot 5

** Kolomme word vertikaal gelees en is genommer van 1 tot 27. (Tabel vervolg)

Berekening van persentasies:

(a) 1 ste en 2 de klasse as persentasie van daaropvolgende kolom, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6; 7 en 8 as persentasie van 9 ens.

(b) Totale in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 uitgedruk, 12 en 15 as persentasie van 18; 21 en 24 as persentasie van 27.

(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

TABEL 5.1 (Vervolg)

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERSKOLLEGES
VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE (1964)

| Provinsiale Onderwys-departemente | | Totaal | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot | 1 st klas | 2 de klas | Tot |
| *Rye | | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 1.Kaapland | N | 8 | 179 | 187 | 133 | 556 | 689 | 141 | 735 | 876 |
| | % | 4.3 | 95.7 | 21.3 | 19.3 | 80.7 | 78.7 | 16.1 | 83.9 | |
| 2.Natal | N | - | 18 | 18 | 1 | 67 | 68 | 1 | 85 | 86 |
| | % | - | 100.0 | 20.9 | 1.5 | 98.5 | 79.1 | 1.2 | 98.8 | |
| 3.Oranje-Vrystaat | N | 3 | 67 | 70 | 28 | 206 | 234 | 31 | 273 | 304 |
| | % | 4.3 | 95.7 | 23.0 | 12.0 | 88.0 | 77.0 | 10.2 | 98.8 | |
| 4.Transvaal | N | 147 | 769 | 916 | 371 | 1228 | 1599 | 518 | 1997 | 2515 |
| | % | 16.0 | 84.0 | 36.4 | 23.2 | 76.8 | 63.6 | 20.6 | 79.4 | |
| 5.Totaal | N | 158 | 1033 | 1191 | 533 | 2057 | 2590 | 691 | 3090 | 3781 |
| | % | 13.3 | 86.7 | 31.5 | 20.6 | 79.4 | 68.5 | 18.3 | 81.7 | |

* Rye word horisontaal gelees en is genommer van 1 tot 5.

** Kolomme word vertikaal gelees en is genommer van 1 tot 27.

Berekening van persentasies:
(a) 1 ste en 2 de klasse as persentasie van daaropvolgende kolom, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6; 7 en 8 as persentasie van 9 ens.
(b) Totale in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 uitgedruk, 12 en 15 as persentasie van 18; 21 en 24 as persentasie van 27.
(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

TABEL 5.2

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN DIE ONDERSKEIE ONDERWYSERSKOLLEGES VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE (1964)

| Onderwysdepartemente en onderwyserskolleges | | Matrikulasievrystelling | | | | | | | | | Nie-matrikulasievrystelling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. |
| KAAPLAND (KOLOM) | | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | (8) | (9) | (10) | (11) | (12) | (13) | (14) | (15) | (16) | (17) | (18) |
| Denneoord (A) | N | | | | 12 | 16 | 28 | 12 | 16 | 28 | | | | 10 | 28 | 38 | 10 | 28 | 38 |
| | % | | | | 42.9 | 57.1 | 100.0 | 42.9 | 57.1 | 42.4 | | | | 26.3 | 73.7 | 100.0 | 26.3 | 73.7 | 57.6 |
| Graaff-Reinet (A/E) | N | 2 | 14 | 16 | 10 | 14 | 24 | 12 | 28 | 40 | | 27 | 27 | 5 | 71 | 76 | 5 | 98 | 103 |
| | % | 12.5 | 87.5 | 40.0 | 41.7 | 58.3 | 60.0 | 30.0 | 70.0 | 28.0 | | 100.0 | 26.2 | 6.6 | 93.4 | 73.8 | 4.9 | 95.1 | 72.0 |
| Grahamstad (E) | N | | | | 3 | 25 | 28 | 3 | 25 | 28 | | | | 8 | 85 | 93 | 8 | 85 | 93 |
| | % | | | | 10.7 | 89.3 | 100.0 | 10.7 | 89.3 | 23.1 | | | | 8.6 | 91.4 | 100.0 | 8.6 | 91.4 | 76.8 |
| Kaapstad (E) | N | | | | 12 | 41 | 53 | 12 | 41 | 53 | | | | 6 | 48 | 54 | 6 | 48 | 54 |
| | % | | | | 22.6 | 77.4 | 100.0 | 22.6 | 77.4 | 49.5 | | | | 11.1 | 88.9 | 100.0 | 11.1 | 88.9 | 50.5 |
| Oudtshoorn (A) | N | | 11 | 11 | 3 | 4 | 7 | 3 | 15 | 18 | | 31 | 31 | 2 | 65 | 67 | 2 | 96 | 98 |
| | % | | 100.0 | 61.1 | 42.9 | 57.1 | 38.9 | 16.7 | 83.3 | 15.5 | | 100.0 | 31.6 | 29.9 | 97.0 | 68.4 | 2.0 | 98.0 | 84.5 |
| Paarl (A) | N | 3 | 19 | 22 | 14 | 19 | 33 | 17 | 38 | 55 | 2 | 30 | 32 | 12 | 44 | 56 | 14 | 74 | 88 |
| | % | 13.6 | 86.4 | 40.0 | 42.4 | 57.6 | 60.0 | 30.9 | 69.1 | 38.5 | 6.3 | 93.7 | 36.4 | 21.4 | 78.6 | 63.6 | 15.9 | 84.1 | 61.5 |
| Wellington (A) | N | 1 | 40 | 41 | 36 | 65 | 101 | 37 | 105 | 142 | | 7 | 7 | | 31 | 31 | | 38 | 38 |
| | % | 2.4 | 97.6 | 28.9 | 35.6 | 64.4 | 71.1 | 26.1 | 73.9 | 78.9 | | 100.0 | 18.4 | | 100.0 | 81.6 | | 100.0 | 21.1 |
| Subtotaal | N | 6 | 84 | 90 | 90 | 184 | 274 | 96 | 268 | 364 | 2 | 95 | 97 | 43 | 372 | 415 | 45 | 467 | 512 |
| | % | 6.7 | 93.3 | 24.7 | 32.8 | 67.2 | 75.3 | 26.4 | 73.6 | 41.5 | 2.1 | 97.9 | 18.9 | 10.4 | 89.6 | 81.1 | 8.8 | 91.2 | 58.4 |
| NATAL Durban | N | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Natal (E) | N | | 3 | 3 | 1 | 7 | 8 | 1 | 10 | 11 | | 15 | 15 | | 60 | 60 | | 75 | 75 |
| | % | | 100.0 | 27.3 | 12.5 | 87.5 | 72.7 | 9.1 | 90.9 | 12.8 | | 100.0 | 20.0 | | 100.0 | 80.0 | | 100.0 | 87.2 |
| Subtotaal | N | | 3 | 3 | 1 | 7 | 8 | 1 | 10 | 11 | | 15 | 15 | | 60 | 60 | | 75 | 75 |
| | % | | 100.0 | 27.3 | 12.5 | 87.5 | 72.7 | 9.1 | 90.9 | 12.8 | | 100.0 | 20.0 | | 100.0 | 80.0 | | 100.0 | 87.2 |
| ORANJE-VRYSTAAT Onderwyserskollege v.d. U.O.V.S. (A/E) | N | 3 | 39 | 42 | 18 | 112 | 130 | 21 | 151 | 172 | | 28 | 28 | 10 | 94 | 104 | 10 | 122 | 132 |
| | % | 7.1 | 92.9 | 24.4 | 13.8 | 86.2 | 75.6 | 12.2 | 87.8 | 56.6 | | 100.0 | 21.2 | 9.6 | 90.4 | 78.8 | 7.6 | 92.4 | 43.4 |
| Subtotaal | N | 3 | 39 | 42 | 18 | 112 | 130 | 21 | 151 | 172 | | 28 | 28 | 10 | 94 | 104 | 10 | 122 | 132 |
| | % | 7.1 | 92.9 | 24.4 | 13.8 | 86.2 | 75.6 | 12.2 | 87.8 | 56.6 | | 100.0 | 21.2 | 9.6 | 90.4 | 78.8 | 7.6 | 92.4 | 43.4 |
| TRANSVAAL Goudstad (A) | N | 3 | 42 | 45 | 13 | 43 | 56 | 16 | 85 | 101 | 2 | 102 | 104 | 2 | 105 | 107 | 4 | 207 | 211 |
| | % | 6.7 | 93.3 | 44.6 | 23.2 | 76.8 | 55.4 | 15.8 | 84.2 | 32.4 | 1.9 | 98.1 | 49.3 | 1.9 | 98.1 | 50.7 | 1.9 | 98.1 | 67.6 |
| Heidelberg (A) | N | 5 | 37 | 42 | 25 | 64 | 89 | 30 | 101 | 131 | 9 | 110 | 119 | 35 | 142 | 177 | 44 | 252 | 296 |
| | % | 11.9 | 88.1 | 32.1 | 28.1 | 71.9 | 67.9 | 22.9 | 77.1 | 30.7 | 7.6 | 92.4 | 40.2 | 19.8 | 80.2 | 59.8 | 14.9 | 85.1 | 69.3 |
| Johannesburg (E) | N | 20 | 75 | 95 | 72 | 148 | 220 | 92 | 223 | 315 | 2 | 32 | 34 | 16 | 134 | 150 | 18 | 166 | 184 |
| | % | 21.1 | 78.9 | 30.2 | 32.7 | 67.3 | 69.8 | 29.2 | 70.8 | 63.1 | 5.9 | 94.1 | 18.5 | 10.7 | 89.3 | 81.5 | 9.8 | 90.2 | 36.9 |
| Potchefstroom (A) | N | 33 | 61 | 94 | 48 | 59 | 107 | 81 | 120 | 201 | 3 | 48 | 51 | 36 | 101 | 137 | 39 | 149 | 188 |
| | % | 35.1 | 64.9 | 46.8 | 44.9 | 55.1 | 53.2 | 40.3 | 59.7 | 51.7 | 5.9 | 94.1 | 27.1 | 26.3 | 73.7 | 72.9 | 20.7 | 79.3 | 48.3 |
| Pretoria (A) | N | 64 | 143 | 207 | 81 | 136 | 217 | 145 | 279 | 424 | 6 | 119 | 125 | 43 | 296 | 339 | 49 | 415 | 464 |
| | % | 30.9 | 69.1 | 48.8 | 37.3 | 62.7 | 51.2 | 34.2 | 65.8 | 47.7 | 4.8 | 95.2 | 26.9 | 12.7 | 87.3 | 73.1 | 10.6 | 89.4 | 52.3 |
| Subtotaal | N | 125 | 358 | 483 | 239 | 450 | 689 | 364 | 808 | 1172 | 22 | 411 | 433 | 132 | 778 | 910 | 154 | 1189 | 1343 |
| | % | 25.9 | 74.1 | 41.2 | 34.7 | 65.3 | 58.8 | 31.1 | 68.9 | 46.6 | 5.1 | 94.9 | 32.2 | 14.5 | 85.5 | 67.8 | 11.5 | 88.5 | 53.4 |
| Totaal | N | 134 | 484 | 618 | 348 | 753 | 1101 | 482 | 1237 | 1719 | 24 | 549 | 573 | 185 | 1304 | 1489 | 209 | 1853 | 2062 |
| | % | 21.7 | 78.3 | 36.0 | 31.6 | 68.4 | 64.0 | 28.0 | 72.0 | 45.5 | 4.2 | 95.8 | 27.8 | 12.4 | 87.6 | 72.2 | 10.1 | 89.9 | 54.5 |

TABEL 5.2. (Vervolg)

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN DIE ONDERSKEIE ONDERWYSERSKOLLEGES VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE (1964)

| Onderwysdepartemente en onderwyserskolleges | | Totaal | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. |
| KAAPLAND Denneoord (A) | N<br>% | | | | 22<br>33.3 | 44<br>66.7 | 66<br>100.0 | 22<br>33.3 | 44<br>66.7 | 66 |
| Graaff-Reinet (A/E) | N<br>% | 2<br>4.7 | 41<br>95.3 | 43<br>30.1 | 15<br>15.0 | 85<br>85.0 | 100<br>69.9 | 17<br>11.9 | 126<br>88.1 | 143 |
| Grahamstad (E) | N<br>% | | | | 11<br>9.1 | 110<br>90.9 | 121<br>100.0 | 11<br>9.1 | 110<br>90.9 | 121 |
| Kaapstad (E) | N<br>% | | | | 18<br>16.8 | 89<br>83.2 | 107<br>100.0 | 18<br>16.8 | 89<br>83.2 | 107 |
| Oudtshoorn (A) | N<br>% | | 42<br>100.0 | 42<br>36.2 | 5<br>6.8 | 69<br>93.2 | 74<br>63.8 | 5<br>4.3 | 111<br>95.7 | 116 |
| Paarl (A) | N<br>% | 5<br>9.3 | 49<br>90.7 | 54<br>37.8 | 26<br>29.2 | 63<br>70.8 | 89<br>62.2 | 31<br>21.7 | 112<br>78.3 | 143 |
| Wellington (A) | N<br>% | 1<br>2.1 | 47<br>97.9 | 48<br>26.7 | 36<br>27.3 | 96<br>72.7 | 132<br>73.3 | 37<br>20.6 | 143<br>79.4 | 180 |
| Subtotaal | N<br>% | 8<br>4.3 | 179<br>95.7 | 187<br>21.3 | 133<br>19.3 | 556<br>80.7 | 689<br>78.7 | 141<br>16.1 | 735<br>83.9 | 876 |
| NATAL Durban | N<br>% | | | | | | | | | |
| Natal (E) | N<br>% | | 18<br>100.0 | 18<br>20.9 | 1<br>1.5 | 67<br>98.5 | 68<br>79.1 | 1<br>1.2 | 85<br>98.8 | 86 |
| Subtotaal | N<br>% | | 18<br>100.0 | 18<br>20.9 | 1<br>1.5 | 67<br>98.5 | 68<br>79.1 | 1<br>1.2 | 85<br>98.8 | 86 |
| ORANJE-VRYSTAAT Onderwyserskollege v.d. U.O.V.S. (A/E) | N<br>% | 3<br>4.3 | 67<br>95.7 | 70<br>23.0 | 28<br>12.0 | 206<br>88.0 | 234<br>77.0 | 31<br>10.2 | 273<br>89.8 | 304 |
| Subtotaal | N<br>% | 3<br>4.3 | 67<br>95.7 | 70<br>23.0 | 28<br>12.0 | 206<br>88.0 | 234<br>77.0 | 31<br>10.2 | 273<br>89.8 | 304 |
| TRANSVAAL Goudstad (A) | N<br>% | 5<br>3.4 | 144<br>96.6 | 149<br>47.8 | 15<br>9.2 | 148<br>90.8 | 163<br>52.2 | 20<br>6.4 | 292<br>93.6 | 312 |
| Heidelberg (A) | N<br>% | 14<br>8.7 | 147<br>91.3 | 161<br>37.7 | 60<br>22.6 | 206<br>77.4 | 266<br>62.3 | 74<br>17.3 | 353<br>82.7 | 427 |
| Johannesburg (E) | N<br>% | 22<br>17.1 | 107<br>82.9 | 129<br>25.9 | 88<br>23.8 | 282<br>76.2 | 370<br>74.1 | 110<br>22.0 | 389<br>78.0 | 499 |
| Potchefstroom (A) | N<br>% | 36<br>24.8 | 109<br>75.2 | 145<br>37.3 | 84<br>34.4 | 160<br>65.6 | 244<br>62.7 | 120<br>30.8 | 269<br>69.2 | 389 |
| Pretoria (A) | N<br>% | 70<br>21.1 | 262<br>78.9 | 332<br>37.4 | 124<br>22.3 | 432<br>77.7 | 556<br>62.6 | 194<br>21.8 | 694<br>78.2 | 888 |
| Subtotaal | N<br>% | 147<br>16.0 | 769<br>84.0 | 916<br>36.4 | 371<br>23.2 | 1228<br>76.8 | 1599<br>63.6 | 518<br>20.6 | 1997<br>79.4 | 2515 |
| Totaal | N<br>% | 158<br>13.3 | 1033<br>86.7 | 1191<br>31.5 | 533<br>20.6 | 2057<br>79.4 | 2590<br>68.5 | 691<br>18.3 | 3090<br>81.7 | 3781 |
| Kolom | | (19) | (20) | (21) | (22) | (23) | (24) | (25) | (26) | (27) |

(a) 1ste en 2de klasse as persentasie van daaropvolgende kolomme bereken, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6 ens.

(b) Totale in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 bereken; 12 en 15 van 18; 21 en 24 van 27.

(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

Opmerkings:

1. A - Afrikaansmedium
   E - Engelsmedium
   A/E - Dubbelmedium of Parallelmedium

2. Van Durbanse Onderwyserskollege is geen gegewens ontvang nie.

as die nie-matrikulasievrystellingsgroep (89.9%), met persentasiegewys meer nie-matrikulasievrystellingstudente in die tweede klas (Ry 5, kol. 8 en 17).

(v) Wat die matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans sowel as die dames met 'n tweedeklassertifikaat in die meerderheid (onderskeidelik 78.3 en 68.4%). Beoordeel volgens die persentasies mans en dames wat in die eerste en tweede klas geslaag het, is daar meer mans as dames met 'n tweedeklasmatrikulasievrystellingsertifikaat, d.w.s. persentasiegewys is daar meer damestudente met 'n eersteklasmatrikulasievrystellingsertifikaat (31.6%) as manstudente (21.7%) (Ry 5, kol. 1,2,4 en 5).

(vi) Wat die nie-matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans sowel as die dames met 'n tweedeklassertifikaat in die meerderheid (onderskeidelik 95.8 en 87.6%). Beoordeel volgens die persentasies mans en dames wat in die eerste en tweede klas geslaag het, is daar meer mans met 'n tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat, dit wil sê persentasiegewys is daar meer damestudente met 'n eersteklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat (12.4%) as manstudente (4.2%) (Ry 5, kol. 10, 11, 13 en 14).

(b) Beeld vir die onderskeie onderwysdepartemente

(i) Vir al vier die provinsiale onderwysdepartemente is die damestudente in die meerderheid (persentasies wissel van 63.6% vir Transvaal tot 79.1% vir Natal) (Rye 1-4, kol. 21 en 24).

(ii) Eerstejaaronderwysstudente met 'n tweedeklas st. 10-sertifikaat is vir al vier die onderwysdepartemente in die meerderheid (persentasies wissel van 79.4% vir Transvaal tot 98.8% vir Natal) (Rye 1-4, kol. 25 en 26).

(iii) Studente met 'n nie-matrikulasievrystellingsertifikaat is in die meerderheid wat Kaapland (58.4%), Natal (87.2%) en Transvaal (53.4%) betref, terwyl studente met matrikulasievrystelling vir die Oranje-Vrystaat in die meerderheid is (56.6%) (Rye 1-4, kol. 9 en 18).

(iv) Vir sowel die matrikulasievrystellings- as die nie-matrikulasievrystellingsgroep is die studente wat die betrokke sertifikaat in die tweede klas verwerf het vir al vier die onderwysdepartemente in die meerderheid (tweedeklas-matrikulasievrystelling: 68.9% vir Transvaal tot 90.9% vir Natal, en tweedeklas-nie-matrikulasievrystelling: 88.5% vir Transvaal tot 100.0 vir Natal) (Rye 1-4, kol. 7,8,16 en 17).

(v) Wat die matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans sowel as die dames met 'n tweedeklassertifikaat in die meerderheid (mans met 'n tweedeklassertifikaat: 93.3% vir Kaapland - 100.0% vir Natal en dames met 'n tweedeklassertifikaat: 65.3% vir Transvaal - 87.5% vir Natal). Persentasiegewys is daar meer mans as dames met 'n tweedeklas-matrikulasievrystellingsertifikaat. Persentasiegewys is daar dus meer damestudente as manstudente met 'n eersteklas-matrikulasievrystellingsertifikaat (Rye 1-4, kol. 1,2,4 en 5).

(vi) Wat die nie-matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans sowel as dames met 'n tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat in die meerderheid (mans met 'n tweedeklassertifikaat: 94.9% vir Transvaal - 100.0% vir sowel Natal as die Oranje-Vrystaat, en dames met 'n tweedeklassertifikaat: 85.5% vir Transvaal - 100.0% vir Natal). Die man- sowel as die damestudente in Natal besit almal 'n tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat, terwyl vir die ander drie onderwysdepartemente die mans met 'n tweedeklas-sertifikaat persentasiegewys meer is as die dames, dit wil sê daar is meer dame- as manstudente met 'n eersteklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat (Rye 1-4, kol. 10,11,13,14).

### 5.2.2 Eerstejaaronderwysstudente aan tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges volgens die aard van die skoolsertifikaat ontleed

In tabel 5.3 word die ingeskrewe eerstejaaronderwysstudente aan tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges volgens skoolsertifikaat, die klas waarin die skoolsertifikaat behaal is en die geslag van die studente, ontleed.

TABEL 5.3

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN TEGNIESE EN STAATSGESUBSIDIEERDE KOLLEGES - DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP (1964)

| Tegniese en Staatsgesubsidieerde kolleges | | Matrikulasievrystelling | | | | | | | | | Nie-matrikulasievrystelling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. |
| Barkley House-opleidingskollege vir Kleuteronderwys. | N | | | | 4 | | 4 | 4 | | 4 | | | | 17 | | 17 | 17 | | 17 |
| | % | | | | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | | 19.0 | | | | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | | 80.9 |
| Johannesburgse Kunsskool. | N | | 2 | 2 | 1 | 2 | 3 | 1 | 4 | 5 | | 1 | 1 | | 5 | 5 | | 6 | 6 |
| | % | | 100.0 | 40.0 | 33.3 | 66.7 | 60.0 | 20.0 | 80.0 | 45.5 | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | 83.3 | | 100.0 | 54.5 |
| Johannesburgse Onderwyskollege vir Huishoudkunde. | N | | | | 1 | | 1 | 1 | | 1 | | | | 1 | 30 | 31 | 1 | 30 | 31 |
| | % | | | | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | | 3.1 | | | | 3.2 | 96.8 | 100.0 | 3.2 | 96.8 | 96.9 |
| Johannesburgse Opleidingskollege vir Kleuteronderwys. | N | | | | | 10 | 10 | | 10 | 10 | | | | | 22 | 22 | | 22 | 22 |
| | % | | | | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | 31.2 | | | | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | 68.8 |
| Kaapse Tegniese kollege. | N | 1 | 2 | 3 | 3 | 1 | 4 | 4 | 3 | 7 | 3 | 11 | 14 | 17 | 28 | 45 | 20 | 39 | 59 |
| | % | 33.3 | 66.7 | 42.9 | 75.0 | 25.0 | 57.1 | 57.1 | 42.9 | 10.6 | 21.4 | 78.6 | 23.7 | 37.8 | 62.2 | 76.3 | 33.9 | 66.1 | 89.4 |
| Natalse Tegniese kollege. | N | | | | | 5 | 5 | | 5 | 5 | | | | 12 | 6 | 18 | 12 | 6 | 18 |
| | % | | | | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | 21.7 | | | | 66.7 | 33.3 | 100.0 | 66.7 | 33.3 | 78.3 |
| Port Elizabethse Tegniese kolleges | N | | 1 | 1 | | 2 | 2 | | 3 | 3 | | | | | | | | | |
| | % | | 100.0 | 33.3 | | 100.0 | 66.7 | | 100.0 | 100.0 | | | | | | | | | |
| Pretoriase Tegniese kollege | N | 11 | 9 | 20 | 4 | 7 | 11 | 15 | 16 | 31 | 2 | 41 | 43 | 16 | 29 | 45 | 18 | 70 | 88 |
| | % | 55.5 | 45.0 | 64.5 | 36.4 | 63.6 | 35.5 | 48.4 | 51.6 | 26.1 | 4.7 | 95.3 | 48.9 | 35.6 | 64.4 | 51.1 | 20.5 | 79.5 | 73.9 |
| TOTAAL | N | 12 | 14 | 26 | 13 | 27 | 40 | 25 | 41 | 66 | 5 | 53 | 58 | 63 | 120 | 183 | 68 | 173 | 241 |
| | % | 46.2 | 53.8 | 39.4 | 32.5 | 67.5 | 60.6 | 37.8 | 62.1 | 21.5 | 8.6 | 91.4 | 24.1 | 34.4 | 65.6 | 75.9 | 28.2 | 71.8 | 78.5 |
| * Kolomme | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |

* Kolomme word vertikaal gelees.

Berekening van persentasies:

(a) 1ste en 2 de klasse as persentasie van die daaropvolgende kolom, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6, ens.

(b) Totale in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 bereken, 12 en 15 as persentasie van 18; 21 en 24 as persentasie van 27.

(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

TABEL 5.3. (Vervolg)

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN TEGNIESE EN STAATSGESUBSIDIEERDE KOLLEGES - DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP (1964)

| Tegniese en Staatsgesubsidieerde kolleges | | Totaal | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. | 1ste klas | 2 de klas | Tot. |
| Barkley-House-opleidingskollege vir Kleuteronderwys. | N | | | | 21 | | 21 | 21 | | 21 |
| | % | | | | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | | |
| Johannesburgse Kunsskool. | N | | 3 | 3 | 1 | 7 | 8 | 1 | 10 | 11 |
| | % | | 100.0 | 27.3 | 12.5 | 87.5 | 72.7 | 9.1 | 90.9 | |
| Johannesburgse Onderwyskollege vir Huishoudkunde. | N | | | | 2 | 30 | 32 | 2 | 30 | 32 |
| | % | | | | 6.3 | 93.8 | 100.0 | 6.3 | 93.8 | |
| Johannesburgse Opleidingskollege vir Kleutoronderwys. | N | | | | | 32 | 32 | | 32 | 32 |
| | % | | | | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | |
| Kaapse Tegniese kollege. | N | 4 | 13 | 17 | 20 | 29 | 49 | 24 | 42 | 66 |
| | % | 23.5 | 76.5 | 25.8 | 40.8 | 59.2 | 74.2 | 36.4 | 63.6 | |
| Natalse Tegniese kollege. | N | | | | 12 | 11 | 23 | 12 | 11 | 23 |
| | % | | | | 52.2 | 47.8 | 100.0 | 52.2 | 47.8 | |
| Port Elizabethse Tegniese kolleges | N | | 1 | 1 | | 2 | 2 | | 3 | 3 |
| | % | | 100.0 | 33.3 | | 100.0 | 66.7 | | 100.0 | |
| Pretoriase Tegniese kollege | N | 13 | 50 | 63 | 20 | 36 | 56 | 33 | 86 | 119 |
| | % | 20.6 | 79.4 | 52.9 | 35.7 | 64.3 | 47.1 | 27.7 | 72.3 | |
| TOTAAL | N | 17 | 67 | 84 | 76 | 147 | 223 | 93 | 214 | 307 |
| | % | 20.2 | 79.8 | 27.4 | 34.1 | 65.9 | 72.6 | 30.3 | 69.7 | |
| * Kolomme | | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |

* Kolomme word vertikaal gelees.

Berekening van persentasies:

(a) 1ste en 2 de klasse as persentasie van die daaropvolgende kolom, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6, ens.

(b) Totale in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 bereken, 12 en 15 as persentasie van 18; 21 en 24 as persentasie van 27.

(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

Aangesien die besonderhede insake die eerstejaaronderwysstudente aan die onderskeie tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges uit tabel 5.3 af te lees is, word alleenlik die landsbeeld bespreek. Die volgende afleidings is uit tabel 5.3 te maak:

(a) Van die 307 eerstejaaronderwysstudente is 72.6 en 27.4 persent onderskeidelik dame- en manstudente, dit wil sê die damestudente is in die meerderheid (kolommme 21 en 24).

(b) Van die 307 eerstejaaronderwysstudente het 69.7 persent die st. 10-sertifikaat in die tweede klas en 30.3 persent die st. 10-sertifikaat in die eerste klas verwerf (kolomme 25 en 26).

(c) Persentasiegewys is daar meer studente sonder matrikulasievrystelling (78.5%) as met matrikulasievrystelling (21.5%) (kolomme 9 en 18) en is die studente wat die betrokke sertifikate in die tweede klas verwerf het in die meerderheid (matrikulasievrystelling 62.1% en nie-matrikulasievrystelling 71.8%) (kolomme 8 en 17).

(d) Wat die matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans (53.8%) sowel as die dames (67.5%) met 'n tweede klas in die meerderheid. Persentasiegewys is daar meer van die mans (46.2%) as van die dames (32.5%) met 'n eersteklas-matrikulasievrystelling-sertifikaat (kolomme 1,2,4 en 5).

(e) Wat die nie-matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans sowel as die dames met 'n tweedeklassertifikaat in die meerderheid (mans: 91.4% en dames: 65.6%). Persentasiegewys is daar meer van die dames (34.4%) as van die mans (8.6%) met 'n eersteklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat (kolomme 10,11,13 en 14).

### 5.2.3 Eerstejaaronderwysstudente aan fakulteite van opvoedkunde aan universiteite volgens die aard van die skoolsertifikaat ontleed

In tabel 5.4 word die ingeskrewe eerstejaaronderwysstudente aan universiteite volgens skoolsertifikaat, die klas waarin die sertifikaat behaal is en die geslag van die studente, ontleed.

Aangesien die besonderhede insake die eerstejaaronderwysstudente vir die onderskeie universiteite uit tabel 5.4 af te lees is, sal die landsbeeld in die universiteite in detail bespreek word. Daar moet op gewys word dat die Universiteit Rhodes alleenlik die getal man- en damestudente en dat die Universiteit van Natal net die groottotaal eerstejaaronderwysstudente kon verstrek omdat die wyse van registerhouding aan hierdie universiteite dit nie moontlik gemaak het om die gevraagde inligting te verstrek nie. Gevolglik is hierdie twee universiteite se gegewens in die tabel aangedui maar nie in die totaalbeeld opgeneem nie en word dus ook nie bespreek nie. Die volgende blyk uit tabel 5.4:

(a) Van die 651 eerstejaaronderwysstudente is 26.6 en 73.4 persent onderskeidelik man- en damestudente (kolomme 21 en 24).

(b) Die studente wat 'n tweedeklas-st. 10-sertifikaat verwerf het, is in die meerderheid, nl. 55.9 persent teenoor 44.1 persent studente met 'n eersteklas-st. 10-sertifikaat (kolomme 25 en 26).

(c) Nagenoeg driekwart (73.4%) van die studente het 'n matrikulasievrystellingsertifikaat teenoor 26.6 persent studente sonder 'n matrikulasievrystellingsertifikaat (kolomme 9 en 18). Van die matrikulasievrystellingsgroep is die studente met 'n eersteklas-matrikulasievrystellingsertifikaat in die meerderheid (57.1%), terwyl van die nie-matrikulasievrystellingsgroep die studente met 'n tweede klas in die meerderheid is (91.9%) (kolomme 7-17).

(d) Wat die matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans met 'n tweede klas (54.0%) en die dames met 'n eerste klas (62.2%) in die meerderheid (kolomme 12, 4 en 5).

(e) Wat die nie-matrikulasievrystellingsgroep betref, is die mans sowel as die dames met 'n tweedeklassertifikaat in die meerderheid (onderskeidelik 82.6 en 93.3%), dit wil sê persentasiegewys is daar meer manstudente as damestudente met 'n eersteklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat (kolomme 10,11,13 en 14).

TABEL 5.4

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN UNIVERSITEITE (1964)

| Universiteite | | Matrikulasievrystelling | | | | | | | | | Nie-matrikulasievrystelling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. |
| Potchefstroomse Universiteit | N | | 1 | 1 | | 9 | 9 | | 10 | 10 | | 4 | 4 | | 15 | 15 | | 19 | 19 |
| | % | | 100.0 | 10.0 | | 100.0 | 90.0 | | 100.0 | 34.5 | | 100.0 | 21.1 | | 100.0 | 78.9 | | 100.0 | 65.5 |
| Rhodes-universiteit | N | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Universiteit Kaapstad | N | 15 | 17 | 32 | 41 | 28 | 69 | 56 | 45 | 101 | | 2 | 2 | | 12 | 12 | | 14 | 14 |
| | % | 46.9 | 53.1 | 31.7 | 59.4 | 40.6 | 68.3 | 55.4 | 44.6 | 87.8 | | 100.0 | 14.3 | | 100.0 | 85.7 | | 100.0 | 12.2 |
| Universiteit Natal | N | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Universiteit Pretoria | N | 11 | 21 | 32 | 63 | 51 | 114 | 74 | 72 | 146 | 1 | 6 | 7 | 1 | 45 | 46 | 2 | 51 | 53 |
| | % | 34.4 | 65.6 | 21.9 | 55.3 | 44.7 | 78.1 | 50.7 | 49.3 | 73.4 | 14.3 | 85.7 | 13.2 | 2.2 | 97.8 | 86.8 | 3.8 | 96.2 | 26.6 |
| Universiteit Stellenbosch | N | 43 | 42 | 85 | 100 | 36 | 136 | 143 | 78 | 221 | 3 | 7 | 10 | 9 | 68 | 77 | 12 | 75 | 87 |
| | % | 50.6 | 49.4 | 38.5 | 73.5 | 26.5 | 61.5 | 64.7 | 35.3 | 71.7 | 30.0 | 70.0 | 11.5 | 11.7 | 88.3 | 88.5 | 13.8 | 86.2 | 28.2 |
| **GROOTTOTAAL** | N | 69 | 81 | 150 | 204 | 124 | 328 | 273 | 205 | 478 | 4 | 19 | 23 | 10 | 140 | 150 | 14 | 159 | 173 |
| | % | 46.0 | 54.0 | 31.4 | 62.2 | 37.8 | 68.6 | 57.1 | 42.9 | 73.4 | 17.4 | 82.6 | 13.3 | 6.7 | 93.3 | 86.7 | 8.1 | 91.9 | 26.6 |
| *** **Kolomme** | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |

* Getalle in tabel aangedui maar nie in Groottotaal opgeneem nie.

** Getal in tabel aagedui maar nie in Groottotaal opgeneem nie.

*** Kolomme word vertikaal gelees.

**Berekening van persentasies:**

(a) 1ste en 2de klasse as persentasie van daaropvolgende kolom uitgedruk, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6, ens.

(b) Tabelle in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 uitgedruk, 12 en 15 as persentasie van 18; 21 en 24 as persentasie van 27.

(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

TABEL 5.4 (Vervolg)

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN UNIVERSITEITE (1964)

| Universiteite | | Totaal | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | | Dames | | | Totaal | | |
| | | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. | 1ste klas | 2de klas | Tot. |
| Potchefstroomse Universiteit | N | | 5 | 5 | | 24 | 24 | | 29 | 29 |
| | % | | 100.0 | 17.2 | | 100.0 | 82.8 | | 100.0 | |
| Rhodes-universiteit | N | | | *28 | | | *21 | | | *9 |
| | % | | | 57.1 | | | 42.9 | | | |
| Universiteit Kaapstad | N | 15 | 19 | 34 | 41 | 40 | 81 | 56 | 59 | 115 |
| | % | 41.1 | 55.9 | 29.6 | 50.6 | 49.4 | 70.4 | 48.7 | 51.3 | |
| Universiteit Natal | N | | | | | | | | | **200 |
| | % | | | | | | | | | |
| Universiteit Pretoria | N | 12 | 27 | 39 | 64 | 96 | 160 | 76 | 123 | 199 |
| | % | 30.8 | 69.2 | 19.6 | 40.0 | 60.0 | 80.4 | 38.2 | 61.8 | |
| Universiteit Stellenbosch | N | 46 | 49 | 95 | 109 | 104 | 213 | 155 | 153 | 308 |
| | % | 48.4 | 51.6 | 30.8 | 51.2 | 84.8 | 69.2 | 50.3 | 49.7 | |
| GROOTTOTAAL | N | 73 | 100 | 173 | 214 | 264 | 473 | 287 | 364 | 651 |
| | % | 42.2 | 57.8 | 26.6 | 44.8 | 55.2 | 73.4 | 44.1 | 55.9 | |
| *** Kolomme | | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |

* Getalle in tabel aangedui maar nie in Groottotaal opgeneem nie.

** Getal in tabel aangedui maar nie in Groottotaal opgeneem nie.

*** Kolomme word vertikaal gelees.
Berekening van persentasies:

(a) 1ste en 2de klasse as persentasie van daaropvolgende kolom, nl. kolomme 1 en 2 as persentasie van 3; 4 en 5 as persentasie van 6 ens.

(b) Tabelle in kolomme 3 en 6 is as persentasie van totaal in kolom 9 uitgedruk, 12 en 15 as persentasie van 18; 21 en 24 as persentasie van 27.

(c) Totale in kolomme 9 en 18 is as persentasie van totaal in kolom 27 bereken.

5.2.4 Vergelyking van die eerstejaaronderwysstudente aan onderwyserskolleges, tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges en universiteite ontleed volgens die aard van die skoolsertifikaat

(a) Dit val op dat daar meer eerstejaardamestudente as eerstejaarmanstudente aan die drie groepe opleidingsinrigtings vir opleiding as onderwyser ingeskryf is. Verhouding van man- tot damestudente is 1:2.2 vir die onderwyserskolleges, 1:3 vir die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges en 1:2.7 vir die universiteite, met 'n verhouding vir die land van 1:2.7. 'n Opname wat gedurende 1958 deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gemaak is, het getoon dat die verhouding van st. 10-seuns tot st. 10-dogters wat die onderwys as beroep gekies het, in 'n verhouding van 1 seun : 2.5 dogters staan. Derhalwe kan verwag word dat die onderwys 'n beroep vir dames sal word, aangesien die getal mans wat die onderwysberoep kies minder as die dames is. As in ag geneem word dat die damestudente in die meerderheid is en dat die grootste groep van die dames 'n nie-matrikulasiesertifikaat besit en dat dames met tweedeklas-skoolsertifikate in die meerderheid is en in verhouding tot die manstudente (wat dieselfde samestelling met betrekking tot die skoolsertifikaat as die damestudente het) relatief gesproke groter groepe is, kan verwag word dat sowel die man- as damestudente - maar veral die damestudente - met 'n tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat die onderwysprofessie sal oorheers. Gevolglik kan verwag word dat sekondêre onderwys nadelig getref sal word aangesien die gegradueerde onderwysers sal verminder.

(b) Eerstejaaronderwysstudente met 'n tweedeklas-st. 10-sertifikaat is aan al drie groepe opleidingsinrigtings in die meerderheid.

(c) Aan die onderwyserskolleges en tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges is die studente sonder matrikulasievrystelling in die meerderheid (nagenoeg driekwart van die studente) terwyl die studente met matrikulasievrystelling aan die universiteite in die meerderheid is (73.4% studente met matrikulasievrystelling).

(d) Die man- sowel as die damestudente met 'n tweedeklas-matrikulasievrystellingsertifikaat is aan die opleidingskolleges in die meerderheid terwyl aan die universiteite die manstudente met 'n tweedeklas- en die damestudente met 'n eersteklas-matrikulasievrystellingsertifikaat in die meerderheid is.

(e) Die man- sowel as die damestudente met 'n tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat is aan al drie groepe opleidingsinrigtings in die meerderheid.

## 5.3 VERGELYKING VAN DIE GETAL INGESKREWE ONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERSKOLLEGES, TEGNIESE EN STAATSGESUBSIDIEERDE KOLLEGES EN DIE FAKULTEITE VAN OPVOEDKUNDE VAN UNIVERSITEITE VIR DIE JARE 1962-1964

Om vas te stel of daar 'n toename in die inskrywing van eerstejaaronderwysstudente oor enkele jare is, watter skoolsertifikaat die studente besit, en wat die verhouding van man- tot damestudente is, is die onderskeie opleidingsinrigtings gevra om die nodige statistieke vir die jare 1962 tot 1964 te verstrek. Enkele inrigtings kon vanweë die wyse van registerhouding nie die gegewens verstrek soos versoek is nie en kan daar alleenlik statistieke vir sekere aspekte verstrek word. Die gegewens is sodanig verwerk dat afleidings gemaak kon word wat nogtans insiggewende tendense aandui. Tabelle 5.5 tot 5.7 dui die genoemde gegewens vir onderskeidelik die onderwyserskolleges, die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges en vir die universiteite aan.

(a) Onderwyserskolleges (Tabel 5.5)

(i) Volgens tabel 5.5 blyk daar ten opsigte van die onderwyserskolleges waarvan die getal ingeskrewe studente vir die jare 1962-1964 beskikbaar was, 'n mate van wisseling in die getal ingeskrewe studente te wees. Met uitsondering van een onderwyserskollege (Graaff-Reinet) is die getal ingeskrewe eerstejaaronderwysstudente vir 1964 aan die kolleges hoër as vir die jare 1962 en 1963. (Totaalbeeld: 1962: 2489 studente, 1963: 2614 studente en 1964: 3781 studente).

TABEL 5.5

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN ONDERWYSERSKOLLEGES VAN DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE VANAF 1962–1964

| Inrigtings volgens Onderwysdepartemente | 1962 | | | | | | | 1963 | | | | | | | 1964 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T |
| | M | V | M | V | M | V | M en V | M | V | M | V | M | V | M en V | M | V | M | V | M | V | M en V |
| KAAPLAND | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Denneoord | | | | | | | | | | | | | | | | 28 | | 38 | | 66 | 66 |
| Graaff-Reinet | 4 | 11 | 51 | 90 | 55 | 101 | 156 | 6 | 13 | 50 | 84 | 56 | 97 | 153 | 16 | 24 | 27 | 76 | 43 | 100 | 143 |
| Grahamstad | | | | | | 119 | 119 | | | | | | 118 | 118 | | 28 | | 93 | | 121 | 121 |
| Kaapstad | | | | | | 99 | 99 | | | | | | 106 | 106 | | 53 | | 54 | | 107 | 107 |
| Oudtshoorn | | | | | | | | | | | | | | | 11 | 7 | 31 | 67 | 42 | 74 | 116 |
| Paarl | 40 | 36 | 17 | 46 | 57 | 82 | 139 | 20 | 47 | 29 | 44 | 49 | 91 | 140 | 22 | 33 | 32 | 56 | 54 | 89 | 143 |
| Wellington | 38 | 100 | 6 | 33 | 44 | 133 | 177 | 31 | 90 | 15 | 43 | 46 | 133 | 179 | 41 | 101 | 7 | 31 | 48 | 132 | 180 |
| Subtotaal | 82 | 147 | 74 | 169 | 156 | 534 | 690 | 57 | 150 | 94 | 171 | 151 | 545 | 696 | 90 | 274 | 97 | 415 | 187 | 689 | 876 |
| NATAL (1) | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Durban | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Natal | | | | | | | | | | | | | | | 3 | 8 | 15 | 60 | 18 | 68 | 86 |
| Subtotaal | | | | | | | | | | | | | | | 3 | 8 | 15 | 60 | 18 | 68 | 86 |
| ORANJE-VRYSTAAT | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Onderwyserskollege v.d. U.O.V.S. | | | | | | | | | | | | | | | 42 | 130 | 28 | 104 | 70 | 234 | 304 |
| Subtotaal | | | | | | | | | | | | | | | 42 | 130 | 28 | 104 | 70 | 234 | 304 |
| TRANSVAAL | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Goudstad | 51 | 40 | 63 | 114 | 114 | 154 | 268 | 38 | 57 | 78 | 116 | 106 | 173 | 279 | 45 | 56 | 104 | 107 | 149 | 163 | 312 |
| Heidelberg | 24 | 66 | 99 | 147 | 123 | 213 | 336 | 25 | 57 | 100 | 145 | 125 | 182 | 307 | 42 | 89 | 119 | 177 | 161 | 266 | 427 |
| Johannesburg | 81 | 119 | 25 | 158 | 106 | 277 | 383 | 93 | 200 | 34 | 150 | 127 | 350 | 477 | 95 | 220 | 34 | 150 | 129 | 370 | 499 |
| Potchefstroom | | | | | | | | | | | | | | | 94 | 107 | 51 | 137 | 145 | 244 | 389 |
| Pretoria | 143 | 193 | 140 | 336 | 283 | 529 | 812 | 174 | 200 | 127 | 354 | 301 | 554 | 855 | 207 | 217 | 125 | 339 | 332 | 556 | 888 |
| Subtotaal | 299 | 418 | 327 | 755 | 626 | 1173 | 1799 | 330 | 514 | 339 | 765 | 659 | 1259 | 1918 | 483 | 689 | 433 | 910 | 916 | 1599 | 2515 |
| GROOTTOTAAL | 381 | 565 | 401 | 924 | 782 | 1707 | 2489 | 387 | 664 | 433 | 936 | 810 | 1804 | 2614 | 618 | 1101 | 573 | 1489 | 1191 | 2590 | 3781 |

Opmerkings: (1) Van Durbanse Onderwyserskollege is geen gegewens ontvang nie.

(ii) Verder blyk daar oor die jare 1962-1964 deurgaans meer dame- as manstudente te wees. In Kaapland het die damestudente vanaf 1962-1964 jaarliks vermeerder, terwyl die getal manstudente in 1963 kleiner was as in 1962, met die getal manstudente in 1964 groter as vir die vorige jare. In Transvaal was daar vanaf 1962-1964 jaarliks 'n styging in die getal man- asook damestudente (vir Natal en die Oranje-Vrystaat is die gegewens slegs vir 1964 beskikbaar).

(iii) Ontleding van die gegewens toon dat die eerstejaaronderwysstudente sonder matrikulasievrystelling oor die tydperk 1962-1964 in die meerderheid was.

(b) Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges (Tabel 5.6)

(i) Blykens die gegewens in tabel 5.6 toon die getal ingeskrewe eerstejaaronderwysstudente vir die jare 1962-1964, ten opsigte van die kolleges wat gegewens verstrek het, in geringe mate 'n wisseling, met 'n groter inskrywing in 1964 as in die vorige twee jare. Alleenlik die Johannesburgse Opleidingskollege vir Kleuteronderwys en die Natalse en Port Elizabethse Tegniese Kollege het nagenoeg 'n konstante inskrywing oor die jare, terwyl die ander kolleges 'n toename in die getal studente toon.

(ii) Dit blyk verder dat daar oor die jare 1962-1963 meer dame- as manstudente ingeskryf was, en dat die damestudente oor die tydperk jaarliks vermeerder het, terwyl die manstudente in 1963 in vergelyking met 1962 'n afname en in 1964 'n toename toon.

(iii) Ontleding van die gegewens toon dat die studente sonder matrikulasievrystelling oor die tydperk 1962-1964 in die meerderheid was.

(c) Fakulteite van opvoedkunde aan universiteite (Tabel 5.7)

Vir die universiteite kan nie 'n vergelyking van die ingeskrewe onderwysstudente vir die tydperk 1962-1964 gemaak word nie omdat die statistieke veral vir die jare 1962 en 1963 onvolledig is.

(d) In die algemeen gesien, is daar 'n toename in die getal eerstejaaronderwysstudente en is die toename van die damestudente aansienlik groter as vir die manstudente. Dit blyk ook dat studente sonder matrikulasievrystelling in die meerderheid is en daar kan verwag word dat in die toekoms die onderwysers sonder matrikulasievrystelling in die meerderheid sal wees.

## 5.4 GRADERING VAN EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE OM DIE „GEHALTE" VAN DIE STUDENTE AS TOEKOMSTIGE ONDERWYSERS TE BEPAAL

Die vraag wat dikwels ontstaan, is wat is die gehalte van die onderwysstudente, met die bedoeling besit hulle die potensialiteite om goeie onderwysers te wees, dit wil sê sal hulle onderwys- en opvoedkundiges wees wat die ideale van hulle professie sal kan uitleef. Derhalwe is die hoofde van onderwyserskolleges, die afdelings vir die opleiding van onderwysers aan tegniese kolleges, die staatsgesubsidieerde kolleges en van die Fakulteite van Opvoedkunde van universiteite gevra om die eerstejaaronderwysstudente met inagneming van hulle potensialiteite volgens 'n sespuntskaal te beoordeel. Langs hierdie weg sal gepoog word om aan te dui of die eerstejaaronderwysstudente hulle toekomstige beroep as suksesvolle onderwysers sal kan beoefen.

Aangesien daar ses kategorieë van gradering is (A tot F met A en F as onderskeidelik die hoogste en laagste graad), is besluit dat onderwysstudente wat van A tot C gegradeer is, as onderwyssstudente beskou sal word wat in meerdere of mindere mate die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees, terwyl onderwysstudente wat laer gegradeer is, dit wil sê van D tot F, beskou sal word as studente wat in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees nie.

In tabel 5.8 word die gradering van die studente aangedui volgens onderwysdepartemente en die aard van die kursus wat gevolg word en is in die tabel vertikaal met rynommers aangedui. Daar moet op gelet word dat alle opleidingsinrigtings nie die gevraagde statistieke kon verskaf nie en die totaal gegradeerde studente is nie gelyk aan die totale getal studente nie.

TABEL 5.6

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN TEGNIESE EN STAATSGESUBSIDIEERDE KOLLEGES VANAF 1962-1964

| Opleidings-inrigtings | 1962 | | | | | | | 1963 | | | | | | | 1964 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T |
| | M | V | M | V | M | V | M en V | M | V | M | V | M | V | M en V | M | V | M | V | M | V | M en V |
| Barkley House-opleidingskollege vir Kleuteronderwys | - | 11 | - | 17 | - | 28 | 28 | - | 5 | - | 14 | - | 19 | 19 | - | 4 | - | 17 | - | 21 | 21 |
| Johannesburgse Kunsskool | | | | | | | | | | | | | | | 2 | 3 | 1 | 5 | 3 | 8 | 11 |
| Johannesburgse Onderwyskollege vir Huishoudkunde | - | 22 | - | - | - | 22 | 22 | - | - | - | 19 | - | 19 | 19 | - | 1 | - | 31 | - | 32 | 32 |
| Johannesburgse Opleidingskollege vir Kleuteronderwys | - | 10 | - | 23 | - | 33 | 33 | - | 18 | - | 16 | - | 34 | 34 | - | 1 | - | 31 | - | 32 | 32 |
| Kaapse Tegniese Kollege | 1 | 3 | 7 | 23 | 8 | 26 | 34 | 3 | 9 | 5 | 23 | 8 | 32 | 40 | 3 | 4 | 14 | 45 | 17 | 49 | 66 |
| Natalse Tegniese Kollege | - | 4 | 1 | 22 | 1 | 26 | 27 | 3 | 3 | - | 17 | 3 | 20 | 23 | - | 5 | - | 18 | - | 23 | 23 |
| Port Elizabethse Tegniese Kollege | 3 | 5 | - | - | 3 | 5 | 8 | 1 | 2 | - | - | 1 | 2 | 3 | 1 | 2 | - | - | 1 | 2 | 3 |
| Pretoriase Tegniese Kollege | - | - | - | - | 55 | 44 | 99 | - | - | - | - | 42 | 71 | 113 | 20 | 11 | 43 | 45 | 63 | 56 | 119 |
| Totaal | 4 | 55 | 8 | 85 | 67 | 184 | 251 | 7 | 37 | 5 | 89 | 54 | 197 | 251 | 26 | 31 | 58 | 192 | 84 | 223 | 307 |

TABEL 5.7

INGESKREWE EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE AAN UNIVERSITEITE VANAF 1962–1964

| Universiteite | 1962 | | | | | | | 1963 | | | | | | | 1964 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T | Matrikulasie-vrystelling | | Nie-mat.-vrystelling | | Totaal | | T |
| | M | V | M | V | M | V | M en V | M | V | M | V | M | V | M en V | M | V | M | V | M | V | M en V |
| Potchefstroom | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 9 | 4 | 15 | 5 | 24 | 29 |
| Rhodes | | | | | | | | | | | | 48 | 62 | 110 | | | | | 28 | 21 | 49 |
| Kaapstad | | | | | | | | | | | | | | | 32 | 69 | 2 | 12 | 34 | 81 | 115 |
| Natal * | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 200 |
| Pretoria | | | | | 5 | 43 | 48 | | | | | 9 | 69 | 78 | 32 | 114 | 7 | 46 | 39 | 160 | 199 |
| Stellenbosch | | | | | | | | | | | | | | | 85 | 136 | 10 | 77 | 95 | 213 | 308 |
| Totaal | | | | | 5 | 43 | 48 | | | | | 57 | 131 | 188 | 150 | 328 | 23 | 150 | 201 | 499 | 900 |

* Van die Universiteit van Natal is geen toepaslike gegewens ontvang nie.

Ontleding van die gegewens in tabel 5. 8 dui die volgende aan:

(a) Landsbeeld (Ry 4)

(i) Die graderingsrangorde van die studente is soos volg: graad B 36. 9 persent, graad C 29. 8 persent, graad A 14. 3 persent, graad D 11. 2 persent, graad E 5. 9 persent, graad F 1. 9 persent, dit wil sê die grootste konsentrasie studente is by graad B en C (66.7%). Verder blyk dit dat 81. 0 persent van die studente as graad C en hoër gegradeer is en kan aanvaar word dat hierdie studente in meerdere of mindere mate die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees, terwyl 19. 0 persent van die studente - dit is die studente wat as graad D en laer gegradeer is - nie die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees nie.

(ii) Die gradering van die man- en damestudente toon dat 81. 4 en 80. 7 persent van onderskeidelik die man- en damestudente as graad C en hoër geklassifiseer is en derhalwe in meerdere of mindere mate die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees. Daar sal nagenoeg eenvyfde van die man- sowel as die damestudente wees wat nie die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees nie.

(b) Onderwyserskolleges (Ry 1. 5)

(i) Die totaalbeeld vir die onderwyserskolleges van die vier provinsiale onderwysdepartemente toon dat 85. 5 persent van die studente as graad C en hoër gegradeer is, met 86. 0 persent van die man- en 85. 2 persent van die damestudente as graad C en hoër gegradeer. Die totaalbeeld vir die onderwyserskolleges van die vier provinsiale onderwysdepartemente toon dat 14. 5 persent van die studente in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees nie.

(ii) Wat die onderskeie onderwysdepartemente betref, is 48. 3 persent van die eerstejaaronderwysstudente van Kaapland (Ry 1. 1. 1) as graad C en hoër gegradeer, dit wil sê 51. 7 persent van hierdie studente besit in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees nie. Die Natalse Onderwysdepartement (Ry 1. 2. 3) het slegs 14. 0 persent eerstejaaronderwysstudente wat as graad C en hoër gegradeer is, dit wil sê 86.0 persent van die studente besit in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees nie. Die Transvaalse Onderwysdepartement (Ry 1. 4. 5), daarenteen, is die beste daaraan toe aangesien 97. 5 persent van die eerstejaaronderwysstudente as graad C of hoër gegradeer is. Slegs 2. 5 persent van die studente besit in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees nie. (Gegewens vir die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat is nie beskikbaar nie.) Die feit dat die Transvaalse Onderwysdepartement die grootste getal studente het, bring mee dat die totaalbeeld vir die onderwyserskolleges met betrekking tot die gradering, gunstig vertoon, alhoewel die onderwysdepartemente individueel nie almal gunstig vertoon nie.

(c) Tegniese en Staatsgesubsidieerde kolleges (Ry 2. 6)

Van die eerstejaaronderwysstudente aan die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges is 56.2 persent as graad C en hoër gegradeer, met 55. 4 persent van die man- en 56. 5 persent van die damestudente as graad C en hoër gegradeer. Dus besit 43. 8 persent van die studente in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees nie. Wat die onderskeie opleidingskursusse betref, is 97. 7 persent van sekondêre skoolonderwysstudente, 50. 0 persent van die tegniese skoolonderwysstudente, 46. 9 persent van die handelskoolonderwysstudente, 36. 0 persent van die huishoudskoolonderwysstudente en geen kleuterskoolonderwysstudente as graad C of hoër geklassifiseer nie. Dus besit alleenlik die sekondêre skoolonderwysstudente en die tegniese skoolonderwysstudente in 'n mate die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees.

(d) Universiteite (Fakulteite van Opvoedkunde) (Ry 3. 5)

Van die eerstejaaronderwysstudente aan universiteite is 81. 0 persent as graad C en hoër geklassifiseer, met 81. 4 persent van die man- en 80. 2 persent van die damestudente as

graad C en hoër geklassifiseer. Wat die onderskeie opleidingskursusse betref, is meer as 63 persent van die studente as graad C en hoër geklassifiseer. In totaal besit 19 persent van die studente in meerdere of mindere mate nie die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees nie.

(e) Beoordeel volgens die gradering van eerstejaaronderwysstudente van die drie groepe opleidingsinrigtings, is die „gehalte" van nagenoeg vier vyfdes van die studente aan onderwyserskollege en universiteite bevredigend, terwyl die gehalte van om en by die helfte van die eerstejaaronderwysstudente aan die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges bevredigend is.

## 5.5 REDES WAAROM ONDERWYSSTUDENTE HULLE OPLEIDING STAAK

Die verliese aan onderwysers kom alleenlik ter sprake wanneer die dienende onderwysers uit die diens tree. Dit is egter nodig om vas te stel of daar gedurende opleiding verliese aan aspirant-onderwysers is, al dan nie, en wat die redes is waarom die onderwysstudente hulle opleiding staak. Vervolgens word die onderwysstudente wat hulle opleiding staak in twee groepe verdeel, naamlik die voorgraadse studente, dit wil sê studente wat slegs 'n diplomakursus volg of 'n gekombineerde graad- en diplomakursus volg maar nog nie die graad verwerf het nie, en die nagraadse studente, dit wil sê studente wat reeds die universiteitsgraad verwerf het maar nog nie die onderwysersdiploma verwerf het nie.

Daar moet op gewys word dat tien definitiewe redes waarom studente hulle opleiding staak, deur die hoofde van opleidingsinrigtings aangedui is. Aangesien die rede druip professionele kursus en druip graadkursus oor druiping gaan word hierdie redes saamgegroepeer as die druip van kursusse. Verder: die redes vind 'n ander beroep en verander kursus impliseer dat die studente geheel en al van die onderwysberoep afsien, dit wil sê hulle gaan beoefen 'n ander beroep as die onderwys of verander die kursus in opleiding vir 'n ander beroep as die onderwys. Hierdie twee redes word gevolglik saamgegroepeer as die oorskakeling na 'n ander beroep.

### 5.5.1 Totaalbeeld van die redes waarom onderwysstudente hulle opleiding staak

In tabel 5.9 is die voorgraadse en die nagraadse studente bymekaargetel om 'n oorsig te gee van die redes waarom onderwysstudente hulle opleiding staak.

(a) Opvallend uit tabel 5.9 is dat:

(i) Alhoewel die sekondêre skoolonderwysstudente in die meerderheid is, daar nie 'n groot verskil tussen die getal sekondêre skool- (382) en primêre skoolonderwysstudente (324) is wat hulle opleiding gestaak het nie. Die kleuterskoolonderwysstudente beloop slegs 16 van die 722 „opleiding-stakers" in totaal;

(ii) aan die onderwyserskolleges die primêre skoolonderwysstudente in die meerderheid is, nl. 305 teenoor 289 sekondêre skoolonderwysstudente. (Onderwyserskolleges van die vier provinsiale onderwysdepartemente lei nie kleuterskoolonderwysers op nie.);

(iii) aan die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges daar meer sekondêre skoolonderwysstudente (33) as kleuterskoolonderwysstudente (14) is wat hulle opleiding gestaak het (primêre skoolonderwysers word nie deur hierdie kolleges opgelei);

(iv) aan die universiteite daar meer sekondêre skoolonderwysstudente (60) as primêre skoolonderwysstudente (19) en kleuterskoolonderwysstudente (2) is wat opleiding gestaak het.

(b) Wat die redes vir die staking van opleiding betref, is die volgende van belang:

(i) Die redes oorskakeling na 'n ander beroep (32.3%), druip van kursusse (15.9%), en geen aanleg vir die onderwys (14.8%) is in hierdie volgorde die belangrikste met betrekking tot die staking van opleiding deur onderwysstudente in die land. Hierdie redes blyk ook die belangrikste te wees waarom sekondêre, primêre en kleuterskool-

TABEL 5.9

REDES WAAROM ONDERWYSSTUDENTE HULLE OPLEIDING STAAK

| Redes | | Onderwyserskolleges | | | | | | | Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Sekondêr | | Primêr | | Kleuter | Totaal | | Sekondêr | | Primêr | Kleuter | | Totaal | |
| Druip van kursus | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele kursus | N | 20 | | 47 | | | 67 | | | | | 4 | | 4 | |
| | % | 6.9 | 39 | 15.4 | 50 | | 11.3 | 89 | | | | 28.6 | 4 | 8.5 | 4 |
| Graadkursus | N | 19 | 13.5% | 3 | 16.4% | | 22 | 15.0% | | | | | 28.6% | | 8.5% |
| | % | 6.6 | | 1.0 | | | 3.7 | | | | | | | | |
| Oorskakeling na ander beroep | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vind ander beroep | N | 61 | | 59 | | | 120 | | 3 | | | 2 | | 5 | |
| | % | 21.1 | 109 | 19.3 | 99 | | 20.2 | 208 | 9.1 | 13 | | 14.3 | 4 | 10.6 | 17 |
| Verander kursus | N | 48 | 37.7% | 40 | 32.4% | | 83 | 35.0% | 10 | 39.4% | | 2 | 28.6% | 12 | 36.2% |
| | % | 16.6 | | 13.1 | | | 14.8 | | 30.3 | | | 14.3 | | 25.5 | |
| Geen aanleg | N | 37 | | 64 | | | 101 | | | | | 4 | | 4 | |
| | % | 12.8 | | 21.0 | | | 17.0 | | | | | 28.6 | | 8.5 | |
| Finansiële probleme | N | 19 | | 11 | | | 30 | | 8 | | | | | 8 | |
| | % | 6.6 | | 3.6 | | | 5.1 | | 24.2 | | | | | 17.0 | |
| Staak op aanbeveling | N | 12 | | 27 | | | 39 | | 6 | | | | | 6 | |
| | % | 4.9 | | 8.9 | | | 6.6 | | 18.2 | | | | | 12.8 | |
| Gedragsprobleme | N | 3 | | 2 | | | 5 | | | | | | | | |
| | % | 1.0 | | 0.6 | | | 0.8 | | | | | | | | |
| Mediese gronde | N | 4 | | 8 | | | 12 | | 2 | | | 2 | | 4 | |
| | % | 1.4 | | 2.6 | | | 2.0 | | 6.1 | | | 14.2 | | 8.5 | |
| Tree in huwelik | N | 18 | | 17 | | | 35 | | 4 | | | | | 4 | |
| (Dames) | % | 6.2 | | 5.6 | | | 5.9 | | 12.1 | | | | | 8.5 | |
| Rede onbekend | N | 48 | | 27 | | | 75 | | | | | | | | |
| | % | 16.6 | | 8.9 | | | 12.6 | | | | | | | | |
| TOTAAL | N | 289 | | 305 | | | 594 | | 33 | | | 14 | | 47 | |
| | % | 100.0 | | 100.0 | | | 100.0 | | 100.0 | | | 100.0 | | 100.0 | |

TABEL 5.9 (Vervolg)

REDES WAAROM ONDERWYSSTUDENTE HULLE OPLEIDING STAAK

| Redes | | Universiteite | | | | | | | Totaal | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Sekondêr | | Primêr | | Kleuter | Totaal | | Sekondêr | | Primêr | | Kleuter | | Totaal | |
| **Druip van kursus** | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele kursus | N | 1 | | 7 | | | 8 | | 21 | | 54 | | 4 | | 79 | |
| | % | 1.7 | 15 | 36.8 | 7 | | 9.9 | 22 | 5.5 | 54 | 16.7 | 57 | 25.0 | 4 | 10.9 | 115 |
| Graadkursus | N | 14 | 25.0% | | 36.8% | | 14 | 27.2% | 33 | 14.1% | 3 | 17.6% | | 25.0% | 36 | 15.9% |
| | % | 23.3 | | | | | 17.3 | | 8.6 | | 0.9 | | | | 5.0 | |
| **Oorskakeling na ander beroep** | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vind ander beroep | N | 4 | | | | | 4 | | 68 | | 59 | | 2 | | 129 | |
| | % | 6.7 | 8 | | | | 4.9 | 8 | 17.8 | 130 | 18.2 | 99 | 12.5 | 4 | 17.9 | 233 |
| **Verander kursus** | N | 4 | 13.4% | | | | 4 | 9.8% | 62 | 34.0% | 40 | 30.5% | 2 | 25.0% | 104 | 32.3% |
| | % | 6.7 | | | | | 4.9 | | 16.2 | | 12.3 | | 12.5 | | 14.4 | |
| Geen aanleg | N | | | 2 | | | 2 | | 37 | | 66 | | 4 | | 107 | |
| | % | | | 10.5 | | | 2.5 | | 9.7 | | 20.4 | | 25.0 | | 14.8 | |
| Finansiële probleme | N | 1 | | | | | 1 | | 28 | | 11 | | | | 39 | |
| | % | 1.7 | | | | | 1.2 | | 7.3 | | 3.4 | | | | 5.4 | |
| Staak op aanbeveling | N | | | 1 | | | 1 | | 18 | | 28 | | | | 46 | |
| | % | | | 5.3 | | | 1.2 | | 4.7 | | 8.6 | | | | 6.4 | |
| Gedragsprobleme | N | 1 | | | | | 1 | | 4 | | 2 | | | | 6 | |
| | % | 1.7 | | | | | 1.2 | | 1.0 | | 0.6 | | | | 0.8 | |
| Mediese gronde | N | 6 | | | | | 6 | | 12 | | 8 | | 2 | | 22 | |
| | % | 1.0 | | | | | 7.4 | | 3.1 | | 2.5 | | 12.5 | | 3.0 | |
| Tree in huwelik (Dames) | N | 4 | | 5 | | | 9 | | 26 | | 22 | | | | 48 | |
| | % | 6.7 | | 26.3 | | | 11.1 | | 6.8 | | 6.8 | | | | 6.6 | |
| Rede onbekend | N | 25 | | 4 | | 2 | 31 | | 73 | | 31 | | 2 | | 106 | |
| | % | 41.5 | | 21.1 | | 100.0 | 38.3 | | 19.2 | | 9.6 | | 12.5 | | 14.7 | |
| TOTAAL | N | 60 | | 19 | | 2 | 81 | | 382 | | 324 | | 16 | | 722 | |
| | % | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | |

onderwysstudente hulle opleiding gestaak het.

(ii) As die drie groepe opleidingsinrigtings in oënskou geneem word, blyk die drie belangrikste redes vir die onderwyserskolleges die oorskakeling na 'n ander beroep (32. 4%), geen aanleg (21. 0%) en druip van kursusse (16. 4%) te wees; terwyl vir die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges die oorskakeling na 'n ander beroep (28. 6%), die druip van kursusse (28. 6%) en geen aanleg (28. 6%); en vir die universiteite die druip van kursusse (27.2%), tree in die huwelik (dames 11.1%) en die oorskakeling na 'n ander beroep (9. 8%) die drie belangrikste redes te wees.

(iii) Volgens die aard van opleiding blyk die rede oorskakeling na 'n ander beroep aan die onderwyserskolleges en tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges en die rede druip van kursusse aan die universiteite, die belangrikste rede te wees waarom onderwysstudente hulle opleiding staak.

5.5.2 Redes waarom voorgraadse onderwysstudente hulle opleiding staak

In tabel 5.10 word die redes waarom die voorgraadse onderwysstudente van die drie groepe opleidingsinrigtings hulle opleiding staak, volgens die aard van die opleidingskursus aangedui.

(a) Landsbeeld

Die redes oorskakeling na 'n ander beroep (31. 1%), die druip van kursusse (18. 4%) en besit geen aanleg (16. 3%) blyk in hierdie volgorde die drie belangrikste redes te wees waarom voorgraadse onderwysstudente hulle opleiding gestaak het. As die redes waarom onderwysstudente hulle opleiding staak volgens die aard van opleiding ontleed word, is die redes oorskakeling na 'n ander beroep, druip van kursusse en besit geen aanleg vir die sekondêre, primêre en kleuterskoolonderwysstudente die drie uitstaande redes waarom opleiding gestaak is.

(b) Die opleidingsinrigtings

(i) Onderwyserskolleges

Die redes oorskakeling na 'n ander beroep (34.1%), besit geen aanleg (18.2%) en druip van kursusse (17. 0%) is in hierdie orde die drie belangrikste redes waarom studente hulle opleiding gestaak het. Hierdie drie genoemde redes is vir sowel die sekondêre as primêre skoolonderwysstudente die uitstaande redes waarom opleiding gestaak is, met die rede oorskakeling na 'n ander beroep as die belangrikste.

(ii) Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges

Die redes oorskakeling na 'n ander beroep (28. 6%), finansiële probleme (19. 1%) en staak opleiding op aanbeveling (14.3%) is in hierdie orde die drie belangrikste redes waarom opleiding gestaak is. Vir die sekondêre skoolonderwysstudente is die drie belangrikste redes oorskakeling na 'n ander beroep (28. 6%), finansiële probleme (28. 6%) en staak opleiding op aanbeveling (21. 4%), terwyl vir die kleuterskoolonderwysstudente die drie redes oorskakeling na 'n ander beroep (28. 6%), die druip van kursusse (28. 6%) en besit geen aanleg (28. 6%) die belangrikste drie redes is.

(iii) Universiteite

Die redes druip van kursusse (37. 5%) en tree in die huwelik (dames) (12. 5%) is die twee uitstaande redes waarom studente hulle opleiding gestaak het, terwyl die studente wat nie 'n rede aangedui het nie 'n relatiewe groot groep is, nl. 32. 1 persent. Die rede druip van kursusse (40. 0%) is die uitstaande rede waarom sekondêre skoolonderwysstudente hulle opleiding gestaak het, terwyl die druip van kursusse (36. 8%) die uitstaande rede is waarom primêre skoolonderwysstudente hulle opleiding gestaak het, met die studente wat in die huwelik gaan tree (dames) (26. 3%) as 'n relatiewe groot groep.

(c) Ontleding van die gegewens in tabel 5. 9 dui aan dat wat die voorgraadse onderwysstudente betref, die oorskakeling na 'n ander beroep en die druip van kursusse die redes is waarom

TABEL 5.10
VOORGRAADSE ONDERWYSSTUDENTE: REDES VIR DIE STAAK VAN OPLEIDING

| Redes | | Onderwyserskolleges | | | | | | | Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Sekondêr | | Primêr | | Kleuter | Totaal | | Sekondêr | | Primêr | Kleuter | | Totaal | |
| **Druip van kursus** | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionale kursus | N | 20 | | 47 | | | 67 | | | | | 4 | | 4 | |
| | % | 9.2 | 39 | 15.4 | 50 | | 12.8 | 89 | | | | 28.6 | 4 | 9.5 | 4 |
| Graadkursus | N | 19 | 18.0% | 3 | 16.4% | | 22 | 17.0% | | | | | 28.6% | | 9.5% |
| | % | 8.8 | | 1.0 | | | 4.2 | | | | | | | | |
| **Oorskakeling na ander beroep** | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vind ander beroep | N | 41 | | 59 | | | 100 | | | | | 2 | | 2 | |
| | % | 18.9 | 79 | 19.3 | 99 | | 19.2 | 178 | | 8 | | 14.3 | 4 | 4.8 | 12 |
| Verander kursus | N | 38 | 36.4% | 40 | 32.4% | | 78 | 34.1% | 8 | 28.6% | | 2 | 28.6% | 10 | 28.6% |
| | % | 17.5 | | 13.1 | | | 14.9 | | 28.6 | | | 14.3 | | 23.8 | |
| Geen aanleg | N | 31 | | 64 | | | 95 | | | | | 4 | | 4 | |
| | % | 14.3 | | 21.0 | | | 18.2 | | | | | 28.6 | | 9.5 | |
| Finansiële probleme | N | 10 | | 11 | | | 21 | | 8 | | | | | 8 | |
| | % | 4.6 | | 3.6 | | | 4.0 | | 28.6 | | | | | 19.1 | |
| Staak op aanbeveling | N | 8 | | 27 | | | 35 | | 6 | | | | | 6 | |
| | % | 3.7 | | 8.9 | | | 6.7 | | 21.4 | | | | | 14.3 | |
| Gedragsprobleme | N | 3 | | 2 | | | 5 | | | | | | | | |
| | % | 1.4 | | 0.6 | | | 1.0 | | | | | | | | |
| Mediese gronde | N | 4 | | 8 | | | 12 | | 2 | | | 2 | | 4 | |
| | % | 1.8 | | 2.6 | | | 2.3 | | 7.1 | | | 14.2 | | 9.5 | |
| Tree in huwelik (Dames) | N | 13 | | 17 | | | 30 | | 4 | | | | | 4 | |
| | % | 6.0 | | 5.6 | | | 5.7 | | 14.3 | | | | | 9.5 | |
| Rede onbekend | N | 30 | | 27 | | | 57 | | | | | | | | |
| | % | 13.8 | | 8.9 | | | 10.9 | | | | | | | | |
| TOTAAL | N | 217 | | 305 | | | 522 | | 28 | | | 14 | | 42 | |
| | % | 100.0 | | 100.0 | | | 100.0 | | 100.0 | | | 100.0 | | 100.0 | |

TABEL 5.10 (Vervolg)
VOORGRAADSE ONDERWYSSTUDENTE: REDES VIR DIE STAAK VAN OPLEIDING

| Redes | | Universiteite | | | | | | | | Totaal | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Sekondêr | | Primêr | | Kleuter | Totaal | | Sekondêr | | Primêr | | Kleuter | | Totaal | |
| <u>Druip van kursus</u> | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionale kursus | N | | | 7 | | | 7 | | 20 | | 54 | | 4 | | 78 | |
| | % | | 14 | 36.8 | 7 | | 12.5 | 21 | 7.1 | 53 | 16.7 | 57 | 25.0 | 4 | 12.6 | 114 |
| Graadkursus | N | 14 | 40.0% | | 36.8% | | 14 | 37.5% | 33 | 18.2% | 3 | 17.6% | | 25.0% | 36 | 18.4% |
| | % | 40.0 | | | | | 25.0 | | 11.8 | | 0.9 | | | | 5.8 | |
| <u>Oorskakeling na ander beroep</u> | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vind ander beroep | N | 2 | | | | | 2 | | 43 | | 59 | | 2 | | 104 | |
| | % | 5.7 | 3 | | | | 3.6 | 3 | 15.4 | 90 | 18.2 | 99 | 12.4 | 4 | 16.8 | 193 |
| Verander kursus | N | 1 | 8.6% | | | | 1 | 5.4% | 47 | 32.1% | 40 | 30.5% | 2 | 25.0% | 89 | 31.1% |
| | % | 2.9 | | | | | 1.8 | | 16.8 | | 12.3 | | 12.5 | | 14.3 | |
| Geen aanleg | N | | | 2 | | | 2 | | 31 | | 66 | | 4 | | 101 | |
| | % | | | 10.5 | | | 3.6 | | 11.1 | | 20.4 | | 25.0 | | 16.3 | |
| Finansiële probleme | N | | | | | | | | 18 | | 11 | | | | 29 | |
| | % | | | | | | | | 6.4 | | 3.4 | | | | 4.7 | |
| Staak op aanbeveling | N | | | 1 | | | 1 | | 14 | | 28 | | | | 42 | |
| | % | | | 5.3 | | | 1.8 | | 5.0 | | 8.6 | | | | 6.8 | |
| Gedragsprobleme | N | 1 | | | | | 1 | | 4 | | 2 | | | | 6 | |
| | % | 2.9 | | | | | 1.8 | | 1.4 | | 0.6 | | | | 0.9 | |
| Mediese gronde | N | 3 | | | | | 3 | | 9 | | 8 | | 2 | | 19 | |
| | % | 8.5 | | | | | 5.3 | | 3.2 | | 2.5 | | 12.5 | | 23.1 | |
| Tree in huwelik (Dames) | N | 2 | | 5 | | | 7 | | 19 | | 22 | | | | 41 | |
| | % | 5.7 | | 26.3 | | | 12.5 | | 6.8 | | 6.8 | | | | 6.6 | |
| Rede onbekend | N | 12 | | 4 | | 2 | 18 | | 42 | | 31 | | 2 | | 75 | |
| | % | 34.3 | | 21.1 | | 100.0 | 32.1 | | 15.0 | | 9.6 | | 12.5 | | 12.1 | |
| **TOTAAL** | N | 35 | | 19 | | 2 | 56 | | 280 | | 324 | | 16 | | 620 | |
| | % | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | |

die meeste studente hulle opleiding staak. Die feit dat die studente reeds gedurende opleiding die onderwysberoep onaantreklik vind en na 'n ander beroep oorskakel, dui daarop dat die onderwysberoep aantreklik gemaak moet word.

5.5.3 Redes waarom nagraadse onderwysstudente hulle opleiding staak

In tabel 5.11 word die redes aangedui waarom nagraadse onderwysstudente hulle opleiding gestaak het. Hierdie onderwysstudente is aspirantonderwysers vir die sekondêre skool en daar word ook aangedui watter universiteitsgrade hulle besit.

(a) Landsbeeld

Die oorskakeling na 'n ander beroep (39.2%) is die uitstaande rede waarom nagraadse onderwysstudente hulle opleiding gestaak het. Van 59, 25 en 18 studente wat onderskeidelik 'n B.A.-, B.Sc.- en B.Com.-graad besit, het onderskeidelik 32.2, 48.0 en 50.0 persent studente hulle opleiding as onderwyser gestaak deur na 'n ander beroep te gaan of deur opleiding vir 'n ander beroep te deurloop.

(b) Die opleidingsinrigtings

(i) Onderwyserskolleges

Die oorskakeling na 'n ander beroep blyk die uitstaande rede te wees waarom die studente hulle opleiding gestaak het (41.7% studente). Van die 44, 16 en 12 studente met onderskeidelik 'n B.A.-, B.Sc.- en B.Com.-graad het onderskeidelik 36.3, 56.2 en 41.6 persent studente hulle opleiding gestaak om 'n ander beroep te gaan beoefen of om opleiding vir 'n ander beroep te deurloop.

(ii) Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges

Al vyf die studente wat hulle opleiding gestaak het, het òf 'n ander beroep gaan beoefen òf opleiding vir 'n ander beroep gaan deurloop. Die 2 studente met 'n B.Sc.-graad sowel as die 3 studente met 'n B.Com.-graad het hulle opleiding gestaak om tot 'n ander beroep toe te tree.

5.6 DIE STANDERD TIEN-VAKKE VAN EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE

Om vas te stel watter vakke eerstejaaronderwysstudente vir die st. 10-eksamen (matrikulasievrystelling of nie-matrikulasievrystelling) aangebied het, is die opleidingsinrigtings gevra om aan te dui hoeveel studente die verskillende vakke gevolg het. Hierdie gegewens verskyn in tabel 5.12.

Op grond van die gegewens in tabel 5.12 kan die volgende afleidings gemaak word:

(a) Die 4067 eerstejaaronderwysstudente het almal Engels (hoër of laer graad) in st. 10 gevolg, terwyl 3953 (97.2%) Afrikaans (hoër of laer graad) gevolg het. Hierdie verskynsel is te verklaar aan die hand van die voorskrifte van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat stel dat slegs een van die amptelike tale wel in die hoërgraad vir die eksamen aangebied kan word. Leerlinge verbonde aan skole van die onderwysdepartemente word verplig om albei die amptelike tale, één in die hoër en één in die laer graad, aan te bied, terwyl private en gesubsidieerde skole nie hierdie verpligting oplê nie. Verdere ontleding van die gegewens volgens opleidingsinrigtings en onderwysdepartemente waar dit van toepassing is, dui aan dat daar 25 studente is wat nie Engels en 139 studente wat nie Afrikaans as vak in st. 10 gevolg het nie.

(b) Omdat een van die amptelike tale verpligtend is en die departementele skole albei amptelike tale verpligtend maak, sal die grootste getal studente vanselfsprekend teenoor hierdie vakke verskyn. Die landsbeeld vir die ander vakke is soos volg: 63.2 persent van die studente het die biologiese vakke, 53.7 persent die handelsvakke, 52.2 persent Wiskunde, 50.7 persent Geskiedenis, 43.4 persent die suiwer natuurwetenskappe, 34.6 persent Duits/Latyn,

TABEL 5.11
NAGRAADSE STUDENTE: REDE VIR DIE STAAK VAN OPLEIDING

| Redes | | Onderwyserskolleges B.A. | Onderwyserskolleges B.Sc. | Onderwyserskolleges B.Com. | Onderwyserskolleges Totaal | Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges B.A. | Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges B.Sc. | Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges B.Com. | Tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Druip van kursus** | | | | | | | | | |
| **Professionele kursus** | N | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | |
| **Graadkursus** | N | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | |
| **Oorskakeling na ander beroep** | | | | | | | | | |
| **Vind ander beroep** | N | 12 | 4 | 4 | 20 | | 2 | 1 | 3 |
| | % | 27.2 16 | 25.0 9 | 33.3 5 | 27.8 30 | | 100.0 2 | 33.3 3 | 60.0 5 |
| **Verander kursus** | N | 4 36.3% | 5 56.2% | 1 41.6% | 10 41.7% | | 100.0% | 2 100.0% | 2 100.0% |
| | % | 9.1 | 31.2 | 8.3 | 13.9 | | | 66.7 | 40.0 |
| **Geen aanleg** | N | 5 | | 1 | 6 | | | | |
| | % | 11.4 | | 8.3 | 8.3 | | | | |
| **Finansiële probleme** | N | 5 | 2 | 2 | 9 | | | | |
| | % | 11.4 | 12.5 | 16.7 | 12.5 | | | | |
| **Staak op aanbeveling** | N | 1 | 1 | 2 | 4 | | | | |
| | % | 2.3 | 6.3 | 16.7 | 5.6 | | | | |
| **Gedragsprobleme** | N | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | |
| **Mediese gronde** | N | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | |
| **Tree in huwelik (Dames)** | N | 4 | 1 | | 5 | | | | |
| | % | 9.1 | 6.3 | | 6.9 | | | | |
| **Rede onbekend** | N | 13 | 3 | 2 | 18 | | | | |
| | % | 29.5 | 18.7 | 16.7 | 25.0 | | | | |
| **TOTAAL** | N | 44 | 16 | 12 | 72 | | 2 | 3 | 5 |
| | % | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

TABEL 5.11 (Vervolg)

NAGRAADSE STUDENTE: REDE VIR DIE STAAK VAN OPLEIDING

| Redes | | Universiteit | | | | | | | | Totaal | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | B.A. | | B.Sc. | | B.Com. | | Totaal | | B.A. | | B.Sc. | | B.Com. | | Totaal | |
| **Druip van kursus** | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Professionele kursus | N | 1 | | | | | | 1 | | 1 | | | | | | 1 | |
| | % | 6.7 | 1 | | | | | 4.0 | 1 | 1.7 | 1 | | | | | 1.0 | 1 |
| Graadkursus | N | | 6.7% | | | | | | 4.0% | | 1.7% | | | | | | 1.0% |
| | % | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Oorskakeling na ander beroep** | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vind ander beroep | N | | | 1 | | 1 | | 2 | | 12 | | 7 | | 6 | | 25 | |
| | % | | 3 | 14.3 | 1 | 33.3 | 1 | 8.0 | 5 | 20.3 | 19 | 28.0 | 12 | 33.3 | 9 | 24.5 | 40 |
| Verander kursus | N | 3 | 20.0% | | 14.3% | | 33.3% | 3 | 20.0% | 7 | 32.2% | 5 | 48.0% | 3 | 50.0% | 15 | 39.2% |
| | % | 20.0 | | | | | | 12.0 | | 11.9 | | 20.0 | | 16.7 | | 14.7 | |
| Geen aanleg | N | | | | | | | | | 5 | | | | 1 | | 6 | |
| | % | | | | | | | | | 8.5 | | | | 5.6 | | 5.9 | |
| Finansiële probleme | N | 1 | | | | | | 1 | | 6 | | 2 | | 2 | | 10 | |
| | % | 6.7 | | | | | | 4.0 | | 10.1 | | 8.0 | | 11.1 | | 9.8 | |
| Staak op aanbeveling | N | | | | | | | | | 1 | | 1 | | 2 | | 4 | |
| | % | | | | | | | | | 1.7 | | 4.0 | | 11.1 | | 3.9 | |
| Gedragsprobleme | N | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | % | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Mediese gronde | N | 2 | | 1 | | | | 3 | | 2 | | 1 | | | | 3 | |
| | % | 13.3 | | 14.3 | | | | 12.0 | | 3.4 | | 4.0 | | | | 2.9 | |
| Tree in huwelik (Dames) | N | 1 | | 1 | | | | 2 | | 5 | | 2 | | | | 7 | |
| | % | 6.7 | | 14.3 | | | | 8.0 | | 8.5 | | 8.0 | | | | 6.9 | |
| Rede onbekend | N | 7 | | 4 | | 2 | | 13 | | 20 | | 7 | | 4 | | 31 | |
| | % | 46.6 | | 57.1 | | 66.7 | | 52.0 | | 33.9 | | 28.0 | | 22.2 | | 30.4 | |
| TOTAAL | N | 15 | | 7 | | 3 | | 25 | | 59 | | 25 | | 18 | | 102 | |
| | % | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | |

33.0 persent die praktiese vakke en 22.1 persent Aardrykskunde/Geologie vir die st. 10-eksamen aangebied. Die persentasies studente wat ander vakke as die genoemdes aangebied het, is gering (kyk tabel 5.12).

## 5.7 SAMEVATTING

### 5.7.1 Aard van die skoolsertifikaat (Tabelle 5.1-5.4)

(a) Daar is meer dames as mans wat as eerstejaaronderwysstudente aan die opleidingsinrigtings ingeskryf is. (Onderwyserskolleges 2590 dames: 1191 mans; tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges 223 dames: 84 mans; universiteite 478 dames: 173 mans.)

(b) Eerstejaaronderwysstudente sonder matrikulasievrystelling is aan die onderwyserskolleges (54.5%) en tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges (78.5%) in die meerderheid, terwyl die matrikulasievrystellingsgroep aan die universiteite in die meerderheid is (73.4%).

(c) Eerstejaaronderwysstudente met 'n tweedeklas-matrikulasie- of tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat is in die meerderheid aan onderwyserskolleges en tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges. Dit geld ook vir die mans en dames wat die onderskeie st. 10-sertifikate besit. Aan die universiteite is die studente met 'n tweedeklas-nie-matrikulasievrystellingsertifikaat in die meerderheid, terwyl van die vrystellingsgroep die studente met 'n eersteklassertifikaat in die meerderheid is.

### 5.7.2 Toename van eerstejaaronderwysstudente (Tabelle 5.5 - 5.7)

Volgens beskikbare statistieke is daar aan die onderwyserskolleges en in mindere mate aan die tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges 'n toename in eerstejaaronderwysstudente vanaf 1962-1964. Dit blyk ook dat die damestudente in die meerderheid is. Die gegewens vir die universiteite is nie beskikbaar nie.

### 5.7.3 Gradering van eerstejaaronderwysstudente (Tabel 5.8)

Nagenoeg vier vyfdes van die studente aan onderwyserskolleges en universiteite is as graad C en hoër gegradeer en besit in meerdere of mindere mate die potensialiteite om suksesvolle onderwysers te wees, terwyl die helfte van die studente aan tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges as graad C en hoër geklassifiseer is en in meerdere of mindere mate die potensialiteite besit om suksesvolle onderwysers te wees.

### 5.7.4 Redes vir die staak van opleiding as onderwysers (Tabelle 5.9 - 5.11)

Die drie belangrikste redes waarom onderwysstudente hulle opleiding gestaak het, is oorskakeling na 'n ander beroep, geen aanleg en druip van kursus.

### 5.7.5 St. 10-vakke van eerstejaaronderwysstudente (Tabel 5.12)

Van die 4067 studente het almal Engels en 97.2 persent Afrikaans gevolg. Daarna volg die biologiese vakke (63.2%), handelsvakke (53.7%), Wiskunde (52.2%), Geskiedenis (50.7%), suiwer natuurwetenskappe (43.4%), Duits/Latyn (34.6%), praktiese vakke (33.0%) en Aardrykskunde /Geologie (22.1%). Die persentasies studente wat ander vakke gevolg het, is uiters gering.

TABEL 5.12

VAKKE DEUR EERSTEJAARONDERWYSSTUDENTE IN ST. 10 GEVOLG

| Opleidingsinrigtings. | | Afrikaans hoër/laer | Engels hoër/laer | Duits, Latyn | Portugees, Spaans, Frans | Grieks, Hebreeus | Bantoetale | Biologie/Plantkunde/Dierkunde | Natuur- en Skeikunde Algemene Wetenskap | Wiskunde, Statistiese Wiskunde, Meganika, Rekenkunde | Landboukundige vakke | Geologie, Aardrykskunde | Fisiologie, Gesondheidsleer, Verpleging/Higiëne, Moederkunde, Anatomie | Geskiedenis/Burgerkunde | Boekhou en/of Handelsrekene, Bedryfsleer, Handel, Snelskrif/Shorthand, Tikskrif | Kuns, Skone Kuns, Kunsgeskiedenis, Kunswaardering | Musiek, Musiekgeskiedenis, Musiekwaardering | Hout- en Metaalwerk, Bedryfskennis, Handwerk, Huishoudkunde, Naaldwerk, Huisvlyt, Kookkuns | Tegniese vakke | Ander vakke |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Onderwyserskolleges | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kaapland | M | 133 | 133 | 27 | - | - | - | 63 | 71 | 56 | 35 | 41 | 28 | 80 | 63 | 3 | - | 31 | 3 | - |
| | V | 468 | 577 | 173 | 10 | 1 | - | 499 | 96 | 202 | - | 164 | 145 | 362 | 303 | 22 | 54 | 200 | - | 2 |
| Subtotaal | 1 | 601 | 710 | 200 | 10 | 1 | - | 562 | 167 | 258 | 35 | 205 | 173 | 442 | 366 | 25 | 54 | 231 | 3 | 2 |
| Natal | M | 18 | 18 | 5 | - | - | - | 1 | 18 | 16 | - | 17 | - | 9 | 6 | 6 | 5 | 1 | 1 | - |
| | V | 64 | 64 | 15 | 3 | - | - | 51 | 7 | 38 | - | 45 | 1 | 39 | 19 | 4 | 18 | 18 | - | - |
| Subtotaal | 2 | 82 | 82 | 20 | 3 | - | - | 52 | 25 | 54 | - | 62 | 1 | 48 | 25 | 10 | 23 | 19 | 1 | - |
| Oranje-Vrystaat | M | 75 | 75 | 29 | - | - | - | 29 | 53 | 37 | 6 | 15 | 4 | 7 | 51 | 2 | - | 14 | 3 | 11 |
| | V | 246 | 247 | 78 | - | - | - | 130 | 107 | 83 | 2 | 46 | 9 | 170 | 163 | 9 | 4 | 92 | - | 6 |
| Subtotaal | 3 | 321 | 322 | 107 | - | - | - | 159 | 160 | 120 | 8 | 61 | 13 | 177 | 214 | 11 | 4 | 106 | 3 | 17 |
| Transvaal | M | 761 | 761 | 237 | 9 | 3 | 46 | 455 | 500 | 560 | 32 | 133 | 18 | 335 | 370 | 33 | 4 | 277 | - | 8 |
| | V | 1255 | 1255 | 462 | 9 | 2 | 33 | 796 | 467 | 532 | 7 | 272 | 70 | 568 | 830 | 130 | 78 | 573 | - | 2 |
| Subtotaal | 4 | 2016 | 2016 | 699 | 18 | 5 | 79 | 1251 | 967 | 1092 | 39 | 405 | 88 | 903 | 1250 | 163 | 82 | 850 | - | 10 |
| Universiteite | M | 181 | 185 | 76 | - | - | - | 65 | 137 | 152 | 6 | 28 | 1 | 107 | 72 | - | - | 11 | 1 | - |
| | V | 470 | 495 | 275 | 15 | 4 | - | 370 | 213 | 333 | - | 67 | 31 | 282 | 74 | 7 | 26 | 50 | 10 | 2 |
| Subtotaal | 5 | 651 | 680 | 351 | 15 | 4 | - | 435 | 350 | 485 | 6 | 95 | 32 | 389 | 146 | 7 | 26 | 61 | 11 | 2 |
| Tegniese Kolleges | M | 79 | 67 | 7 | - | - | - | 7 | 30 | 50 | - | 3 | 1 | 16 | 38 | 4 | 0 | 1 | 37 | 1 |
| | V | 203 | 190 | 25 | 14 | 2 | - | 106 | 36 | 63 | - | 67 | 8 | 89 | 144 | 33 | 1 | 76 | 0 | 7 |
| Subtotaal | 6 | 282 | 257 | 32 | 14 | 2 | - | 113 | 66 | 113 | - | 70 | 9 | 105 | 182 | 37 | 1 | 77 | 37 | 8 |
| GROOTTOTAAL | | 3953 | 4067 | 1409 | 60 | 12 | 79 | 2572 | 1765 | 2122 | 88 | 898 | 316 | 2064 | 2183 | 253 | 190 | 1344 | 55 | 39 |
| PERSENTASIE | | 97.2 | 100.0 | 34.6 | 1.5 | 0.3 | 1.9 | 63.2 | 43.4 | 52.2 | 2.2 | 22.1 | 7.8 | 50.7 | 53.7 | 6.2 | 4.7 | 33.0 | 1.4 | 1.0 |

OPMERKING:

Geen getalle is ontvang van
(a) twee onderwyserskolleges; (b) een universiteit; (c) een universiteit wat slegs die gegewens vir 5 van die 49 studente kon verstrek.

HOOFSTUK 6

# DIE GESINDHEID VAN ONDERWYS- EN DOSERENDE PERSONEEL TEENOOR DIE ONDERWYSBEROEP

## 6.1 INLEIDING

Die werwingsaksie wat by die sekondêre skole plaasvind, geskied meesal in opdrag van die verskillende onderwysdepartemente. Die inisiatief vir die werwingsaksie berus dus hoofsaaklik by die hoofde van sekondêre skole en hulle is van die samewerking en entoesiasme van die personeel afhanklik om die werwingsaksie te volvoer. Die mate van inisaitief en entoesiasme wat deur hoofde asook onderhoofde en assistente openbaar word, sal bepaal word deur hulle opvatting van en houding teenoor die beroep. 'n Aantal vrae in dié verband is gerig aan die onderwyspersoneel aan skole en die doserende personeel aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers. Hoewel die werwingsaksie hoofsaaklik gedurende die sekondêre skooljare plaasvind, is onderwyspersoneel aan ander skole en doserende personeel aan opleidingsinrigtings, as lede van dieselfde beroep, ook betrokke by die bepaling van die gesindheid teenoor die beroep.

Voordat daar egter oorgegaan word tot 'n bespreking van die gegewens moet eers gewys word op die moontlike verskille in siening van die onderwysberoep wat mag bestaan tussen onderwyspersoneel verbonde aan skole en doserende personeel verbonde aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers. As uitgangspunt vir 'n vergelykende siening insake die onderwysberoep, kan grootliks aanvaar word dat die personeel verbonde aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers vir wisselende tydperke onderwyservaring opgedoen het aan skole. By sodanige vergelyking moet 'n basiese verskil in die werksaamhede van skole en inrigtings vir onderwysersopleiding in ag geneem word. Die personeel verbonde aan skole het die vrae aan hulle gestel, beantwoord volgens hulle persoonlike onmiddellike daaglikse ervaring. Eerstens word 'n poging aangewend om deur middel van die antwoorde op die vrae die onderwyser se siening van sy beroep te bepaal en tweedens sy siening te bepaal van die beroep as toekomstige beroep vir die leerlinge wat onder sy leiding verkeer. Sy beroep as onderwyser verplig hom om die leerlinge se akademiese kennis en bekwaamheid te bevorder maar op sy skouers rus ook die verantwoordelikheid ten opsigte van beroepskeuse en arbeidsoriëntering. Hy sal dus in die uitvoering van sy onderwyspligte die leerlinge in meerdere of mindere mate ten aansien van die onderwysberoep beïnvloed.

Die personeel verbonde aan inrigtings vir onderwysersopleiding het eerstens die vrae beantwoord ten opsigte van onderwystoestande deels soos hulle dit ervaar het aan skole, deels soos dit op hulle van toepassing is aan opleidingsinrigtings en deels soos hulle dit beskou ten opsigte van die opleiding van toekomstige onderwysers. Ten tweede bestaan daar geen sprake van beroepskeuse-oriëntering nie maar wel 'n belangrike mate van oriëntering tot suksesvolle beroepsbeoefening en -vervulling. Die leerstof wat aangebied word, het ook veel meer betrekking op bepaalde beroepsvoorbereiding as wat die geval in skole is.

Die mate van beroepsgeluk en tevredenheid wat diegene verbonde aan inrigtings vir onderwysersopleiding in hul huidige posisie ondervind, sowel as die beskouing van hul ervaring in vorige opvoedkundige inrigtings, sal ook invloed uitoefen op die wyse waarop aspirant-onderwysers voorberei word vir toekomstige onderwysverantwoordelikhede.

## 6.2 GELUK EN TEVREDENHEID IN DIE BEROEP

Om te bepaal in watter mate hoofde, onderhoofde en assistente aan skole en die hoofde, onderhoofde en dosente aan inrigtings wat die opleiding van onderwysers onderneem, gelukkig en tevrede in hulle beroep is, is 'n aantal vrae in hierdie verband gestel. Die vrae aan en die antwoorde van die genoemde personeel word in tabelle 6.1, 6.2 en 6.3 weergegee en verskyn aan die einde van hierdie bespreking.

Vervolgens word die afleidings wat uit hierdie drie tabelle gemaak word, volgens die vrae ten opsigte van die groepe personeel wat daarby betrokke is, aangebied.

TABEL 6.1

HOOFDE VAN SKOLE SE ANTWOORDE INSAKE GELUK EN TEVREDENHEID IN HULLE BEROEP

| Vrae | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | Nie-departementele skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1) Is u gelukkig en tevrede in u werk as hoof? | Ja | 254 | 81.4 | 54 | 87.1 | 40 | 88.9 | 206 | 78.3 | 12 | 85.7 | 30 | 90.9 | 76 | 89.4 | 672 | 82.5 |
| | Nee | 22 | 7.1 | 3 | 4.8 | 3 | 6.7 | 26 | 9.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 2.4 | 56 | 6.9 |
| | T.* | 32 | 10.2 | 4 | 6.5 | 1 | 2.2 | 28 | 10.7 | 2 | 14.3 | 2 | 6.1 | 1 | 1.2 | 70 | 8.6 |
| | O.* | 4 | 1.3 | 1 | 1.6 | 1 | 2.2 | 3 | 1.1 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 6 | 7.0 | 16 | 2.0 |
| 2) Wens u dikwels dat u, u vir 'n ander beroep bekwaam het? | Ja | 51 | 16.3 | 13 | 21.0 | 3 | 6.7 | 51 | 19.4 | 1 | 7.2 | 4 | 12.1 | 2 | 2.4 | 125 | 15.3 |
| | Nee | 227 | 72.8 | 47 | 75.8 | 38 | 84.4 | 187 | 71.1 | 8 | 57.1 | 26 | 78.8 | 75 | 88.2 | 608 | 74.7 |
| | T. | 29 | 9.3 | 1 | 1.6 | 4 | 8.9 | 21 | 8.0 | 5 | 35.7 | 2 | 6.1 | 2 | 2.4 | 64 | 7.9 |
| | O. | 5 | 1.6 | 1 | 1.6 | 0 | 0.0 | 4 | 1.5 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 6 | 7.0 | 17 | 2.1 |
| 3) Het u dit gedurende die afgelope twee jaar ernstig oorweeg om te bedank en 'n beroep buite die onderwys te aanvaar? | Ja | 48 | 15.4 | 2 | 3.2 | 2 | 4.5 | 35 | 13.3 | 1 | 7.2 | 1 | 3.0 | 3 | 3.5 | 92 | 11.3 |
| | Nee | 252 | 80.8 | 59 | 95.2 | 42 | 93.3 | 220 | 83.7 | 13 | 92.8 | 30 | 91.0 | 73 | 85.9 | 689 | 84.7 |
| | T. | 7 | 2.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 1.9 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 1 | 1.2 | 14 | 1.7 |
| | O. | 5 | 1.6 | 1 | 1.6 | 1 | 2.2 | 3 | 1.1 | 0 | 0.0 | 1 | 3.0 | 8 | 9.4 | 19 | 2.3 |
| 4) As u weer kon kies, sou u weer verkies om onderwyser te word? | Ja | 205 | 65.7 | 35 | 56.5 | 33 | 73.3 | 161 | 61.2 | 8 | 57.1 | 21 | 63.6 | 71 | 83.5 | 534 | 65.6 |
| | Nee | 53 | 17.0 | 16 | 25.8 | 5 | 11.1 | 59 | 22.4 | 4 | 28.6 | 7 | 21.2 | 3 | 3.5 | 147 | 18.1 |
| | T. | 48 | 15.4 | 10 | 16.1 | 7 | 15.6 | 36 | 13.7 | 2 | 14.3 | 5 | 15.2 | 4 | 4.7 | 112 | 13.7 |
| | O. | 6 | 1.9 | 1 | 1.6 | 0 | 0.0 | 7 | 2.7 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 7 | 8.3 | 21 | 2.6 |
| Totaal waarop persentasie bereken is | | 312 | 100.0 | 62 | 100.0 | 45 | 100.0 | 263 | 100.0 | 14 | 100.0 | 33 | 100.0 | 85 | 100.0 | 814 | 100.0 |

* T - Twyfelagtig

* O - Onbeantwoord

TABEL 6.2

ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE SE ANTWOORDE INSAKE GELUK EN TEVREDENHEID IN HULLE BEROEP

| Vrae | | Onderwysdepartemente | | | | | | | | | | | | Nie-departementele skole | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Suidwes-Afrika | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | | | | |
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1) Is u gelukkig en tevrede in u beroep? | Ja | 603 | 80.8 | 199 | 85.4 | 193 | 83.5 | 905 | 78.2 | 45 | 93.7 | 167 | 87.4 | 81 | 92.0 | 2193 | 81.4 |
| | Nee | 54 | 7.2 | 14 | 6.0 | 7 | 3.0 | 111 | 9.6 | 3 | 6.2 | 7 | 3.7 | 3 | 3.4 | 199 | 7.4 |
| | T.* | 81 | 10.9 | 16 | 6.9 | 30 | 13.0 | 130 | 11.2 | 0 | 0.0 | 16 | 8.4 | 4 | 4.5 | 277 | 10.3 |
| | O.* | 8 | 1.1 | 4 | 1.7 | 1 | 0.4 | 11 | 1.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.5 | 0 | 0.0 | 25 | 0.9 |
| 2) Wens u dikwels dat u, u vir n ander beroep bekwaam het? | Ja | 156 | 20.9 | 39 | 16.7 | 40 | 17.3 | 272 | 23.5 | 4 | 8.3 | 27 | 14.1 | 6 | 6.8 | 544 | 20.2 |
| | Nee | 502 | 67.3 | 168 | 72.1 | 170 | 73.6 | 766 | 66.2 | 38 | 79.2 | 149 | 78.0 | 76 | 86.4 | 1869 | 69.4 |
| | T. | 74 | 9.9 | 22 | 9.4 | 18 | 7.8 | 107 | 9.2 | 6 | 12.5 | 13 | 6.8 | 6 | 6.8 | 246 | 9.1 |
| | O. | 14 | 1.9 | 4 | 1.7 | 3 | 1.3 | 12 | 1.0 | 0 | 0.0 | 2 | 1.0 | 0 | 0.0 | 35 | 1.3 |
| 3) Het u dit gedurende die afgelope twee jaar ernstig oorweeg om te bedank en n beroep buite die onderwys te aanvaar? | Ja | 114 | 15.3 | 25 | 10.7 | 25 | 10.8 | 227 | 19.6 | 3 | 6.2 | 23 | 12.0 | 4 | 4.5 | 421 | 15.6 |
| | Nee | 598 | 80.2 | 201 | 86.3 | 197 | 85.3 | 879 | 76.0 | 45 | 93.7 | 156 | 81.7 | 81 | 92.0 | 2157 | 80.1 |
| | T. | 22 | 2.9 | 6 | 2.6 | 7 | 3.0 | 34 | 2.9 | 0 | 0.0 | 9 | 4.7 | 1 | 1.1 | 79 | 2.9 |
| | O. | 12 | 1.6 | 1 | 0.4 | 2 | 0.9 | 17 | 1.5 | 0 | 0.0 | 3 | 1.6 | 2 | 2.3 | 37 | 1.4 |
| 4) As u weer kon kies, sou u weer verkies om onderwyser te word? | Ja | 469 | 62.9 | 161 | 69.1 | 160 | 69.3 | 700 | 60.5 | 34 | 70.8 | 137 | 71.7 | 63 | 71.6 | 1724 | 64.0 |
| | Nee | 140 | 18.8 | 33 | 14.2 | 41 | 17.7 | 254 | 22.0 | 7 | 14.6 | 24 | 12.6 | 16 | 18.2 | 515 | 19.1 |
| | T. | 133 | 17.8 | 34 | 14.6 | 29 | 12.6 | 197 | 17.0 | 7 | 14.6 | 29 | 15.2 | 8 | 9.2 | 437 | 16.2 |
| | O. | 4 | 0.5 | 5 | 2.1 | 1 | 0.4 | 6 | 0.5 | 0 | 0.0 | 1 | 0.5 | 1 | 1.1 | 18 | 0.7 |
| Totaal waarop persentasie bereken is | | 746 | 100.0 | 233 | 100.0 | 231 | 100.0 | 1157 | 100.0 | 48 | 100.0 | 191 | 100.0 | 88 | 100.0 | 2694 | 100.0 |

* T - Twyfelagtig

* O - Onbeantwoord

TABEL 6.3

HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN OPLEIDINGSINRIGTINGS VIR ONDERWYSERS INSAKE GELUK EN TEVREDENHEID IN HULLE BEROEP

| Vrae | | Onderhoofde en dosente van Onderwysdepartemente | | | | | | | | | | | | Hoofde Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Kaap | | Natal | | Oranje-Vrystaat | | Transvaal | | Onderwys, Kuns en Wetenskap | | Totaal | | | |
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1) Is u gelukkig en tevrede in u beroep? | Ja | 85 | 88.5 | 47 | 94.0 | 33 | 91.7 | 222 | 86.7 | 61 | 85.9 | 448 | 88.0 | 24 | 82.8 |
| | Nee | 3 | 3.1 | 1 | 2.0 | 0 | 0.0 | 12 | 4.7 | 4 | 5.6 | 20 | 3.9 | 0 | 0.0 |
| | T.* | 5 | 5.2 | 2 | 4.0 | 3 | 8.3 | 17 | 6.6 | 4 | 5.6 | 31 | 6.1 | 1 | 3.4 |
| | O.* | 3 | 3.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 2.0 | 2 | 2.8 | 10 | 2.0 | 4 | 13.8 |
| 2) Wens u dikwels dat u, u vir 'n ander beroep bekwaam het? | Ja | 10 | 10.4 | 9 | 18.0 | 5 | 13.9 | 44 | 17.2 | 7 | 9.9 | 75 | 14.7 | 3 | 10.3 |
| | Nee | 80 | 83.3 | 38 | 76.0 | 29 | 80.6 | 194 | 75.8 | 60 | 84.5 | 401 | 78.8 | 21 | 72.4 |
| | T. | 3 | 3.1 | 3 | 6.0 | 2 | 5.6 | 15 | 5.9 | 3 | 4.2 | 26 | 5.1 | 1 | 3.5 |
| | O. | 3 | 3.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 1.2 | 1 | 1.4 | 7 | 1.4 | 4 | 13.8 |
| 3) Het u dit gedurende die afgelope twee jaar ernstig oorweeg om te bedank en 'n beroep buite die onderwysberoep te aanvaar | Ja | 10 | 10.4 | 8 | 16.0 | 3 | 8.3 | 28 | 10.9 | 11 | 15.5 | 60 | 11.8 | 0 | 0.0 |
| | Nee | 83 | 86.5 | 41 | 82.0 | 33 | 91.7 | 218 | 85.2 | 60 | 84.5 | 435 | 85.5 | 24 | 82.8 |
| | T. | 1 | 1.0 | 1 | 2.0 | 0 | 0.0 | 9 | 3.5 | 0 | 0.0 | 11 | 2.2 | 0 | 0.0 |
| | O. | 2 | 2.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.4 | 0 | 0.0 | 3 | 0.6 | 5 | 17.2 |
| 4) As u weer kon kies, sou u weer verkies om onderwyser te word? | Ja | 70 | 72.9 | 34 | 68.0 | 27 | 75.0 | 157 | 61.3 | 43 | 60.6 | 331 | 65.0 | 18 | 62.1 |
| | Nee | 8 | 8.3 | 7 | 14.0 | 5 | 13.9 | 42 | 16.4 | 12 | 16.9 | 74 | 14.5 | 3 | 10.3 |
| | T. | 16 | 16.7 | 9 | 18.0 | 4 | 11.1 | 54 | 21.1 | 15 | 21.1 | 98 | 19.3 | 2 | 6.9 |
| | O. | 2 | 2.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 1.2 | 1 | 1.4 | 6 | 1.2 | 6 | 20.7 |
| Totaal waarop persentasie bereken is | | 96 | 100.0 | 50 | 100.0 | 36 | 100.0 | 256 | 100.0 | 71 | 100.0 | 509 | 100.0 | 29 | 100.0 |

* T - Twyfelagtig

* O - Onbeantwoord

6.2.1 Vraag: Is u gelukkig en tevrede in u beroep? (ry 1 van tabelle)

Vir die land as geheel blyk daar nagenoeg vier vyfdes van die skoolhoofde (82.5%), die onderhoofde en assistente (as groep) van skole (81.4%), die hoofde (82.8%) en die onderhoofde en dosente (as groep) (88.0% van opleidingsinrigtings te wees wat verklaar dat hulle gelukkig en tevrede in hulle beroep is. Derhalwe kan aanvaar word dat hierdie personeel se gesindheid teenoor die onderwysberoep positief sal wees en dat die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep deur hierdie personeel geïnisieer, positief sal wees en dat die onderwysberoep aanbeveel sal word. Hierteenoor kan verwag word dat die personeel wat nie gelukkig en tevrede in hulle beroep is nie, of wat twyfel of hulle gelukkig en tevrede is, se gesindheid teenoor die onderwysberoep negatief sal wees en dat die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep deur hierdie personeel van so 'n aard sal wees dat leerlinge nie aangemoedig sal word om die onderwysberoep te kies nie.

6.2.2 Vraag: Wens u dikwels dat u u vir 'n ander beroep moes bekwaam het (ry 2 van tabelle)

Vir die land as geheel blyk daar om en by drie kwart van die skoolhoofde (74.7%), die hoofde (72.4%) en die onderhoofde en dosente (as groep) (78.8%) van opleidingsinrigtings en nagenoeg twee derdes van die onderhoofde en assistente (as groep) 69.4%) van skole te wees wat nie dikwels gewens het dat hulle hulle vir 'n ander beroep moes bekwaam het nie. Daar moet aanvaar word dat hierdie personeel in groot mate 'n goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep sal openbaar. Die personeel wat wel dikwels al gewens het dat hulle hulle vir 'n ander beroep moes bekwaam het, is relatief gesproke 'n groep wat nie verontagsaam moet word nie, veral wat die onderhoofde en assistente van skole betref, want dit dui daarop dat daar wel personeel is wat nie tevredenheid en geluk uit die onderwysberoep put nie, en daar kan verwag word dat die gesindheid van hierdie personeel teenoor die onderwysberoep in 'n mate negatief sal wees.

6.2.3 Vraag: Het u dit gedurende die afgelope twee jaar ernstig oorweeg om te bedank om 'n beroep buite die onderwys te aanvaar? (ry 3 van tabelle)

Vir die land as geheel blyk daar nagenoeg vier vyfdes van die skoolhoofde (84.7%), die onderhoofde en assistente (as groep) van skole (80.1%), die hoofde (82.8%) en onderhoofde en dosente (as groep) (85.5%) van opleidingsinrigtings te wees wat dit nie gedurende die afgelope twee jaar ernstig oorweeg het om te bedank en om 'n beroep buite die onderwys te aanvaar nie. Daar moet aanvaar word dat hierdie personeel 'n goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep openbaar. Alhoewel die personeel wat dit wel ernstig oorweeg het om te bedank en 'n beroep buite die onderwys te aanvaar relatief 'n minderheidsgroep is, moet hulle egter nie verontagsaam word nie; want hulle put nie ten volle beroepsgeluk en -tevredenheid uit die onderwys nie en daarom sal hulle gesindheid teenoor die onderwysberoep negatief wees.

6.2.4 Vraag: As u weer kon kies, sou u weer verkies om onderwyser te word? (ry 4 van tabelle)

Vir die land as geheel blyk daar nagenoeg twee derdes van die skoolhoofde (65.6%), die onderhoofde en assistente (as groep) van skole (64.0%), die hoofde (62.1%) en die onderhoofde en dosente (as groep) (65.0%) van opleidingsinrigtings te wees wat weer die onderwysberoep sou kies as hulle weer 'n beroepskeuse kon doen. Daar is dus twee derdes van die personeel wie se gesindheid teenoor die onderwysberoep van so 'n aard is dat hulle weer onderwyser sal word, wat daarop dui dat die onderwysberoep beroepsbevrediging aan die beoefenaars daarvan besorg. Die personeel wat nie weer die onderwysberoep sal kies nie of wat twyfel of hulle weer die onderwysberoep sal kies, is relatief 'n groot groep, nagenoeg een derde, wat daarop dui dat volgens die eise wat hulle aan 'n beroep stel die onderwysberoep tekortkominge het en daarom kan verwag word dat hulle gesindheid teenoor die onderwysberoep negatief sal wees.

6.2.5 Gevolgtrekkings

(a) Beoordeel volgens die antwoorde van die personeel op die vrae, is dit bemoedigend om waar te neem dat die meerderheid van die personeel gelukkig en tevrede in hulle beroep is. Gevolglik kan verwag word dat hierdie personeel se gesindheid teenoor die onderwys as loopbaan positief sal wees.

(b) Alhoewel die meerderheid van die personeel gelukkig en tevrede in hulle beroep is, is daar van hierdie personeel wat al gewens het dat hulle hulle vir 'n ander beroep moes bekwaam het, asook personeel wat bedanking oorweeg het ten gunste van 'n beroep buite die onderwys en wat nie weer die onderwysberoep sou kies nie as hulle weer 'n beroepskeuse kon doen. Daar moet aanvaar word dat daar sekere tekortkominge met betrekking tot die onderwys-beroep is wat deur personeel aangevoel word maar dat hulle gesindheid, nieteenstaande hierdie leemtes, teenoor die beroep gunstig is.

(c) Aangesien die skoolhoof in opdrag van sy onderwysowerheid met die samewerking van die personeel aan sy skool verbonde, werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep moet behartig, kan aanvaar word dat die grootste groep van die leerlinge te make sal hê met personeel wat 'n goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep openbaar. Gevolglik kan verwag word dat die onderwysberoep deur 'n groot groep hoofde en onderwysers by 'n groot groep van die leerlinge aanbeveel sal word.

## 6.3 NEGATIEWE BEÏNVLOEDING VAN LEERLINGE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYSBEROEP

### 6.3.1 Personeel wat die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel of nie

Daar moet aanvaar word dat daar personeel aan skole en aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers is wat die onderwysberoep nie by leerlinge sal aanbeveel nie. Hierdie personeel is in die eerste plek die personeel wat nie 'n goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep openbaar nie en wat nagenoeg een vyfde van die personeel aan skole en opleidingsinrigtings uitmaak, soos blyk uit die bespreking insake die geluk en tevredenheid van personeel in hulle beroep aan skole en opleidingsinrigtings (paragraaf 6.2). In die tweede plek sal daar personeel wees wat nieteenstaande hulle goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep nie die onderwys by leerlinge as loopbaan sal aanbeveel nie omdat ander beroepe wat dieselfde of laer toetredings-vereistes as die onderwys stel vir die beoefenaar groter finansiële voordele, beter bevorderings-moontlikhede, meer status en beter diensvoorwaardes en -omstandighede as die onderwysberoep inhou.

Om vas te stel of daar personeel is wat nie leerlinge sal aanraai om onderwyser te word nie, is 'n vraag in hierdie verband aan die personeel gestel. Verder is die personeel wat nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie gevra om die redes vir hulle optrede in orde van belangrikheid aan te dui. In tabel 6.5 word aangedui watter getal en persentasie van die respondente die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel of nie.

### 6.3.2 Moontlike redes waarom personeel aan skole en inrigtings vir die opleiding van onderwysers nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie

Die hieropvolgende bespreking gaan oor die redes waarom personeel nie die onderwys-beroep by leerlinge sal aanbeveel nie en alleenlik dié personeel kom ter sprake wat nie die onder-wysberoep sal aanbeveel nie, soos blyk uit tabel 6.4. Van belang is dat volgens paragraaf 6.2 nagenoeg vier vyfdes van die personeel 'n goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep openbaar, maar dat volgens tabel 6.4 daar 12.2 persent hoofde van skole, 20.3 persent onderhoofde en assistente van skole en 13.2 persent dosente is wat nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie. Die veronderstelling is dat die onderwyspersoneel die onderwysberoep geëvalueer het en kriteria daargestel het waarteen die onderwysberoep opgeweeg word om vas te stel of die beroep die ideale beroep is of nie en hoe dit met ander beroepe vergelyk. Daar kan verwag word dat die personeel veral ten opsigte van salaris, bevordering, status en diensvoorwaardes die onderwysberoep sal beoordeel omdat dit hierdie aspekte is wat beroepsgeluk en -tevredenheid bepaal, asook die aspekte is ten opsigte waarvan beroepe vergelyk word.

In tabelle 6.5, 6.6 en 6.7 word ten opsigte van onderskeidelik skoolhoofde, onderhoofde en assistente van skole en hoofde, onderhoofde en dosente van onderwysersopleidingsinrigtings sewe kriteria aangedui waarteen die onderwysberoep deur die genoemde onderwyspersoneel wat nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie, opgeweeg is, en word hierdie kriteria in rangorde* geplaas as redes waarom onderwyspersoneel nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie.

---

* Warren S. Torgerson, Theory and Methods of Scaling, (John Wiley & Sons Inc., New York, 1958) bl. 70 - 73.

(a) Skoolhoofde: redes waarom die onderwysberoep nie by leerlinge aanbeveel sal word nie (tabel 6.4)

Die skoolhoofde van Kaapland, Oranje-Vrystaat en Onderwys, Kuns en Wetenskap, plaas die rede bevorderingsmoontlikhede is te gering as die belangrikste rede waarom die onderwysberoep nie by leerlinge aanbeveel sal word nie. Daarteenoor plaas die hoofde van Natal, Transvaal en die nie-departementele skole die rede die salaris van 'n onderwyser is te swak en die hoofde van Suidwes-Afrika die rede onderwys is 'n veeleisende beroep, as die belangrikste rede waarom die onderwysberoep nie by leerlinge aanbeveel sal word nie.

As ten opsigte van elke onderwysowerheid die eerste vier redes geneem word, blyk dit vir die vier provinsiale onderwysdepartemente, Onderwys, Kuns en Wetenskap en die nie-departementele skole, sonder inagneming van die rangorde, die volgende te wees: bevorderingsmoontlikhede is te gering, die onderwyser het geen status, onderwys is 'n veeleisende beroep, en die salaris van 'n onderwyser is te swak. Dus sal hierdie hoofde as gevolg van die bevorderingsmoontlikhede, status, salaris en veeleisendheid van die beroep, nie die onderwysberoep aanbeveel nie. Die diensvoorwaardes en diensomstandighede is vir hierdie hoofde van minder belang as dit kom by die aanbeveling van die beroep as loopbaan. Die hoofde van Suidwes-Afrika beskou die vier redes onderwys is 'n veeleisende beroep, bevorderingsmoontlikhede is te gering, die diensregulasies is te onbevredigend, en die buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag, in hierdie volgorde, as die belangrikste waarom hulle nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie. Hierdie hoofde laat die klem meer op diensomstandighede en diensvoorwaardes val as redes waarom hulle nie die beroep by leerlinge sal aanbeveel nie.

Die gevolgtrekking is dat die meerderheid van die hoofde as gevolg van die tekortkominge met betrekking tot die salaris, bevorderingsmoontlikhede en status en die veeleisendheid van die beroep, nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie.

(b) Onderhoofde en assistente (as groep) van skole: redes waarom die onderwysberoep nie by leerlinge aanbeveel sal word nie (tabel 6.5)

Die onderhoofde en assistente as groep van Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika plaas bevorderingsmoontlikhede is te gering, as die belangrikste rede waarom leerlinge nie ten gunste van die onderwysberoep beïnvloed sal word nie. Daarenteen plaas die onderhoofde en assistente as groep van Natal, Transvaal en die nie-departementele skole die salaris van 'n onderwyser is te swak, en die personeel van Suidwes-Afrika die onderwyser het geen status as die belangrikste rede waarom die onderwysberoep nie by leerlinge aanbeveel sal word nie.

As ten opsigte van elke onderwysowerheid die eerste vier redes geneem word, blyk dit vir die vier provinsiale onderwysdepartemente en Onderwys, Kuns en Wetenskap, sonder inagneming van die rangorde, die volgende te wees: bevorderingsmoontlikhede is te gering, die salaris van 'n onderwyser is te swak, onderwys is 'n veeleisende beroep en die onderwyser het geen status. Dus sal hierdie onderwyspersoneel as gevolg van bevorderingsmoontlikhede, salaris, status en die veeleisendheid van die beroep, nie die onderwysberoep by leerlinge aanbeveel nie. Die onderhoofde en assistente van Suidwes-Afrika beklemtoon bevorderingsmoontlikhede, salaris, status en onbevredigende diensregulasies en die onderhoofde en assistente van die nie-departementele skole salaris, veeleisendheid van die beroep, bevorderingsmoontlikhede en onbevredigende diensregulasies, as die vier belangrikste redes waarom hulle nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie. Hierdie personeel laat ook die klem op diensvoorwaardes val.

Die gevolgtrekking is dat die meerderheid onderhoofde en assistente as gevolg van tekortkominge met betrekking tot bevorderingsmoontlikhede, salaris en status en die veeleisendheid van die beroep, nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie.

(c) Hoofde, onderhoofde en dosente van opleidingsinrigtings vir onderwysers: redes waarom die onderwysberoep nie by leerlinge aanbeveel sal word nie (tabel 6.6)

Die hoofde plaas die rede bevorderingsmoontlikhede is te gering as die belangrikste waarom hulle die onderwysberoep nie by leerlinge sal aanbeveel nie. Die onderhoofde en dosente as groep plaas die salaris van 'n onderwyser is te swak as die belangrikste rede waarom hulle nie die onderwysberoep sal aanbeveel nie.

TABEL 6.4

HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE, DOSENTE:
SAL U ANDER AANRAAI OM ONDERWYS AS BEROEP TE KIES?

| | | Onderwyspersoneel en dosente | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Hoofde van skole | | | | Onderhoofde en assistente | | | | Dosente | | | |
| ONDERWYS OWERHEDE | | Ja | Nee | 0 | Totaal | Ja | Nee | 0 | Totaal | Ja | Nee | 0 | Totaal |
| Kaap | N | 255 | 45 | 12 | 312 | 531 | 150 | 65 | 746 | 81 | 8 | 7 | 96 |
| | % | 81.7 | 14.4 | 3.8 | 100.0 | 71.2 | 20.1 | 8.7 | 100.0 | 84.4 | 8.3 | 7.3 | 100.0 |
| Natal | N | 49 | 9 | 4 | 62 | 170 | 41 | 22 | 233 | 38 | 8 | 4 | 50 |
| | % | 79.0 | 14.5 | 6.5 | 100.0 | 73.0 | 17.6 | 9.4 | 100.0 | 76.0 | 16.0 | 8.0 | 100.0 |
| Oranje-Vrystaat | N | 36 | 5 | 4 | 45 | 175 | 38 | 18 | 231 | 31 | 4 | 1 | 36 |
| | % | 80.0 | 11.1 | 8.9 | 100.0 | 75.8 | 16.5 | 7.8 | 100.0 | 86.1 | 11.1 | 2.8 | 100.0 |
| Transvaal | N | 220 | 34 | 9 | 263 | 790 | 285 | 82 | 1157 | 207 | 38 | 11 | 256 |
| | % | 83.7 | 12.9 | 3.4 | 100.0 | 68.3 | 24.6 | 7.1 | 100.0 | 80.9 | 14.8 | 4.3 | 100.0 |
| Suidwes-Afrika | N | 13 | 1 | 0 | 14 | 40 | 2 | 6 | 48 | | | | |
| | % | 92.9 | 7.1 | 0.0 | 100.0 | 83.3 | 4.2 | 12.5 | 100.0 | | | | |
| Onderwys, Kuns en Wetenskap | N | 26 | 5 | 2 | 33 | 153 | 27 | 11 | 191 | 55 | 9 | 7 | 71 |
| | % | 78.8 | 15.2 | 6.1 | 100.0 | 80.1 | 14.1 | 5.8 | 100.0 | 77.5 | 12.7 | 9.9 | 100.0 |
| Nie-departementele skole | N | 76 | 0 | 9 | 85 | 75 | 4 | 9 | 88 | | | | |
| | % | 89.4 | 0.0 | 10.6 | 100.0 | 85.2 | 4.5 | 10.2 | 100.0 | | | | |
| TOTAAL | N | 675 | 99 | 40 | 814 | 1934 | 547 | 213 | 2694 | 412 | 67 | 30 | 509 |
| | % | 82.9 | 12.2 | 4.9 | 100.0 | 71.8 | 20.3 | 7.9 | 100.0 | 80.9 | 13.2 | 5.9 | 100.0 |

TABEL 6.5

SKOOLHOOFDE: REDES WAAROM DIE ONDERWYSBEROEP NIE BY LEERLINGE AANBEVEEL SAL WORD NIE

| Onderwysowerhede en redes | Rangorde |
|---|---|
| KAAP | |
| Bevorderingsmoontlikhede gering | 1 |
| Onderwys 'n veeleisende beroep | 2 |
| Onderwyser het geen status | 3 |
| Salaris van onderwyser te swak | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Burgerregte te veel beperk | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite veeleisend | 7 |
| NATAL | |
| Salaris van onderwyser te swak | 1 |
| Onderwyser het geen status | 2 |
| Bevorderingsmoontlikhede gering | 3 |
| Onderwys 'n veeleisende beroep | 4 |
| Burgerregte te veel beperk | 5 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite veeleisend | 7 |
| ORANJE-VRYSTAAT | |
| Bevorderingsmoontlikhede gering | 1 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 2 |
| Onderwyser het geen status | 3 |
| Salaris van onderwyser te swak | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Burgerregte te veel beperk | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite veeleisend | 7 |
| TRANSVAAL | |
| Salaris van onderwyser is te swak | 1 |
| Onderwyser het geen status | 2 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 3 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |
| SUIDWES-AFRIKA | |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 1 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 2 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 3 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 4 |
| Onderwyser het geen status | 5 |
| Burgerregte te veel beperk | 6 |
| Salaris van 'n onderwyser is te swak | 7 |
| ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP | |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 1 |
| Onderwyser het geen status nie | 2 |
| Salaris van 'n onderwyser is te swak | 3 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 4 |
| Burgerregte te veel beperk | 5 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 7 |
| NIE-DEPARTEMENTELE HOËRSKOLE | |
| Salaris van 'n onderwyser is te swak | 1 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 2 |
| Onderwyser het geen status | 3 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |

TABEL 6.6

ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE: REDES WAAROM DIE ONDERWYSBEROEP NIE BY LEERLINGE AANBEVEEL SAL WORD NIE

| Onderwysowerhede en redes | Rangorde |
|---|---|
| KAAP | |
| Bevorderingsmoontlikhede te gering | 1 |
| Salaris van onderwyser is te swak | 2 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 3 |
| Onderwyser het geen status | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Burgerregte te veel beperk | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 7 |
| NATAL | |
| Salaris van onderwyser is te swak | 1 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 2 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 3 |
| Onderwyser het geen status | 4 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 5 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |
| ORANJE-VRYSTAAT | |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 1 |
| Salaris van onderwyser is te swak | 2 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 3 |
| Onderwyser het geen status | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Burgerregte te veel beperk | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 7 |
| TRANSVAAL | |
| Salaris van onderwyser is te swak | 1 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 2 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 3 |
| Onderwyser het geen status | 4 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |
| SUIDWES-AFRIKA | |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 1 |
| Salaris van onderwyser is te swak | 2 |
| Onderwyser het geen status | 3 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 4 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 5 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |
| ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP | |
| Onderwyser het geen status | 1 |
| Salaris van onderwyser is te swak | 2 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 3 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 4 |
| Burgerregte te veel beperk | 5 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 6 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 7 |
| NIE-DEPARTEMENTELE HOËRSKOLE | |
| Salaris van onderwyser is te swak | 1 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 2 |
| Bevorderingsmoontlikhede is te min | 3 |
| Diensregulasies is onbevredigend | 4 |
| Onderwyser het geen status | 5 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |

As ten opsigte van die hoofde en die onderhoofde en dosente as groep, die eerste vier redes sonder inagneming van die rangorde, geneem word, blyk dit die volgende vir die twee groepe personeel te wees: bevorderingsmoontlikhede is te gering, onderwyser het geen status, onderwys is 'n veeleisende beroep en die salaris van 'n onderwyser is te swak. Alhoewel hierdie vier redes deur sowel die hoofde as die onderhoofde en dosente as groep onder die eerste vier redes geplaas is, beklemtoon die hoofde in 'n mate die aansien van die beroep sterker as die finansiële aspek van die beroep, terwyl die teenoorgestelde vir die onderhoofde en dosente as groep geld.

(d) Gevolgtrekking

Dit blyk dat die meerderheid van die skoolhoofde, die onderhoofde en assistente van skole asook die hoofde, onderhoofde en dosente van opleidingsinrigtings vir onderwysers wat nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie, die redes bevorderingsmoontlikhede is te gering, onderwyser het geen status, onderwys is 'n veeleisende beroep en die onderwyser se salaris is te swak, sonder inagneming van die rangorde, as die eerste vier redes plaas waarom hulle nie die onderwysberoep by leerlinge sou aanbeveel nie. Redes met betrekking tot diensvoorwaardes en diensomstandighede blyk ondergeskik te wees aan die genoemde redes waarom die personeel nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie.

## 6.4 SAMEVATTING

Volgens tabelle 6.1, 6.2 en 6.3 blyk nagenoeg vier vyfdes van die hoofde, onderhoofde en assistente van skole gelukkig en tevrede in hulle beroep te wees. Daar is egter personeel wat gewens het dat hulle hulle vir 'n ander beroep moes bekwaam het, asook personeel wat bedanking ten gunste van 'n beroep buite die onderwys oorweeg het en wat nie weer die onderwysberoep sou kies as hulle weer kon kies nie. Daar is dus personeel wat nie geluk en tevredenheid uit die onderwysberoep put nie, maar dit is bemoedigend dat daar nieteenstaande die leemtes wat ten opsigte van die onderwysberoep aangevoel word, by die grootste groep 'n goeie gesindheid teenoor die onderwysberoep bestaan.

Wat die werwing van leerlinge as kandidate vir die onderwysberoep betref, sal daar moontlik om en by een vyfde van die personeel wees wat die leerlinge nie ten gunste van die onderwysberoep sal aanmoedig nie, wat in terme van die getalle leerlinge wat per jaar oor 'n aantal jare deur hierdie personeel beïnvloed word, beslis 'n ernstige toestand is. Daar kan egter verwag word dat daar nagenoeg vier vyfdes van die personeel sal wees wat die leerlinge moontlik ten gunste van die onderwysberoep sal aanmoedig.

Volgens tabelle 6.5, 6.6 en 6.7 blyk dit dat die meerderheid van die personeel wat nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie die redes bevorderingsmoontlikheide is te gering, onderwyser het geen status, onderwys is 'n veeleisende beroep, en die onderwyser se salaris is te swak, as die vier belangrikste redes aanvoer waarom hulle nie die onderwysberoep by leerlinge sal aanbeveel nie.

TABEL 6.7

HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE: REDES WAAROM DIE ONDERWYSBEROEP NIE BY LEERLINGE AANBEVEEL SAL WORD NIE

| Redes: Hoofde van Opleidingsinrigtings | Rangorde |
|---|---|
| Bevorderingsmoontlikhede is te gering | 1 |
| Onderwyser het geen status | 2 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 3 |
| Die salaris van 'n onderwyser is te swak | 4 |
| Die diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |
| **Redes: Onderhoofde en dosente aan Opleidingsinrigtings** | |
| Die salaris van 'n onderwyser is te swak | 1 |
| Bevorderingsmoontlikhede | 2 |
| Die onderwyser het geen status | 3 |
| Onderwys is 'n veeleisende beroep | 4 |
| Die diensregulasies is onbevredigend | 5 |
| Buitemuurse aktiwiteite vereis te veel aandag | 6 |
| Burgerregte te veel beperk | 7 |

## HOOFSTUK 7

## EVALUASIE VAN DIE STATUS EN KWALIFIKASIES VAN ONDERWYSERS DEUR DIE ONDERWYS- EN DOSERENDE PERSONEEL

### 7.1 DIE STATUS VAN DIE ONDERWYSBEROEP

Volgens die siening van die maatskappy word die onderwysberoep op verskillende vlakke van sosiale aansien gestel. 'n Belangrike strydpunt in die verskil in opvattings oor die sosiale aansien van die onderwyser is die vraag van die professionalisme al dan nie van die onderwysberoep. 'n Bekende faktor in dié verband is die minimum toetredingsvereiste wat vir die beroep gestel word, nl. 'n onderwysersdiploma. (Kyk 7.2 vir 'n bespreking van die onderwysberoep as 'n professie al dan nie.) Die beroepstatus van die onderwyser wat 'n hoogsomstrede vraagstuk is, sal uit die aard van die saak 'n belangrike invloed uitoefen op suksesvolle werwing, opleiding en werkverrigting van die onderwyser.

7.1.1 Oor die status wat die onderwysberoep geniet, het die „World Confederation of Organisations of the Teaching Profession" (W.C.O.T.P.) in November 1955 'n verslag gepubliseer. Belangrike primêre faktore wat veratwoordelik is vir die statusbepaling van indiwiduele onderwysers is volgens dié verslag as volg:

(a) Daar is gevind dat vroue (onderwyseresse) oor die algemeen laer status geniet as die mans, aangesien die vroue se opleiding in vergelyking met die opleiding van mans dikwels van korter duur en eenvoudiger aard is.

Benewens die geslag van die onderwyser en die opleiding wat aan die geslag gekoppel is, kom die ouderdom van die leerlinge wat onderrig word ook ter sprake met betrekking tot die status wat die man en vrou in die onderwysberoep geniet. Die rede waarom die geslag en die opleiding van die onderwyser en die ouderdom van die leerlinge wat onderrig word gesamentlik statusbepalende faktore is, is dat aan die primêre skool merendeels vroue verbonde is en dié vroue merendeels gediplomeerd is, terwyl aan die sekondêre skool merendeels gegradueerde mans sowel as vroue verbonde is, en dit bring mee dat onderwysers aan primêre skole 'n laer statusaansien as onderwysers aan sekondêre skole geniet.

(b) Die maatskaplike lae van die gemeenskap waaruit die leerlinge wat onderrig word, afkomstig is, bepaal dikwels die status van die onderwyser.

(c) Die maatskaplike laag waarin die onderwyser opgegroei het, mits dit in sy huidige omgewing bekend is, bepaal dikwels die status van die onderwyser.

(d) Die vakke wat die onderwyser doseer, bepaal soms die aansien wat hy onder die leerlinge en sy kollegas en in die gemeenskap geniet.

(e) Die professionele en/of akademiese kwalifikasies wat die onderwyser besit, strek tot sy voordeel met betrekking tot die aansien wat hy geniet

Die aspekte genoem in paragrawe (b), (c), (d) en (e) insake die beoordeling van die onderwyser se status wissel van plek tot plek en van tyd tot tyd afhangende van die gemeenskap waarin die onderwyser hom bevind. Die gemeenskap waarin die onderwyser werksaam is, tree volgens die plaaslike behoeftes op in 'n eisestellende hoedanigheid teenoor die onderwyser. Die graad van ekonomiese en intellektuele ontwikkeling van die gemeenskap bepaal grotendeels die siening van die onderwyser as meerdere, gelyke of mindere van die algemene bevolking. In hierdie verband beweer Cooper, na aanleiding van 'n ondersoek gedurende 1961, dat die maatskappy te veel bekwaamheid en pligte van die onderwyser verwag en hom dus blameer indien hy nie kan voldoen aan al die gemeenskapspligte aan hom opgedra nie (17, bl. 382). Volgens 'n ondersoek in 1958 uitgevoer, beweer Ulich dat hoewel verskeie faktore, veral salaris, ter sprake is by die bepaling van die status van die onderwyser, die evaluasie van die gemeenskap aangaande die onderwyser se posisie in die samelewing 'n primêre faktor bly in dié verband (51, bl. 126). Volgens die verslag van die „World Confederation of Organisations of the

Teaching Profession" word die werk van die onderwyser soms negatief beoordeel aangesien die resultate wat behaal word oor 'n lang periode strek en nie altyd spesifiek onder die aandag van die gemeenskap gebring word nie (61, bl. 1). In dié verband kan ook verwys word na 'n aanhaling uit 'n toespraak van die president van die „Educational Institute of Scotland" gedurende die kongres van die Instituut in 1948. „Might I venture to introduce the teacher to the lay part of my audience as a person whom they really do not know" (28, bl. 80).

(f) Ten opsigte van 'n gewenste verhoging van die status van die onderwysberoep is die menings van die onderwyserverenigings in verskeie lande verkry. In dié verband haal die genoemde verslag aan dat volgens 'n opname, reeds gedurende 1923 deur die „National Education Association" in die Verenigde State van Amerika onderneem, daar bepaal is dat hoofsaaklik dienslewering aan die kind („child service") 'n verhoogde status sal skep (61, bl. 1). Voorts is daar volgens die verslag van 1955 as volg bevind:

(i) Die Skotse onderwysersvereniging het beklemtoon dat die algemeen-aanvaarde begrip van die opofferende nederigheid van die onderwyser - „the tradition of the teacher as a humble and depressed menial", laat vaar moet word (61, bl. 2).

(ii) Die Onderwysersvereniging van Indië het beklemtoon dat genoegsame finansiële sekuriteit wat deur tweederdes van die samewerkende lande as baie belangrik gereken word, deur die gemeenskap voorgestaan en toegestaan moet word vir die versekering van hul eie voorspoed en voortbestaan (61, bl. 2). In dié verband kan ook verwys word na 'n verklaring van die „National Manpower Council" in die Verenigde State van Amerika dat die dienste van die onderwysers onmisbaar is vir die land aangesien dit 'n direkte invloed uitoefen op die kwantiteit en kwaliteit van die dienste wat deur ander beroepe gelewer word (28, bl. 80). Genoegsame finansiële vergoeding moet egter, volgens die onderwysersvereniging, 'n uitvloeisel wees van prestasie deur die lede van die beroep ten opsigte van toelatingsvereistes vir opleiding, duur en standaard van opleiding en professionele beroepsarbeid.

(iii) Daar moet 'n wederkerige erkenning tussen die gemeenskap en die onderwysberoep bestaan ten opsigte van die daarstelling van 'n hoë standaard van opvoeding en onderwys, ter wille van die maksimale oordraging van kennis aan en beïnvloeding van die jeugdiges. Die erkenning van die professionalisme van die onderwysberoep deur die gemeenskap, dit wil sê skoolouers, kinders en almal wat nie direk met die skool gemoeid is nie enersyds en die professionele optrede van alle lede van die onderwysberoep andersyds, is aangewese op mekaar en kan nie apart of alleen funksioneer nie.

(iv) 'n Noodsaaklike beginsel vir die verhoging van die status van die onderwyser is die eenheid wat moet heers tussen onderwysers onderling ten opsigte van diens aan soort skool en/of opleiding. Indien daar in die geledere van die onderwysberoep gediskrimineer word teen onderwysers verbonde aan kleuter-, primêre, sekondêre, spesiale, tegniese en ander vorme van onderwys of die vakke wat aangebied word, veral in sekondêre skole, tree die onderwyser onprofessioneel op na buite en word die gemeenskap beïnvloed tot diskriminasie. Daar moet dus allereers eensgesindheid heers tussen lede van die onderwysberoep onderling en die onderwyserverenigings maar dit is noodsaaklik dat dié eensgesindheid ook die houding van die gemeenskap en die owerhede moet beïnvloed. Die Switserse Onderwysersvereniging het beklemtoon dat eenheid in onderwyskringe moet heers, vanaf die klein sirkel van platteland tot stad waar onderwys-kollegas hartlik saamwerk, tot die magtige sfeer van 'n nasionale onderwysgrondslag. Alleenlik op sulke beginsels kan die onderwys op 'n stewige grondslag geplaas word. „When the community, and parents in particular, are convinced that teachers as a body have a really deep understanding of children and their educational needs and are thoroughly skilled in helping them to learn effectively, the status of teachers is on a foundation nothing can destroy. On this foundation power and prestige are built" (61, bl. 3).

(g) Ulich betreur die verskynsel dat die onderwyser beheer word deur talle instansies, groepe en indiwidue. Onderwysbeheer het in sommige gevalle die speelbal geword van politici en ander groepe of organisasies en het ondergeskik geword aan onbelangrike („petty") doel-

stellings (51, bl. 125-126). Die onderwyser moet in staat gestel word om as volwassene voor sy leerlinge te staan en om dit te bewerkstellig moet die skool die sentrum van onderwysaangeleenthede vorm eerstens ten opsigte van beleid en besluite en tweedens as besoekte sentrum, en nie andersom nie. In hierdie verband beweer Lambrechts dat die stelsel van leke-kommissies wat gedeeltelik beheer uitoefen oor die aanstelling van onderwysers tot niet gemaak moet word en die instelling van 'n onderwyserregistrasieraad oorweeg moet word (28, bl. 83).

## 7.2 DIE ONDERWYSBEROEP AS PROFESSIE

Aangesien die status wat die onderwyser in die gemeenskap geniet in groot mate saamhang met die professionalisme van die onderwysberoep, moet daar in hierdie stadium eers besin word oor die professionalisme al dan nie van die onderwysberoep.

### 7.2.1 Kriteria vir 'n professie

In hierdie verband word verwys na 'n artikel van Louise Tyler waarin sy volgens kriteria opgestel deur Flexner, 'n sosioloog, die vraag stel of die onderwysberoep wel as 'n professie geklassifiseer kan word. Sy bepaal haar by die volgende ses kriteria waaraan die onderwysberoep getoets kan word.

(a) Intellektualisme - Daar word van die professionele persoon verwag dat hy selektering, beplanning en die daarstelling van 'n doel in sy beroep kan verwesenlik. Die beoefening van die beroep moet 'n hoë mate van gespesialiseerde vakkennis vereis. Tyler beweer dat die onderwyser wel voldoen aan dié vereiste aangesien hy vir die suksesvolle volvoering van sy beroep verantwoordelik is vir:

(i) die formulering van 'n geskikte einddoel;

(ii) die selektering en organisasie van studiegeleenthede; en

(iii) die selektering en daarstelling van metingstandaarde.

(b) Geleerdheid - In dié verband word vereis dat 'n beroep gebaseer moet wees op gedurige verwysing na teoretiese kennis. Daar moet gedurigdeur vernuwing en aanpassing plaasvind sodat die beroep kan tred hou met ontwikkeling. In die onderwysberoep is dit by uitstek die geval dat daar gedurige ontwikkeling is in wyse van onderwysnavorsing, publikasie van nuwe handboeke, handleidings en artikels in opvoedkundige blaaie en die talle opknappingskursusse, lesings en demonstrasies wat van tyd tot tyd aan dienende onderwysers aangebied word. Vernuwing en aanpassing van kennis in die onderwysberoep is dan ook uiters noodsaaklik vir die reeds genoemde formulering van 'n einddoel, selektering en organisasie van studiegeleenthede en die selektering van metingstandaarde.

(c) Praktiese doelstelling - Die beroep wat as 'n professie kwalifiseer, moet praktiese gemeenskapsdiens as doelstelling kan beoefen en bevorder. In hierdie verband tree die onderwyser, as beroepsbeoefenaar, op as leier en grotendeels bepaler van die rigting waarin die breinkrag van sy leerlinge ontwikkel. Die daarstelling van ontwikkelingsgeleenthede vir die soeke na kennis van die eie wese en die wêreld rondom hom word op praktiese wyse deur die onderwyser bepaal en beheer.

(d) Oordraagbaarheid/Mededeelbaarheid - Die beoefenaar van 'n professie moet die professionele kennis wat hy besit toepaslik maak, dit wil sê hy moet 'n professionele verandering daarmee kan bewerkstellig. Die onderwyser moet in die eerste plek die nodige kennis besit van die vak wat hy doseer, wat sal wissel na gelang van die standerd en onderwyspeil van die betrokke leerlinge. Dit is egter noodsaaklik dat hy ook gespesialiseerde kennis dra van leerstofaanbieding asook kontrole het oor die mate van aangebode en selfverworwe kennis wat ingang vind by die leerlinge.

(e) Organisasie - 'n Vereiste vir die beoefening van 'n professie is die sistematisering van beroepsbedrywighede om 'n sinvolle geheel te vorm. In sy beroep is die onderwyser veral gebonde aan die gesistematiseerde verwerking en aanbieding van leerstof wat geskik is vir

die intellektuele ontwikkelingspeil van die leerlinge onder sy beheer.

(f) Motivering -In 'n professie moet daar veral motivering wees vir 'n spesifieke optrede. Die rede vir die ontwikkeling van en die doelstelling met 'n spesifieke handeling moet verband toon en sinvol op mekaar volg. In die vakonderrig asook op alle ander terreine waar die onderwyser kennis laat toekom aan of invloed laat uitgaan op die leerlinge word die einddoel van onderwys en opvoeding, die bereiking van beroepsvolwassenheid en sosiale selfstandigheid, op die voorgrond gestel (50, bl. 414-42).

## 7.2.2 Verdere kriteria vir 'n professie

Scheer het ook 'n stelsel van voorwaardes waaraan 'n beroep moet voldoen om as professie geklassifiseer te word, opgestel. Daar sal vervolgens aangetoon word in watter mate die onderwysberoep aan hierdie vereistes voldoen.

(a) 'n Kode van gedrag ten opsigte van die professie moet bestaan en nagestreef word, nie slegs op papier nie „but branded into the conscience and conduct of its practitioners" (44, bl. 258). Dit is 'n welbekende feit dat dit die naarstige strewe is van alle onderwysers-verenigings om die erkenning en huldiging van so 'n erekode by al hul lede aan te moedig.

(b) Die beroep moet 'n hoë mate van georganiseerde kennis besit wat opgebou is deur die jare, ter gebruik van die huidige beoefenaars van die beroep en wat weer deur hulle uitgebou kan word vir toekomstige beroepsbeoefening. Soos reeds aangetoon (kyk 7.2.1(b) ), word daar by wyse van onderwysnavorsing, publikasies en beroepsbyeenkomste bestendiging aan beroepskennis verleen.

(c) Daar moet besondere bekwaamhede vir die beroep vereis word waaraan ander beroeps-opgeleides nie kan voldoen nie. Hierdie vereiste moet gesien word in die lig van die vereiste „intellektualisme" wat Tyler stel (kyk 7.2.1(a) ).

(d) 'n Professie vereis 'n bepaalde voorgeskrewe formele opleiding, verkieslik met die minimum vereiste van baccalaureusgraad, wat hoewel nog nie in die onderwysberoep die reël is nie, tog nagestreef word waar dit prakties moontlik is. (Vergelyk in dié verband kleuter-, junior en hand/hout/naaldwerkopleiding en opleiding in huishoudkunde, kuns en liggaams-opvoeding waar diploma- en graadkursusse albei erkenning geniet.)

(e) In die toelatingsvereistes tot 'n professie moet daar 'n stelsel van sertifikaatuitreiking wees, wat wel die geval in die onderwysberoep is.

(f) Daar moet 'n ordelike, verantwoordbare verloop van beroepsaktiwiteite wees, wat veral in die onderwysberoep van die uiterste belang is in die formulering van 'n einddoel, die selektering en organisasie van studiegeleenthede en die selektering en daarstelling van metingstandaarde.

(g) In 'n professie moet die geleentheid bestaan vir die bekendmaking en beskikbaarstelling van professionele kennis en probleme wat, soos reeds aangetoon (kyk 7.2.1 (b)) wel die geval is deur middel van publikasies en onderwyserskongresse.

(h) Die lede van 'n professie moet die dissiplinêre kode, geskrewe en ongeskrewe, van die professie aanvaar ter beoefening van professionele diens en die inboesem van vertroue, naamlik 'n samewerking met en respek vir mekaar wat, soos reeds aangetoon, die doelstelling van alle onderwysersverenigings is (44, bl. 258-261).

## 7.3 DIE STATUS VAN BEROEPE ONDERLING

In die beroepswêreld word daar onderskei tussen die verskillende soorte beroepsarbeid wat verrig word. Vir toetreding tot die verskillende beroepe word minimum toelatingsvereistes en tydperke van opleiding voorgeskryf. Dit is dus te begrype dat daar 'n mate van onderskeid sal wees in die beroepstatus wat aan beroepe onderling toegeken sal word. Om te bepaal watter houding onderwys- en doserende personeel openbaar ten opsigte van die rangskikking van 'n aantal beroepe volgens die status wat die beroep bied, is 'n aantal vrae in dié verband aan hulle gerig.

7.3.1 Die rangskikking van 'n aantal beroepe volgens die status wat die beroepe bied, deur hoofde, onderhoofde en assistente aan skole

Tabel 7.1 gee 'n landsbeeld van die skoolhoofde en van die onderhoofde en assistente as groep se plasing van 15 beroepe in rangorde volgens die status wat die beroep verleen.

TABEL 7.1

RANGSKIKKING VAN 'N AANTAL BEROEPE VOLGENS STATUS DEUR HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE AAN SKOLE

| Beroepe | Hoofde | Beroepe | Onderhoofde en assistente |
|---|---|---|---|
| Mediese dokter | 1 | Mediese dokter | 1 |
| Predikant | 2 | Predikant | 2 |
| Ingenieur | 3 | Ingenieur | 3 |
| Skoolhoof | 4 | Argitek | 4 |
| Argitek | 5 | Prokureur | 5 |
| Prokureur | 6 | Skoolhoof | 6 |
| Tandarts | 7 | Tandarts | 7 |
| Hoërskoolonderwyser | 8 | Hoërskoolonderwyser | 8 |
| Sakeman | 9 | Ouditeur/Rekenmeester | 9 |
| Ouditeur/Rekenmeester | 10 | Sakeman | 10 |
| Boer | 11 | Boer | 11 |
| Laerskoolonderwyser | 12 | Laerskoolonderwyser | 12 |
| Loods | 13 | Loods | 13 |
| Staatsamptenaar | 14 | Staatsamptenaar | 14 |
| Verpleegster | 15 | Verpleegster | 15 |

Opmerking (1) Die rangskikking van beroepe is bepaal volgens die totale voorkeurorde.

(2) Die syfer 1 dui die hoogste status aan.

Volgens die gegewens in tabel 7.1 het die beroep skoolhoof en veral die beroepe hoërskoolonderwyser en laerskoolonderwyser, volgens die hoofde en onderhoofde en assistente as groep, 'n lae beroepstatus. In die rangordelys van 15 beroepe het die hoofde en die onderhoofde en assistente as groep die beroep skoolhoof onderskeidelik vierde en sesde geplaas en is hoërskoolonderwysers en laerskoolonderwysers onderskeidelik as agste en twaalfde geplaas. Dit blyk dus dat die hoofde en die onderhoofde en assistente as groep weinig status aan hulle eie beroep gee.

7.3.2 Die rangskikking van 'n aantal beroepe volgens die status wat die beroep bied deur hoofde, onderhoofde en dosente aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers

Tabel 7.2 gee 'n landsbeeld van die hoofde en van die onderhoofde en dosente as groep se plasing van 15 beroepe in rangorde volgens die status wat die beroep verleen.

TABEL 7.2

RANGSKIKKING VAN 'N AANTAL BEROEPE VOLGENS STATUS DEUR HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE AAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

| Beroepe | Hoofde | Beroepe | Onderhoofde en dosente |
|---|---|---|---|
| Mediese dokter | 1 | Mediese dokter | 1 |
| Ingenieur | 2 | Predikant | 2 |
| Predikant | 3 | Argitek | 3 |
| Skoolhoof | 4 | Ingenieur | 4 |
| Argitek | 5 | Prokureur | 5 |
| Prokureur | 6 | Skoolhoof | 6 |
| Tandarts | 7 | Tandarts | 7 |
| Hoërskoolonderwyser | 8 | Hoërskoolonderwyser | 8 |
| Sakeman | 9 | Ouditeur/Rekenmeester | 9 |
| Boer | 10 | Sakeman | 10 |
| Laerskoolonderwyser | 11 | Boer | 11 |
| Ouditeur/Rekenmeester | 12 | Laerskoolonderwyser | 12 |
| Loods | 13 | Loods | 13 |
| Verpleegster | 14 | Staatsamptenaar | 14 |
| Staatsamptenaar | 15 | Verpleegster | 15 |

Volgens die gegewens in tabel 7.2 het die beroepe skoolhoof en veral die beroepe hoërskoolonderwyser en laerskoolonderwyser 'n lae beroepstatus. In die rangordelys van 15 beroepe plaas die hoofde en die onderhoofde en dosente as groep die beroep skoolhoof onderskeidelik vierde en sesde, die beroep hoërskoolonderwyser agste en die beroep laerskoolonderwyser onderskeidelik elfde en twaalfde. Dit blyk dus dat die personeel van inrigtings vir die opleiding van onderwysers weinig status aan die genoemde drie beroepe gee.

Dit val veral op dat die personeel van opleidingsinrigtings en die personeel van skole feitlik ooreenstemmende plekke aan die beroepe skoolhoof, hoërskoolonderwyser en laerskoolonderwyser gee, wat daarop dui dat die gebrek aan status in hierdie beroepe deur onderwys- en doserende personeel aangevoel word.

### 7.3.3 Motivering vir die indeling van beroepe volgens beroepstatus

Uit die gegewens soos verkry uit die antwoorde op die vraelyste wat gelei het tot die samestelling van tabelle 7.1 en 7.2 blyk dit dat 'n aantal van die onderwyspersoneel (10,56% hoofde en 7.98% onderhoofde en assistente) asook doserende personeel (20.6% hoofde en 10.2% onderhoofde en dosente) hulle nie in staat of bereid verklaar het om die vraag oor die statusrangskikking van beroepe te beantwoord nie. Die algemene rede verskaf, was dat die soort beroep wat beoefen word nie gemeenskapstatus of -aansien kan bepaal nie maar dat die beoefenaar van 'n beroep sy eie beroepstatus bepaal deur die wyse waarop die betrokke beroep beoefen word. Dit hang dus af van die integriteit waarmee die indiwidu optree in die beroepstake aan hom opgedra. Dit gaan dus om arbeidsvervulling en heeltemal tereg ook. Die persoon moet sy beroep waarin hy homself ekonomies moet onderhou asook 'n groot deel van sy lewensgeluk moet ondervind, op so 'n wyse beoefen dat hy die volle beloning wat sy beroep vir hom moontlik maak, kan verkry.

In hierdie verband beweer Potgieter dat daar vier hoofaspekte is waardeur die onderwyser vir hom status moet verkry deur die beoefening van sy beroep.

(a) Die nodige kwalifikasies en bevoegdheid moet bestaan, met gebruikmaking van al die moontlikhede wat die verworwe kennis hom bied (42, bl. 458). Lighton verwys in hierdie verband na: „iemand wat ryp is, met verbeeldingskrag, wat verdraagsaam is, verlig en gekultiveerd ......." (31, bl. 11).

(b) Die onderwyser wat as leier optree op verskeie gebiede moet diens lewer aan diegene wat hy lei, aangesien ware en volkome leierskap slegs deur dienslewering verkry kan word (42, bl. 458). Lambrechts beweer in dié verband dat daar 'n „direkte verhouding" bestaan tussen die diens wat die onderwyser aan die gemeenskap lewer en die status wat hy in daardie gemeenskap geniet (28, bl. 87).

(c) Die persoonlike eienskappe moet van sodanige standaard wees dat dit respek en navolging afdwing.

(d) Van die kant van die owerhede moet toegesien word dat die salaris en diensvoorwaardes van die onderwyser van sodanige aard is dat dit vergelykbaar is met ander beroepe ten opsigte van aard en duur van opleiding en aktualiteit (42, bl. 458).

Ten opsigte van die inter-beroep-status, ofte wel aansien wat 'n beroep verleen aan die indiwidu wat dit beoefen, verklaar Snijders dat elke mens 'n beroep kies, homself professioneel daarvoor voorberei indien nodig, dit aanleer, dit beoefen en homself daarmee identifiseer. Die beroep wat die indiwidu beoefen, bepaal op watter wyse die gemeenskap die betrokke indiwidu identifiseer ten opsigte van opleiding en spesifieke bekwaamhede. Elke gemeenskap moet op 'n geordende basis, ook wat beroepe betref, bestaan. Aangesien die indiwidu die kennis, ervaring en belangstelling van sy beroep met hom saamneem in die gemeenskapslewe en dus op sekere vlakke sal assosieer of betrek sal word met ander indiwidue van dieselfde kennis-, ervaring- en belangstellingspeil, is dit duidelik dat daar tog sprake kan wees van 'n orde-rangskikking van verskillende beroepe (46, bl. 20). Die vraag oor die statusrangskikking van beroepe wat deur sommige persone nie beantwoord is nie of waarteen ook beswaar gemaak is, blyk dus tog 'n geldige vraag te wees waarop die antwoorde 'n mate van waarde sal besit.

## 7.4 DIE AARD EN DUUR VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS AS STATUSBEPALEND

Daar word dikwels beweer dat die aard sowel as die tydperk van onderwysersopleiding belangrike invloed uitoefen op die aansien wat die onderwyser in die samelewing geniet. Veral ten opsigte van die professionalisme al dan nie van die onderwysberoep sal die tydperk van opleiding van belang wees by die gedeeltelike bepaling van die status van die onderwysberoep (kyk 7.2 vir verdere inligting). Die menings van onderwys- en doserende personeel oor die verskillende opleidingskursusse wat aangebied word en die algemene mate van bekwaamheid wat dit aan die opgeleide onderwyser bied sowel as die mate van status wat dit in sy beroep verskaf, word aangedui in tabelle 7.3 en 7.4. Daar moet op gelet word dat die aard van die opleiding, dit wil sê, die leerstof aangebied in en die duur van 'n spesifieke kursus, ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus meer van interne beroepsbelang is as van belang vir die gemeenskap. Die rangskikkings in tabelle 7.3 en 7.4 dui dus meer op evaluasie van opleiding vir sover dit van belang is binne die geslote beroepskring. Daar moet egter ook aanvaar word dat geslotenheid nie afgeslotenheid impliseer nie, met ander woorde die interne evaluasie moet ter wille van die bekendstelling en waardering van die onderwysberoep 'n gemeenskapsaak word vir soverre dit vereis word vir die aanvaarding van die beroep deur die gemeenskap.

### 7.4.1 Die evaluering van opleidingskursusse vir onderwysers deur hoofde, onderhoofde en assistente van skole, volgens bekwaamheid en beroepstatus

Die plekwaardes in tabel 7.3 is toegeken deur onderwyspersoneel om die bekwaamheid in die beroep en die beroepstatus met betrekking tot sekere opleidingskursusse vir onderwysers aan te dui. Die betrokke plekwaardes is afsonderlik bereken vir die hoofde en vir die onderhoofde en assistente as groep.

Opvallend van tabel 7.3 is die volgende:

(a) Die vierjarige gekombineerde baccalaureusgraad en onderwyserskollegediplomakursus (Ry 1.1) word deur die hoofde eerste, en die driejarige spesialiseringskursus van onderwyserskolleges (Ry 1.2) word deur die onderhoofde en assistente as groep eerste geplaas wat bekwaamheid betref, wat impliseer dat eersgenoemde opleidingskursus deur die hoofde, en dat laasgenoemde opleidingskursus deur die onderhoofde en assistente as groep as die beste opleidingskursusse vir onderwysers beskou word. Wat beroepstatus betref, word

TABEL 7.3

EVALUERING VAN OPLEIDINGSKURSUSSE VIR ONDERWYSERS VOLGENS BEKWAAMHEID EN BEROEPSTATUS, DEUR HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE

| Rye | Inrigtings vir die opleiding van onderwysers en die aard van die opleidingskursusse | Bekwaamheid | | Beroepstatus | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Hoofde | Onderhoofde en assistente | Hoofde | Onderhoofde en assistente |
| 1 | Onderwyserskolleges: | | | | |
| 1.1 | Vierjarige gekombineerde Baccalaureusgraad plus onderwyserskollege-diploma (gesamentlike/gelyktydige universitêre/kollege-opleiding) | 1 | 3 | 4 | 3 |
| 1.2 | Driejarige spesialiseringsdiplomakursus (kuns, liggaamlike opvoeding, ens.) | 3 | 1 | 8 | 8 |
| 1.3 | Driejarige gekombineerde universitêre/onderwyserskollegekursus met eerste- en/of tweedejaargraadkursusse vir onderrig aan sekondêre skole | 11 | 10 | 11 | 11 |
| 1.4 | Driejarige diplomakursus met spesiale onderrig in 'n aantal akademiese vakke vir onderrig in standerd 6, 7 en 8 | 12 | 12 | 12 | 13 |
| 1.5 | Driejarige diplomakursus | 7 | 7 | 7 | 7 |
| 1.6 | Tweejarige diplomakursus | 13 | 13 | 13 | 14 |
| 2. | Tegniese kolleges: | | | | |
| 2.1 | Baccalaureusgraad plus eenjarige diplomakursus | 8 | 8 | 5 | 6 |
| 2.2 | Vierjarige diplomakursus | 6 | 6 | 6 | 5 |
| 2.3 | Driejarige diplomakursus | 9 | 11 | 9 | 9 |
| 2.4 | Tweejarige diplomakursus | 14 | 14 | 14 | 12 |
| 2.5 | Eenjarige diplomakursus | 15 | 15 | 15 | 15 |
| 3. | Universiteite: | | | | |
| 3.1 | Doktorsgraad plus eenjarige diplomakursus | 4 | 2 | 2 | 1 |
| 3.2 | Meestersgraad plus eenjarige diplomakursus | 2 | 4 | 3 | 2 |
| 3.3 | Baccalaureusgraad plus eenjarige diplomakursus | 5 | 5 | 1 | 4 |
| 3.4 | Driejarige diplomakursus | 10 | 9 | 10 | 10 |

Opmerking: (1) Die rangskikking van kursusse is alfabeties volgens inrigting en duur van opleiding bepaal.

(2) Die syfer 1 dui die hoogste gradering aan.

genoemde opleidingskursusse deur die hoofde onderskeidelik vierde en agste geplaas, en deur die onderhoofde en assistente as groep onderskeidelik derde en agste geplaas.

(b) 'n Meesters- (Ry 3.2), doktors- (Ry 3.1) en baccalaureusgraad (Ry 3.3) met 'n eenjarige universiteitsonderwysersdiploma word deur die hoofde onderskeidelik tweede, vierde en vyfde geplaas, en deur onderhoofde en assistente as groep onderskeidelik vierde, tweede en vyfde geplaas wat bekwaamheid betref. Wat beroepstatus betref, word die drie opleidingskursusse binne die eerste vier plekke geplaas (hoofde: onderskeidelik derde, tweede en eerste plek; onderhoofde en assistente: onderskeidelik tweede, eerste en vierde plek).

(c) Die vierjarige diplomakursus van tegniese kolleges (Ry 2.2) word deur die onderwyspersoneel ten opsigte van bekwaamheid in die sesde plek geplaas. Ten opsigte van beroepstatus word die sesde en vyfde plekke aan die kursus deur onderskeidelik die hoofde en die onderhoofde en assistente as groep toegeken.

(d) Die driejarige onderwyserskollegediplomakursus (Ry 1.5) word ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus deur die hoofde en die onderhoofde en assistente as groep in die sewende plek geplaas. Die baccalaureusgraad plus 'n eenjarige tegniese kollege-diplomakursus (Ry 2.1) word deur die onderwyspersoneel ten opsigte van bekwaamheid agste geplaas, en ten opsigte van beroepstatus vyfde en sesde deur onderskeidelik die hoofde en die onderhoofde en assistente geplaas.

(e) Die oorblywende sewe opleidingskursusse beklee ten opsigte van bekwaamheid sowel as beroepstatus die negende tot die vyftiende plekke. Hierdie kursusse is diplomakursusse wat drie jaar of korter duur en sluit die kursus in wat 'n eerste- en/of tweedejaargraadkursus aan 'n universiteit vereis, asook die kursus aan onderwyserskolleges wat kandidate voorberei om tot en met st. 8 sekere sekondêre skoolvakke te doseer (kyk veral Rye 1.3 en 1.4).

(f) Opvallend van die evaluasie van die opleidingskursusse is dat die opleiding van onderwysers aan onderwyserskolleges ten opsigte van die vierjarige gekombineerde Baccalaureusgraad plus onderwyserskollegediploma en die driejarige spesialiseringsdiplomakursus ten opsigte van bekwaamheid hoog aangeslaan word, terwyl die opleiding aan universiteite wat tot 'n graad en 'n onderwysersdiploma lei, net na die genoemde twee opleidingskursusse van onderwyserskolleges geplaas word.

(g) Dit blyk ook dat die akademiese en professionele opleiding aan 'n universiteit groter beroepstatus verleen as opleiding wat oorwegend aan onderwyserskolleges en aan tegniese kolleges en ander staatsgesubsidieerde kolleges ontvang is. Selfs die vierjarige gekombineerde graad- en onderwyserskollege-diplomakursus geniet meer beroepstatus as ander opleidingskursusse aan kolleges omdat die graad aan 'n universiteit verwerf is.

(h) In die algemeen gesien, is die hoofde en die onderhoofde en assistente as groep geneig om die opleiding aan universiteite ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus hoër te evalueer as die opleiding aan onderwyserskolleges en tegniese en ander staatsgesubsidieerde kolleges.

7.4.2 Die evaluering van opleidingskursusse vir onderwysers deur hoofde, onderhoofde en dosente van opleidingsinrigtings vir onderwysers, volgens bekwaamheid en beroepstatus

Die plekwaardes in tabel 7.4 is toegeken deur die doserende personeel om die bekwaamheid in die beroep en die beroepstatus met betrekking tot 'n sekere opleidingskursus aan te dui. Die betrokke plekwaardes is bereken vir die hoofde en vir die onderhoofde en dosente as groep.

Uit tabel 7.4 is die volgende afleidings te maak:

(a) Die meestersgraad (Ry 3.2) asook die doktorsgraad (Ry 3.1) plus die eenjarige universiteitsdiplomakursus, die vierjarige gekombineerde baccalaureusgraad plus 'n onderwyserskollegediplomakursus (Ry 1.1) en die baccalaureusgraad plus 'n eenjarige universiteitsdiplomakursus (Ry 3.3) word deur die hoofde eerste, tweede, derde en vierde, en deur die onderhoofde en dosente as groep tweede, eerste, derde en vierde met betrekking tot bekwaamheid geplaas. Wat beroepstatus betref, word die genoemde opleidingskursusse in die vermelde volgorde deur die hoofde sowel as die onderhoofde en dosente in die eerste, tweede, derde en vierde plek geplaas.

TABEL 7.4

EVALUERING VAN OPLEIDINGSKURSUSSE VIR ONDERWYSERS VOLGENS BEKWAAMHEID EN BEROEPSTATUS, DEUR HOOFDE EN DIE ONDERHOOFDE EN DOSENTE AS GROEP AAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

| Rye | Inrigting vir die opleiding van onderwysers en die aard van die opleidingskursusse | Bekwaamheid | | Beroepstatus | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Hoofde | Onderhoofde en dosente | Hoofde | Onderhoofde en dosente |
| 1. | <u>Onderwyserskolleges:</u> | | | | |
| 1.1 | Vierjarige gekombineerde Baccalaureusgraad plus onderwyserskollege-diploma (gesamentlike/gelyktydige universitêre/kollege-opleiding) | 3 | 3 | 3 | 3 |
| 1.2 | Driejarige spesialiseringsdiplomakursus (kuns, liggaamsopvoeding, ens.) | 7 | 5 | 7 | 7 |
| 1.3 | Driejarige gekombineerde universitêre/onderwyserskollegekursus met eerste- en/of tweedejaargraadkursusse vir onderrig aan sekondêre skole | 12 | 9 | 10 | 9 |
| 1.4 | Driejarige diplomakursus met spesiale onderrig in 'n aantal akademiese vakke vir onderrig in standerd 6, 7 en 8. | 11 | 12 | 12 | 12 |
| 1.5 | Driejarige diplomakursus | 8 | 8 | 8 | 8 |
| 1.6 | Tweejarige diplomakursus | 14 | 14 | 14 | 14 |
| 2. | <u>Tegniese kolleges:</u> | | | | |
| 2.1 | Baccalaureusgraad plus eenjarige diplomakursus | 6 | 7 | 5 | 5 |
| 2.2 | Vierjarige diplomakursus | 5 | 6 | 6 | 6 |
| 2.3 | Driejarige diplomakursus | 9 | 10 | 9 | 11 |
| 2.4 | Tweejarige diplomakursus | 13 | 13 | 13 | 13 |
| 2.5 | Eenjarige diplomakursus | 15 | 15 | 15 | 15 |
| 3. | <u>Universiteite:</u> | | | | |
| 3.1 | Doktorsgraad plus eenjarige diplomakursus | 2 | 1 | 1 | 1 |
| 3.2 | Meestersgraad plus eenjarige diplomakursus | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 3.3 | Baccalaureusgraad plus eenjarige diplomakursus | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 3.4 | Driejarige diplomakursus | 10 | 11 | 11 | 10 |

Opmerkings (1) Die rangskikking van kursusse is alfabeties volgens inrigting en duur van opleiding bepaal.

(2) Die syfer 1 dui die hoogste gradering aan.

(b) Die vyfde, sesde en sewende plek word deur die hoofde ten opsigte van bekwaamheid toegeken aan onderskeidelik die vierjarige tegniese kollege-diplomakursus (Ry 2.2), die baccalaureusgraad plus eenjarige tegniese kollege-diplomakursus (Ry 2.1) en die driejarige onderwyserskollegespesialiseringskursus (Ry 1.2), terwyl die onderhoofde en dosente as groep die genoemde opleidingskursusse ten opsigte van bekwaamheid onderskeidelik sesde, sewende en vyfde plaas. Ten opsigte van beroepstatus plaas die hoofde sowel as die onderhoofde en assistente die genoemde opleidingskursusse onderskeidelik in die sesde, vyfde en sewende plek. Die agste plek ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus word deur die hoofde asook deur die onderhoofde en dosente as groep toegeken aan die driejarige onderwyserskollegediplomakursus (Ry 1.5).

(c) Die oorblywende sewe opleidingskursusse beklee ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus die negende tot vyftiende plek. Hierdie kursusse is diplomakursusse wat drie jaar of korter duur en sluit die kursus in wat 'n eerste- en/of tweedejaargraadkursus aan 'n universiteit vereis, asook die kursus aan onderwyserskolleges wat kandidate voorberei om tot en met st. 8 sekere sekondêre skoolvakke te doseer (kyk veral Rye 1.3 en 1.4).

(d) Opvallend van die evaluasie van die opleidingskursusse is dat die opleiding wat 'n universiteitsgraad en 'n onderwysersdiploma insluit, deur die personeel aan inrigtings vir die opleiding van onderwysers ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus hoog aangeslaan word.

(e) In die algemeen gesien, word die opleidingskursusse ten opsigte van bekwaamheid en beroepstatus aan universiteite hoër aangeslaan as aan onderwysers- en tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges, terwyl die opleidingskursusse aan onderwyserskolleges in 'n mate laer geëvalueer word as die opleiding aan tegniese en staatsgesubsidieerde kolleges.

## 7.5 DIE EIENSKAPPE VAN DIE SUKSESVOLLE ONDERWYSER

Die algemene beskouing bestaan dat daar sekere vereistes is waaraan onderwysstudente moet voldoen om in staat gestel te word om sukses in die onderwysberoep te behaal. Die besit van sekere eienskappe vir die moontlike behaling van sukses is dan ook 'n vereiste vir die oorgrote meerderheid beroepe. Daar is egter sekere beroepe, waarvan die onderwys een is, waar daar meer as in ander gevalle die noodsaaklikheid vir die besit van sekere eienskappe bestaan.

Ten opsigte van die eienskappe wat in meerdere of mindere mate meewerkend is tot sukses in die onderwysberoep is die onderwys- en doserende personeel versoek om uit 'n lys van vyf-en-twintig eienskappe die tien noodsaaklikstes vir die suksesvolle onderwyser in orde van voorkeur te rangskik.

### 7.5.1 Die eienskappe wat 'n onderwyser moet besit om 'n suksesvolle onderwyser te wees, soos deur hoofde, onderhoofde en assistente van skole aangedui

In tabel 7.5 word 'n rangorde van die 25 eienskappe wat 'n onderwyser moet besit om 'n suksesvolle onderwyser te wees, gegee. Die onderwyspersoneel is gevra om die tien belangrikste eienskappe in orde van belangrikheid te plaas en die tabel dui die plekwaardes van die eienskappe aan.

Beoordeel volgens die plekke wat die 25 eienskappe in rangorde inneem, is daar in groot mate ooreenstemming in die rangskikking van die eienskappe volgens belangrikheid. Met betrekking tot die 10 belangrikste eienskappe word die eienskap simpatie en takt deur die skoolhoofde eerste geplaas en is derhalwe volgens die hoofde die belangrikste eienskap wat 'n onderwyser moet besit om 'n goeie onderwyser te wees. Daarenteen plaas die onderhoofde en assistente as groep die eienskap vakkennis eerste, en is dit volgens hierdie groep personeel die belangrikste eienskap wat 'n onderwyser moet besit. Hierna volg tot en met die tiende plek volgens die hoofde die eienskappe vakkennis (tweede), dissipline (derde), intelligensie (vierde), godsdienstigheid (vyfde), volharding en ywer (sesde), standvastigheid en wilskrag (sewende), selfbeheersing (agste), humorsin (negende) en morele standaarde (tiende). Die onderhoofde en assistente as groep plaas vanaf die tweede tot die tiende plek in die rangorde die eienskappe soos volg: Simpatie en takt (tweede), dissipline (derde), volharding en ywer (vierde), standvastigheid en wilskrag (vyfde), godsdienstigheid (sesde), intelligensie (sewende), selfbeheersing (agste), humorsin (negende) en entoesiasme (tiende). Behalwe die eienskap

TABEL 7.5

EIENSKAPPE WAT 'N ONDERWYSER MOET BESIT OM 'N SUKSESVOLLE ONDERWYSER TE WEES, IN ORDE VAN BELANGRIKHEID DEUR HOOFDE, ONDERHOOFDE EN ASSISTENTE VAN SKOLE AANGEDUI

| Eienskappe volgens hoofde | Rangorde | Eienskappe volgens onderhoofde en assistente | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Die onderwyser moet: | | Die onderwyser moet: | |
| 'n Simpatieke en taktvolle persoon wees | 1 | 'n Kenner van sy vak wees | 1 |
| 'n Kenner van sy vak wees | 2 | 'n Simpatieke en taktvolle persoon wees | 2 |
| Dissipline kan handhaaf | 3 | Dissipline kan handhaaf | 3 |
| 'n Intelligente persoon wees | 4 | Volharding en ywer besit | 4 |
| Godsdienstig wees | 5 | Standvastigheid en wilskrag besit | 5 |
| Volharding en ywer besit | 6 | Godsdienstig wees | 6 |
| Standvastigheid en wilskrag besit | 7 | 'n Intelligente persoon wees | 7 |
| Selfbeheersend wees | 8 | Selfbeheersend wees | 8 |
| 'n Sin vir humor hê | 9 | 'n Sin vir humor hê | 9 |
| Morele standaarde handhaaf | 10 | Entoesiasties wees | 10 |
| Idealisties wees | 11 | Doeltreffende klaskamertegniek besit | 11 |
| Doeltreffende klaskamertegniek besit | 12 | Onbevooroordeeld wees | 12 |
| Entoesiasties wees | 13 | Idealisties wees | 13 |
| Onbevooroordeeld wees | 14 | Sosiaal aangepas wees | 14 |
| Sosiaal aangepas wees | 15 | Morele standaarde handhaaf | 15 |
| Kennis van Opvoedkundige Sielkunde besit | 16 | Ondernemingsgees besit | 16 |
| 'n Kulturele agtergrond besit | 17 | Kennis van Opvoedkundige Sielkunde besit | 17 |
| Ondernemingsgees besit | 18 | 'n Kulturele agtergrond besit | 18 |
| Kennis van die pedagogiek besit | 19 | Wakker van geaardheid wees | 19 |
| Wakker van geaardheid wees | 20 | Kennis van die pedagogiek besit | 20 |
| Wat sy algemene voorkoms betref, 'n goeie indruk maak | 21 | Wat sy algemene voorkoms betref, 'n goeie indruk maak | 21 |
| Goedhartig wees | 22 | Buiteskoolse belange hê | 22 |
| Buiteskoolse belange hê | 23 | Goedhartig wees | 23 |
| Konserwatief wees | 24 | Konserwatief wees | 24 |
| Ordelik en net wees | 25 | Ordelik en net wees | 25 |

Opmerking: 1. Die rangskikking van die 25 moontlike eienskappe is bepaal volgens die totale voorkeurorde.

2. Die syfer 1 dui die hoogste gradering aan.

morele standaarde wat alleenlik deur die hoofde en die eienskap entoesiasme wat alleenlik deur die onderhoofde en assistente aangedui is, en wel deur albei groepe personeel in die tiende plek aangedui, is die ander nege eienskappe vir die twee groepe personeel identies en verskil alleenlik ten opsigte van die plekke wat dit ten opsigte van die tien belangrikste eienskappe inneem.

7.5.2 Die eienskappe wat 'n onderwyser moet besit om 'n suksesvolle onderwyser te wees, soos deur hoofde, onderhoofde en dosente van inrigtings vir die opleiding van onderwysers aangedui

In tabel 7.6 word 'n rangorde van die 25 eienskappe wat 'n onderwyser moet besit om 'n suksesvolle onderwyser te wees, gegee. Die doserende personeel van inrigtings vir die opleiding van onderwysers is gevra om die tien belangrikste eienskappe in orde van belangrikheid te plaas, en die tabel dui die plekwaardes van die eienskappe aan.

Beoordeel volgens die plekke wat die 25 eienskappe in rangorde inneem, is daar in groot mate ooreenstemming in die rangskikking van die eienskappe volgens belangrikheid. Met betrekking tot die 10 belangrikste eienskappe word die eienskap vakkennis deur die hoofde sowel as die onderhoofde en dosente as groep, eerste geplaas wat impliseer dat dit die belangrikste eienskap is wat 'n onderwyser moet besit om 'n suksesvolle onderwyser te wees. Daarna volg in dalende orde ten opsigte van die hoofde asook die onderhoofde en dosente as groep, die eienskap intelligensie die tweede in die rangorde. Hierna volg die hoofde met die eienskappe entoesiasme (derde), dissipline (vierde), simpatie en takt (vyfde), idealisme (sesde), godsdienstigheid (sewende), sosiale aanpasbaarheid (agste), doeltreffende klaskamertegniek (negende) en humorsin (tiende) in die plekke drie tot tien. Die onderhoofde en dosente as groep dui die volgende aspekte vanaf die derde tot die tiende plek aan: simpatie en takt (derde) volharding en ywer (vierde), dissipline (vyfde), godsdienstigheid (sesde), kulturele agtergrond (sewende), humorsin (agste), standvastigheid en wilskrag (negende) en idealisme (tiende). Behalwe die drie eienskappe volharding en ywer, kulturele agtergrond en standvastigheid en wilskrag wat nie deur die hoofde, en die drie eienskappe entoesiasme, sosiale aanpasbaarheid en doeltreffende klaskamertegniek wat nie deur die onderhoofde en dosente onder die eerste tien plekke geplaas is nie, stem ander sewe eienskappe ooreen in sover dit onder die tien belangrikste eienskappe geplaas is.

## 7.6 SAMEVATTING

7.6.1 Daar is aangetoon dat die beroepstatus van die onderwyser 'n algemene geskilpunt is. In dié verband is verwys na 'n intensiewe ondersoek wat onderneem is deur die „World Confederation of Organisations of the Teaching Profession" en is punte van ooreenkoms in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aangetoon. Met verwysing na die erkenning van die onderwysberoep as 'n professie al dan nie is die beroepstruktuur vergelyk met kriteria opgestel vir 'n professie en is punte van ooreenkoms hier te lande aangetoon. Daar is aangetoon in hoeverre die onderwysberoep voldoen aan die professionele vereistes van intellektualisme, geleerdheid, praktiese doelstelling, oordraagbaarheid, organisasie en motivering.

7.6.2 Ten opsigte van die plasing van 'n aantal beroepe in 'n rangorde volgens beroepstatus is 'n hoë mate van ooreenkoms gevind tussen onderwys- en doserende personeel. Die beroepe van mediese dokter, predikant, ingenieur, argitek, skoolhoof en prokureur word met 'n mate van onderlinge wisseling almal in die eerste ses plekke geplaas. By die onderwys- sowel as doserende personeel word 'n aanmerklike verskil getoon in die rangskikking van hoërskoolonderwyser (8ste plek) teenoor laerskoolonderwyser (12de plek). Dit blyk dat die onderwys- en doserende personeel weinig beroepstatus aan die beroep skoolhoof en veral aan die beroepe hoërskoolonderwyser en laerskoolonderwyser gee.

7.6.3 Ten opsigte van die evaluering van die opleidingskursusse vir onderwysers volgens bekwaamheid en beroepstatus evalueer die onderwyspersoneel die vierjarige gekombineerde baccalaureusgraad/professionele onderwyserskollege- en driejarige spesialisasieprofessionele onderwyserskollegekursusse die hoogste wat bekwaamheid van die onderwyser betref. Die doserende personeel stel egter suiwer universitêre opleiding (veral meesters- en doktorsgrade) vir bekwaamheid as onderwyser bo die opleiding aan kolleges. Alle groepe is dit eens dat suiwer universitêre opleiding hoër beroepstatus verleen as die gekombineerde opleiding aan 'n universiteit en kollege of opleiding uitsluitlik aan 'n kollege. By albei groepe word die vierjarige

TABEL 7.6

EIENSKAPPE WAT 'N ONDERWYSER MOET BESIT OM 'N SUKSESVOLLE ONDERWYSER TE WEES, IN ORDE VAN BELANGRIKHEID DEUR HOOFDE, ONDERHOOFDE EN DOSENTE VAN INRIGTINGS VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS AANGEDUI

| Eienskappe volgens hoofde | Rangorde | Eienskappe volgens onderhoofde en dosente | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Die onderwyser moet: | | Die onderwyser moet: | |
| 'n Kenner van sy vak wees | 1 | 'n Kenner van sy vak wees | 1 |
| 'n Intelligente persoon wees | 2 | 'n Intelligente persoon wees | 2 |
| Entoesiasties wees | 3 | 'n Simpatieke en taktvolle persoon wees | 3 |
| Dissipline kan handhaaf | 4 | Volharding en ywer besit | 4 |
| 'n Simpatieke en taktvolle persoon wees | 5 | Dissipline kan handhaaf | 5 |
| Idealisties wees | 6 | Godsdienstig wees | 6 |
| Godsdienstig wees | 7 | 'n Kulturele agtergrond besit | 7 |
| Sosiaal aangepas wees | 8 | 'n Sin vir humor hê | 8 |
| Doeltreffende klaskamertegniek besit | 9 | Standvastigheid en wilskrag besit | 9 |
| 'n Sin vir humor hê | 10 | Idealisties wees | 10 |
| Standvastigheid en wilskrag besit | 11 | Selfbeheersend wees | 11 |
| Morele standaarde handhaaf | 12 | Entoesiasties wees | 12 |
| 'n Kulturele agtergrond besit | 13 | Doeltreffende klaskamertegniek besit | 13 |
| Selfbeheersend wees | 14 | Morele standaarde handhaaf | 14 |
| Kennis van die pedagogiek besit | 15 | Sosiaal aangepas wees | 15 |
| Kennis van die Opvoedkundige Sielkunde besit | 16 | Onbevooroordeeld wees | 16 |
| Volharding en ywer besit | 17 | Kennis van Opvoedkundige Sielkunde besit | 17 |
| Ondernemingsgees besit | 18 | Ondernemingsgees besit | 18 |
| Onbevooroordeeld wees | 19 | Kennis van die pedagogiek besit | 19 |
| Wat sy algemene voorkoms betref, 'n goeie indruk maak | 20 | Wakker van geaardheid wees | 20 |
| Wakker van geaardheid wees | 21 | Goedhartig wees | 21 |
| Konserwatief wees | 22 | Ordelik en net wees | 22 |
| Buiteskoolse belange hê | 23 | Wat sy algemene voorkoms betref, 'n goeie indruk maak | 23 |
| Ordelik en net wees | 24 | Buiteskoolse belange hê | 24 |
| Goedhartig wees | 25 | Konserwatief wees | 25 |

Opmerking: (1) Die rangskikking van die 25 moontlike eienskappe is bepaal volgens die totale voorkeurorde.

(2) Die syfer 1 dui die hoogste gradering soos bereken volgens die antwoorde aan.

gekombineerde baccalaureusgraad/professionele onderwyserskollegekursus verkies bo die baccalaureusgraad plus een jaar professionele universitêre opleiding vir bekwaamheid as onderwyser, terwyl daar 'n mate van verskil bestaan ten opsigte van die vierjarige baccalaureusgraad/een jaar tegniese kollege-opleiding (diploma) teenoor die vier jaar diploma-opleiding aan 'n tegniese kollege.

7.6.4 Wat die eienskappe vir die moontlike sukses as onderwyser betref, is gevind dat daar meer eenstemmigheid bestaan by die hoofde teenoor vise-hoofde en assistente aan skole as by hoofde teenoor vise-hoofde en dosente aan opleidingsinrigtings. Laasgenoemde groep het veral verskil ten opsigte van die toekenning van plekwaardes aan die eienskappe entoesiasme teenoor volharding en ywer asook kulturele agtergrond teenoor sosiale aanpassing.

LITERATUURLYS


1. Ackerman, W.I. „Teacher competence and pupil change". Harvard Educational Review. (24), Harvard University, Graduate school of Education.

2. Allen, E.A. „Professional training of teachers, a review of research". Educational Research. June, 1963.

3. Altenheim, M.R. „Guidance and Selection in a teacher education program". Journal of Educational Sociology. October, 1962.

4. American Association of School Administrators, Staff relations in school administration. 3rd Yearbook (1955).

5. Bierman, B.W. „Selective recruitment of prospective teachers". Illinois Education. May, 1962.

6. Brearly, H.C. „College classroom teaching-problems and procedures". Peabody Journal of Education. September, 1959.

7. Brown, G.I. „The beginning teacher and the beginning of discipline." Peabody Journal of Education. March, 1954.

8. Chickering, A.W. „Dimensions of independence". The Journal of Higher Education. January, 1964.

9. Cooper, R.M. „The college-teaching crisis." The Journal of Higher Education. January, 1964.

10. Davies, S.J. On the education of teachers, a brief survey of the problems of teacher training. Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee (1940)

11. Delaney, A.A. „When students rate their teacher". Peabody Journal of Education. January, 1960.

12. Durflinger, G.W. „Recruitment and selection of prospective elementary and secondary school teachers". Review of Educational Research. October, 1963.

13. Edwards, R. „Morale, mental health and teaching conditions". Peabody Journal of Education. July, 1963.

14. Fattu, N.A. „Research on teacher evaluation". The National Elementary Principal. November, 1963.

15. Ferguson, W.T. „Teacher training in England and Scotland". Education. July, 1964.

16. Ficht, Elsie D. „Preserving the teachers' mental health". Chicago Schools Journal. April, 1963.

17. Gordon, G.G. „Conditions of employment and service in elementary and secondary schools". Review of Educational Research. October, 1963.

18. Heikkinen, V. „Teacher training in retrospection, a preliminary report". Research Bulletin, Institute of Education University of Helsinki. (14), February, 1964.

19. Highet, G. The art of teaching. London, Methuen and Company, (1954).

20. Hove, Olav — An outline of Norwegian education. Oslo, (1958).

21. Hughes, J.M. — Education in America. New York, Harper and Row. (1962).

22. Hylla, E.J. and Kegel, F.O. — Education in Germany. Hochschule für Internationale Pädagogische Forschung (1958).

23. Ilo and Unesco — „World teacher shortage". Ilo News. March, 1964.

24. International Bureau of Education, Geneva Bulletin

(a) 1961, No. 138
(b) No. 139
(c) No. 140
(d) No. 141
(e) 1962, No. 142
(f) No. 143
(g) No. 144
(h) No. 145
(i) 1963, No. 146
(j) No. 147
(k) No. 148
(l) No. 149
(m) 1964, No. 150

25. Jantzen, J. M. — „An opinionaire on why college students choose to teach". Journal of Educational Research. October, 1963.

26. Katz, J. ed. — Canadian education today. Toronto, McGraw Hill Book Company of Canada Ltd., (1956)

27. Koskenniemi, M. and Lightonen, E. — „One's own teacher and the choice of the teaching profession." Research Bulletin, Institute of Education, University of Helsinki. No. 9, September, 1960.

28. Lambrechts, H.A. — „Die status van die onderwyser". Die Unie. 1, Augustus, 1964.

29. Langeveld, M.J. — „Some questions on the in-service-training of teachers". International Review of Education (8), 1962.

30. Levin, D. — Soviet education today. London, Staples Press, (1959).

31. Lighton, R.E. — „Die bydrae van die beroepstatus van die onderwyser en die onderwysprofessie tot opvoedende onderwys in die Republiek van Suid-Afrika". Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys. (20), Maart 1964.

32. Lowe, R.N. — „Parent-teacher education and child development". Education, September, 1960.

33. Mallery, D. — High school students speak out. Harper and Row, (1962)

34. McAvly, J.D. — „Why a teacher?" Peabody Journal of Education. January, 1959.

35. McBeth, B. — „Teacher aids in summer schools". Illinois Education. May, 1962.

36. McDonnel et al. — Review of education in Australia. 1948-54, Australian Council for Educational Research, (1956).

37. Metropolitan School Study Council: The school staff. (1952)

38. Gt. Britain, Ministry of Education. A guide to the educational system of England and Wales. His Majesty's Stationary Office, (1945).

39. National Citizens Commission How can we get enough good teachers?. New York, (1954).

40. National Education Association of the United States, N.E.A. Journal,
(a) April, 1961
(b) March, 1962

41. Nelson, H. and Thompson, M.L. „Why teachers quit?" The Education Digest. September, 1963.

42. Potgieter, G.J. „Die status van die onderwysprofessie en hoe elkeen kan bydra tot die verbetering daarvan". Onderwysblad. Transvaalse Onderwysersvereniging, Maart, 1964.

43. Reinhardt, E. American education, an introduction. New York, Harper and Brothers, 1954.

44. Scheer, W.E. „Is personnel management a profession?" Personnel Journal. May, 1964.

45. Schonell, F.J., Roe E. and Meddleton, I.G. Promise and performance. University of Queensland Press and University of London Press, (1962)

46. Snijders, J. Th. Jeugd, school en beroep, 3de druk, Haarlem, Uitgeverij de Toorts.

47. Stapley, M.E. „A study of teacher effectiveness". Teachers College Journal. December, 1958.

48. Steyn, G.H.A. en Kotzee, A.L. „Die opleiding van onderwysers in Transvaal". Onderwys Bulletin. Transvaalse Onderwysdepartement, 4(4), Desember, 1961.

49. Swanepoel, F. en de Villiers, J.F. van K. Beroepe vir die Suid-Afrikaanse jeug, 'n alfabetiese gids. Kaapstad, Nasionale Handelsdrukkery, (1960)

50. Tyler, Louise, L. „Is teaching a profession?" The Educational Forum. May, 1964.

51. Ulich, R. Crisis and hope in American education. Boston, The Beacon Press, (1951).

52. United States Department of Health, Education and Welfare. Education in France. (1963)

53. United States Department of Health, Education and Welfare. Education in the U.S.S.R. Reprint May, (1960).

54. United States Department of Health, Education and Welfare. Information on education around the world. Federal Republic of Germany, November (1959)

55. United States Department of Health, Education and Welfare. Teacher Education in the Netherlands, Belgium, Luxemburg.

56. Vaizey, J. The control of education. London, Faber and Faber, (1963)

57. Van Wyk, A.H. du P. „Die doelstelling met onderwysopleiding en die beliggaming daarvan in spesifieke opleidings-programme". Onderwys Bulletin. Transvaalse Onderwysdepartement, 1(7), Maart 1962.

58. Veness, T. School leavers. London, Methuen and Company, (1962)

59. Venter, A. J. Die gesinsituasie as beroepsoriënteringsituasie. Opvoedkundige Studies Nr. 39, Pretoria, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria (1963).

60. Wellbank, H. L. „Why teach?" Journal of Educational Research. September, 1954.

61. World Confederation of Organizations of the Teaching Profession. Status of the teaching profession. Washington, November, 1955.

62. World Education Series. Report of a Scandinavian study tour, (1959).

63. World Education Series. The Netherlands. (1961)

VERSLAE

64. Gt. Britain, Ministry of Education. Central Advisory Council for Education. Report 1, (15-18), London, 1959.

65. New Zealand, Department of Education. Consultative Commission. Recruitment, education and training of teachers. 1951.

66. Gt. Britain. Ministry of Education and Statistics for England and Wales. Education in 1960. 1961.

67. Gt. Britain. Ministry of Education for England and Wales. Education in 1961. 1962.

68. Scotland, Secretary of State for Scotland. Education in Scotland, 1960, 1961.

69. Scotland. Special Committee of the Advisory Council. Education in Scotland, February, 1959.

70. S.A. Komitee oor onderwysprofessie. Eerste Verslag, 1951, Tweede Verslag, 1952.

[illegible] no. 31094
Copy no 42.056

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

V&R Drukkers (Edms.) Bpk., Paul Krugerstraat, Pretoria.